AFRILEX -reeks series 3:1993

LEXIKOS 3

BURO VAN DIE WAT

AFRILEX

Lexikos 3

Redakteur

Editor

P. Harteveld

AFRILEX-REEKS 3:1993

AFRILEX SERIES 3:1993

BURO VAN DIE WAT

STELLENBOSCH

Inhoud / Contents

Voorwoord

Die bydraes in hierdie derde uitgawe van *Lexikos* in die AFRILEX-reeks toon dat die Buro van die WAT daarin slaag om die leksikografiese gesprek oor 'n steeds wyer geografiese en tematologiese terrein te laat plaasvind. Dit is ver-blydend.

Daar is byvoorbeeld bydraes uit vyf lande buite Suid-Afrika, naamlik Engeland, Frankryk, Ghana, Nederland en die Verenigde State van Amerika.

Indien die tale van die geresenseerde woordeboeke in berekening gebring word, toon die bydraes selfs 'n groter verskeidenheid as vantevore van tale wat as leksikografiese navorsingsonderwerpe dien. Benewens Afrikaans en Engels kom die Afrikatale Gur, Kisi, Tswana en Zoeloe asook die Europese taal Nederlands onder die loep.

Verder is daar tans bykans 'n volkome balans tussen die aantal bydraes in Afrikaans en in Engels. Vir die eerste keer plaas ons 'n artikel in 'n ander taal, naamlik Nederlands.

Die onderwerpe van bespreking toon ook 'n groot verskeidenheid: van tradisionele leksikografie tot rekenaarleksikografie; van 'n onderhoud in die tradisie van die Sokratiese gesprek tot die hantering van rassismes in woorde-boeke.

Ter wille van die vindbaarheid word die artikels en die resensie-artikels nou, anders as voorheen, onder aparte hoofde in die inhoudsopgawe gegee. Ook verskyn ons eerste rubriek vir die aankondiging van publikasies (boeke en rekenaarprogramme) in hierdie aflewering.

Al hierdie vernuwings sou nie moontlik gewees het sonder die goeie internasionale samewerking wat ons van outeurs, keurders, woordeboekinstel-lings en uitgewers geniet het nie. Ons is opreg dankbaar daarvoor.

Die Buro van die WAT streef na nog groter internasionale samewerking en nog wyer en beter dekking van leksikografiese temas. Daar word na sy mening veels te min aandag by kongresse en in vaktydskrifte gegee aan daar-die baie belangrike onderwerpe wat aan die basis van enige leksikografiese projek moet staan, naamlik beplanning en bestuur. Bydraes hieroor word dringend gevra.

Met die verskeidenheid wat hy aanbied, is *Lexikos* nou 'n volwaardige vakjoernaal. Dit is ons voorneme om jaarliks aan die begin van September 'n uitgawe te laat verskyn.

Ek wil mnr. D.C. Hauptfleisch, afgetrede Hoofredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)*, bedank vir die deeglike werk wat hy as resensieredakteur van *Lexikos* verrig het.

Ten slotte, soos in die verlede, 'n opregte woord van dank aan Hanlie Meitzler en Hermien van der Westhuizen van die afdeling Redaksionele Steundienste in die Buro van die WAT vir hulle onmisbare en toegewyde hulp met die administrasie, redigering, elektroniese setwerk en proeflees van hierdie publikasie.

P. Harteveld

Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

Foreword

The contributions in this, the third, issue of *Lexikos* in the AFRILEX Series show that the Bureau of the WAT is succeeding in its endeavour to further lexicographic discussion over an increasingly wider geographic and thematic terrain. This is gratifying.

For example, there are contributions from five countries outside South Africa, namely England, France, Ghana, the Netherlands and the United States of America.

If the languages of the reviewed dictionaries are taken into account, the contributions show an even larger variety than before of languages which serve as subjects of lexicographical research. In addition to Afrikaans and English, the African languages Gur, Kisi, Tswana and Zulu as well as the European language Dutch come under scrutiny.

Furthermore, currently there is a nearly total balance between the number of articles written in Afrikaans and English. For the first time we publish an article in another language, namely Dutch.

The subjects of discussion also show a large range: from traditional lexicography to computer lexicography; from an interview in the tradition of the Socratic discourse to the handling of racisms in dictionaries.

With a view to readily locating the articles and the review articles, they are now, unlike in the past, given under separate headings in the table of contents. Also, our first section for the announcement of publications (books and computer programs) appears in this number.

All of these innovations would not have been possible without the excellent international cooperation we have enjoyed from our authors, judges of articles, dictionary institutions and publishers. We are sincerely grateful for this.

The Bureau of the WAT is striving after still greater international cooperation and a still wider and better coverage of lexicographic themes. In our opinion still too little attention is given at conferences and in research journals to those very important subjects which should form the basis of any lexicographic project, namely planning and management. Contributions on these subjects are urgently requested.

With the variety it offers, *Lexikos* is now a fully-fledged research journal. The intention is to bring out one number annually at the beginning of September.

I wish to thank Mr D.C. Hauptfleisch, former Editor-in-Chief of the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)*, for the thorough work he has done as review editor of *Lexikos*.

In conclusion, as in the past, a special word of thanks to Hanlie Meitzler and Hermien van der Westhuizen of the division Editorial Support Services in the Bureau of the WAT for their indispensable and dedicated support regarding the administration, editing, electronic typesetting and proofreading of this publication.

P. Harteveld

Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal

Aspekte van sintaktiese inligting in verklarende Afrikaanse woordeboeke

W.F. Botha, *Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal,*
Stellenbosch, Suid-Afrika

Abstract: Aspects of syntactic information in descriptive Afrikaans dictionaries. Syntactic information is not presented in a consistent manner in the articles of lexical and multilexical lemmas in descriptive Afrikaans dictionaries. New terminology and information resulting from linguistic research are seldom portrayed. Three slots for syntactic information in the article of a lemma are suggested: a slot for a lexical item classification, a slot for information on the typical syntactic behaviour of a lemma and a third slot for usage examples in which explicit information on non-typical syntactic behaviour is provided. Ways are suggested for the presentation of syntactic information in the articles of multilexical lemmas. Practical proposals are made for the reflection of new terminology and information resulting from linguistic research.

Keywords: ADJUNCT, FIXED EXPRESSIONS, LEXICAL ITEM CLASSIFICATION, LOAN-WORD PHRASES, MULTILEXICAL LEMMAS, NON-TYPICAL SYNTACTIC BEHAVIOUR, PREPOSITIONAL PHRASES, SYNTACTIC INFORMATION, TYPICAL SYNTACTIC BEHAVIOUR

Opsomming: Sintaktiese inligting in verklarende Afrikaanse woordeboeke word nie op konsekwente wyse by leksikale en multileksikale lemmas aangebied nie en nuwe terminologie en inligting uit die teoretiese taalkunde word selde weerspieël. Drie gleuwe vir sintaktiese inligting in die artikel van 'n lemma word voorgestel: 'n gleuf vir 'n leksikale-itemklassifikasie, 'n gleuf vir inligting omtrent die tipiese sintaktiese optrede van 'n lemma en 'n derde gleuf vir voorbeeldmateriaal waarin ook eksplisiete inligting omtrent atipiese sintaktiese optrede verskaf word. Voorstelle word gemaak vir die aangawe van sintaktiese inligting in die artikels van multileksikale lemmas. Daar word ook gekyk na praktiese oplossings vir die weerspieëling van nuwe inligting en terminologie uit die teoretiese taalkunde.

Sleutelwoorde: ADJUNK, ATIPIESE SINTAKTIESE OPTREDE, GROEPSETSELS, LEENWOORDGROEPE, LEKSIKALE-ITEMKLASSIFIKASIE, MULTILEKSIKALE LEMMAS, SINTAKTIESE INLIGTING, TIPIESE SINTAKTIESE OPTREDE, UITDRUKKINGS

1.   Inleidend

Verklarende woordeboeke behoort die leksikon op só 'n wyse aan te bied dat al die verskillende inligtingstipes tot hul reg kom. Alhoewel die semantiese altyd die komponent sal wees waaraan die meeste aandag bestee word, behoort die sintaktiese komponent nou daarmee geïntegreer te wees. Zgusta (1971: 265) beklemtoon dat sintaktiese inligting 'n wesenlike deel van 'n woordeboek moet wees en nie hanteer moet word asof dit 'n soort nagedagte is nie.

Tussen die semantiese en die sintaktiese komponent bestaan daar 'n noue verband omdat leksikale items nie in isolasie funksioneer nie, maar in sinsverband. Die gebruiker moet derhalwe van voldoende sintaktiese inligting voorsien word om self die item in sinsverband te kan gebruik. Gouws (1989: 229) wys daarop dat tipiese asook problematiese aspekte van die lemma se optrede in sinsverband toegelig moet word.

In hierdie artikel word voorstelle gemaak rondom die eksplisiete en implisiete aanbieding van sintaktiese inligting by **leksikale** en **multileksikale lemmas** in verklarende Afrikaanse woordeboeke. Die artikel is gerig op 'n praktiese oplossing en is nie in die eerste plek op die teorie ingestel nie.

2.   Gleuwe vir verskillende tipes sintaktiese inligting

Dit sou nadelig vir die gebruiksvriendelikheid van 'n woordeboekartikel wees indien verskillende tipes sintaktiese inligting gesamentlik in 'n bepaalde gleuf verskaf word. Anders as bv. morfologiese inligting is sintaktiese inligting van 'n geskakeerde aard en kan dit in die artikel versprei word. Hieronder volg 'n uiteensetting vir die aanbieding van sintaktiese inligting in drie verskillende gleuwe. In die eerste gleuf word 'n **leksikale-itemklassifikasie** verskaf, bv. werkwoord, groepsetsel of uitdrukking. Die tweede gleuf bevat inligting omtrent die **tipiese sintaktiese optrede** van 'n lemma, bv. die vaste voorsetselverbinding van sekere werkwoorde (*voorsien van*). In die derde gleuf word **voorbeeldmateriaal** aangebied en met behulp van subgleuwe word ook bykomende inligting omtrent **problematiese of atipiese sintaktiese optrede** verskaf.

Omdat die gleuf vir 'n leksikale-itemklassifikasie die mees problematiese is, word veral dáárop gekonsentreer. Die gleuwe vir tipiese en atipiese sintaktiese inligting is relatief probleemloos en daarom word volstaan met enkele voorbeelde.

2.1   Leksikale-itemklassifikasie

Lemmas word in verklarende Afrikaanse woordeboeke tradisioneel van 'n woordsoortklassifikasie voorsien. Dit volg gewoonlik onmiddellik ná die lemmagleuf. Die vernaamste kritiek teen die heersende praktyk is dat slegs

leksikale lemmas so 'n klassifikasie kan ontvang en dat van verouderde klassi-fikasieterme gebruik gemaak word (Gouws 1989: 213). Wat hier volg, is 'n poging om na aanleiding van hierdie en ander kritiek 'n beter leksikografiese praktyk rondom die klassifisering van leksikale items daar te stel.

2.1.1   Leksikale lemmas

Drie klassifikasieterme word vervolgens bespreek, nl. dié van werkwoord, by-voeglike naamwoord en bywoord.

Die klassifikasie van werkwoorde

Woordeboeke volstaan gewoonlik met 'n primêre klassifikasie van leksikale items as werkwoorde:

> **lyk** ww. ... (Nasionale Woordeboek (hierna NW))

Teoretici (Gouws 1989: 223, Otto 1989: 80 e.v.) is ten gunste van die verfyning van woordsoortaanduiding· deur middel van 'n sekondêre klassifikasie. Ponelis (1979: 187) onderskei twee hoofklasse werkwoorde: hoofwerkwoorde en medewerkwoorde. Die hoofwerkwoorde sluit oorganklike, onoorganklike, koppel-, voorsetsel-, wederkerende en deeltjiewerkwoorde in. Medewerk-woorde word verdeel in die subkategorieë hulpwerkwoorde en skakelwerk-woorde.

Kom en *laat* soos gebruik in die verbindings *kom kuier* en *laat hoor* is voor-beelde van skakelwerkwoorde. NW en die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (hierna WAT) maak wel in hul artikels van *kom* gebruik van 'n sekondêre klassifikasie. Beide gee 'n primêre klassifikasie as werkwoord en verstrek dan by 'n bepaalde betekenisonderskeiding 'n sekondêre klassifisering:

> **kom.** I w. ...
> **2.** (*as hulpw.*) ... (WAT)

> **kom** II ww. ...
> **8.** as hulpww. van aspek ... (NW)

Deur *kom* as hulpwerkwoord te klassifiseer in 'n bepaalde betekenisonderskei-ding, word te kenne gegee dat dit ook as 'n nieselfstandige werkwoord kan op-tree. Alhoewel die klassifisering nie aansluit by die heersende taalkundige terminologie nie, word die gebruiker wel van inligting voorsien omtrent die nieselfstandige optrede van *kom.*

NW maak geen werklike sekondêre klassifikasie in die geval van *laat* nie, maar volg tog 'n sekere prosedure ter aanduiding van 'n onderskeidende optre-de van die woord in 'n sekere betekenisonderskeiding:

laat. I ww. ...
　　6. veroorsaak, doen, maak dat iets gebeur. *Iem. laat weet, haal, roep.*
　　Opmerking: Daar is 'n algehele teenstelling tussen betekenis 6 en die
　　voorafgaande betekenisse.   (NW)

NW gaan hier op 'n totaal inkonsekwente wyse te werk in die beskrywing van
kom en *laat*, aangesien *kom* wel van 'n subklassifikasie voorsien word, maar
daar net op 'n vae wyse d.m.v. 'n opmerking gewys word op die nieselfstandi-
ge optrede van *laat*. Soos vervolgens getoon sal word, kan die gebruik van 'n
opmerking egter wel verhelderend wees.

Dit lyk nie asof die terme medewerkwoord, skakelwerkwoord of deeltjie-
werkwoord al in so 'n mate tot die omgangstaal deurgedring het dat aanvaar
kan word dat dit aan die meeste woordeboekgebruikers bekend is nie. Nie een
van Suid-Afrika se onderwysdepartemente maak bv. voorsiening vir dié terme
in hul Afrikaans-leerplanne nie.

Die woordeboekmaker is dus huiwerig om die nuwe terme te gebruik.
Dit blyk opnuut uit die feit dat die 1993-uitgawe van die Verklarende Afrikaan-
se Woordeboek (hierna VAW) geen vernuwing t.o.v. woordsoortterminologie
bevat nie. Dit is 'n jammerte, want dit is by uitstek die **handwoordeboeke** wat
die weg moet baan vir vernuwing. Handwoordeboeke word elke 5 tot 10 jaar
hersien, wat 'n uitstekende geleentheid vir vernuwing in terminologie bied. 'n
Omvattende woordeboek soos die WAT is nie in dieselfde posisie nie aange-
sien daar ter wille van kontinuïteit deurlopend van dieselfde terminologie
gebruik gemaak moet word.

Die feit dat die 1991-uitgawe van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls
die terme deeltjiewerkwoord, medewerkwoord en skakelwerkwoord in die lys
van terme insluit wat in die toeligting verklaar word, kan lei tot 'n breër
bekendstelling daarvan.

Dit lê nie op die weg van die leksikograaf om terminologie te skep of
bestaande terminologie te beoordeel nie — hy moet hom egter van terminolo-
gie bedien wat die stand van die taalkunde weerspieël terwyl hy tegelykertyd
ook die woordeboekgebruikers se bekendheid met die terminologie in ag moet
neem. Dit is derhalwe te betwyfel of dit tans wys is om op blatante wyse 'n
sekondêre klassifikasie volgens die jongste terminologie te verskaf.   Die
belange van die woordeboekgebruiker sal waarskynlik beter gedien word deur
'n primêre klassifikasie aangevul deur 'n **opmerking** waarin 'n sekondêre klas-
sifikasie verstrek word:

³**laat** ww. ...
　　OPM. *Laat* behoort tot die hoofgroep werkwoorde bekend as mede-
　　werkwoorde. Medewerkwoorde word verdeel in die subkategorieë
　　hulpwerkwoorde en skakelwerkwoorde. *Laat* is 'n skakelwerkwoord.

Die klassifikasie van byvoeglike naamwoorde

Sommige woordeboeke (bv. NW) klassifiseer leksikale items wat as **naam-woordelike** sowel as **bywoordelike bepalings** optree as byvoeglike naam-woorde, bv. *mooi, vinnig, skelm*. Ander (WAT, HAT, VAW) klassifiseer hierdie items as byvoeglike naamwoorde én bywoorde:

> **krom.** I b.n. en bw., krommer, kromste. (WAT)
> **mooi²,** (b, bw), (-e); -er, -ste. (VAW)
> **vinnig,** b.nw. en bw.   (HAT)

Skerp kritiek is reeds uitgespreek teen die klassifikasie van leksikale items as "b.nw. en bw." (Redaksie, Buro van die WAT 1989: 43-44). Daar is geredeneer dat verwarring geskep word tussen woordsoortkategorieë en meerfunksionali-teit deurdat "b.nw. en bw." die indruk skep van twee woordsoortelike katego-rieë, terwyl hier eintlik sprake is van meerfunksionaliteit.

In die geval van die WAT is die verwarring volkome deurdat die aanloop "byw. gebruik" verwys na die meerfunksionele optrede van 'n leksikale item. Voorbeelde hiervan kom in die artikel van die lemma KRING binne die selfstan-digenaamwoordkategorie voor:

> **kring¹.** I s. ... **1. a.** ... I/d iteratiefvorm, byw. gebruik: *Die maan op die water is in tallose visskoffies van silwer verbreek, om langsaam kring-kring 'n drywende boog te herbou.*
> **b. i.** ... I/d mv. sonder die voors. *in*, byw. gebruik: *Die roofvoël draai kringe oor die swart tentlatte van die kakebeenwa.*

Hierbenewens word daar ook in die WAT aangedui dat 'n item slégs byvoeglik optree deur dit as "b.n." te klassifiseer:

> **kortwerkend.** b.n. ... *'n Kortwerkende verdowingsmiddel.*

'n Bepaalde lemma kan ook in sekere betekenisonderskeidings slegs as b.nw. en in ander slegs as bw. optree:

> **kortliks.** I bw. ...
> II b.n.   (WAT)

Dit wil dus voorkom asof daar tog ruimte bestaan vir 'n klassifikasie ter aan-duiding daarvan dat sommige byvoeglike naamwoorde as bywoordelike bepa-lings optree en ander nie. Die klassifikasie moet egter geen ruimte laat vir **verwarring** tussen **woordsoortkategorie** en **meerfunksionaliteit** nie.

Die term *adjunk* (Ponelis 1979: 289, e.v.) is baie wyd en verwys na een van die hoofkomponente in 'n stuk of sin. Dit sluit o.a. byvoeglike naamwoorde

(gradeerbare adjunk in 'n naamwoord- of werkwoordstuk), bywoorde (niegra-
deerbare adjunk in 'n werkwoordstuk) en groepvoorsetsels (adjunk in 'n naam-
woordstuk) in. Dit is derhalwe te wyd om as term te gebruik vir die bywoor-
delike optrede van 'n byvoeglike naamwoord soos reeds voorgestel is (Redak-
sie, Buro van die WAT 1989: 43).

'n Moontlike oplossing sou wees om *byvoeglike naamwoord* te gebruik waar
'n item slegs as naamwoordelike bepaling optree asook waar 'n item as naam-
woordelike én bywoordelike bepaling optree. In laasgenoemde geval kan die
bywoordelike optrede egter soos in alle gevalle van meerfunksionaliteit uitge-
lig word deur middel van 'n aanloop:

> **mooi** b.nw.; mooier, mooiste.
> 1 Aangenaam vir die sintuie: *Die mooi meisie laat die manne se koppe
> draai.*
> ▪ Ook bywoordelik: *Die virtuoos speel só mooi viool dat selfs die honde
> luister.*
> ▪ Ook soms selfstandig: *Die mooi van die lewe. Die goeie is beter as die
> mooie.*

Die voorgestelde hantering stel die leksikograaf in staat om voorbeeldmateriaal
volgens die funksionele optrede van die betrokke leksikale item te verdeel.
Sodoende word waardevolle inligting omtrent die sintaktiese optrede van die
lemma aan die gebruiker verskaf.

Die klassifikasie van bywoorde

Die kategorie *bywoord* word deur verklarende Afrikaanse woordeboeke
gebruik ten opsigte van niegradeerbare bywoordelike bepalings:

> **amper** bw. ...   (NW)
> **dikwels** bw. ...   (NW)
> **liefs** bw. ...   (NW)
> **blindweg** bw. ...   (NW)

Die VAW verskaf slegs 'n woordsoortaanduiding by homonieme wat ten
opsigte van woordsoortelikheid verskil:

> **nou¹**, (s)
> **nou²**, (b)
> **nou³**, (bw)

wat meebring dat bywoorde soos *amper* en *dikwels* geen woordsoortaanduiding
ontvang nie en die gebruiker meestal in die duister gelaat word ten opsigte van
die woordsoortelikheid van lemmas.

Die hantering van die meerfunksionele optrede van bywoorde in verkla-rende Afrikaanse woordeboeke is nie altyd bevredigend nie (vgl. die behande-ling in die HAT van *amper* en *dikwels*). Indien daar sprake is van meerfunksio-naliteit sonder gepaardgaande betekenisverskil kan die hanteringswyse wat hierbo voorgestel is, gevolg word:

> **landinwaarts** bw. In die land in of na die binneland toe: *Hy sien dat dui-sende seevoëls landinwaarts vlieg. Kleiner skepe kan taamlik ver landin-waarts vaar op die rivier.*
> ▪ Ook byvoeglik: *In die landinwaartse distrikte het ander bouvorms vir plaashuise ontwikkel.*

> **dikwels** bw. ...
> ▪ Ook soms byvoeglik: *Die dikwelse gebruik van vlooipoeier word aanbe-veel.*

Indien die meerfunksionaliteit van 'n leksikale item gepaard gaan met beteke-nisverskil behoort verskillende woordsoortkategorieë gemaak te word:

> **lekker** I b.nw., lekkerder, lekkerste.
> 1 Wat genot verskaf: *'n Lekker naweek, partytjie, vakansie.*
> ▪ Ook bywoordelik: *Lekker eet, drink, ontspan.*
> 2 ...
> II bw. Baie erg of in 'n hoë mate: *Jy's darem lekker laf! Lekker moeg, dors, siek, bang wees. Ek het lekker geskrik toe ek hom sien.*
> III tw. ...

Die bywoord-karakter van *lekker* in bet. II blyk onder meer daaruit dat dit nie gradeerbaar is nie. In die bywoordelike gebruik van die byvoeglike naam-woord in bet. I is *lekker* egter wel gradeerbaar.

2.1.2 Multileksikale lemmas

Omdat multileksikale leksikonitems selde gelemmatiseer word en meestal as mikrostruktuurelemente opgeneem word, is daar nie eintlik sprake van 'n lek-sikale-itemklassifikasie nie. NW neem bv. die uitdrukkings *met wortel en tak uitroei, van die hak op die tak spring, hoog in die takke wees* en *die takke insit* onder die eerste betekenisonderskeiding van die leksikale lemma **tak** op. HAT en WAT neem uitdrukkings in 'n rubriek in die artikel van 'n leksikale lemma op.

Alle multileksikale leksikonitems behoort as multileksikale lemmas opge-neem te word en van 'n leksikale-itemklassifikasie voorsien te word in die gleuf wat daarvoor gereserveer word.

In die metaleksikografie is reeds wyses aangedui waarop meerwoordige leksikale items gelemmatiseer kan word (vgl. Gouws 1990 en Botha 1991). 'n

Metode van gemerkte lemmatisering waarvolgens multileksikale lemmas volgens bepaalde kernkomponente (wat lidwoorde, voorsetsels en voornaam- woorde uitsluit) gealfabetiseer word, word deur hulle voorgestel. Die voorstel is ten opsigte van uitdrukkings gemaak maar dit sou ook na ander meerwoor- dige leksikale items uitgebrei kon word. 'n Kernkomponent word as soek- woord of trefwoord gekies. Die soekwoord, gevolg deur 'n dubbelpunt, word vooraan die meerwoordige item geplaas en die geheel as lemma opgeneem. Hiervolgens sou die groepsetsel *met behulp van* soos volg gelemmatiseer kon word:

behulp: met behulp van

Die toekenning van leksikale-itemklassifikasies aan drie tipes multileksikale lemmas, t.w. uitdrukkings, groepsetsels en leenwoordgroepe word vervolgens bespreek.

Uitdrukkings

Uitdrukkings kan nie in terme van die tradisionele woordsoortklassifikasies benoem word nie, omdat hulle nie oor die vereiste sintaktiese of morfologiese eienskappe beskik nie. Uitdrukkings sou bloot op grond van hul vorm as sin- taktiese konstruksies benoem kon word. Ponelis (1979: 5 e.v.) gebruik terme soos **naamwoordstuk, adjektiefstuk, setselgroep** en **sin** wat ook op uitdruk- kings van toepassing gemaak sou kon word:

lyf en goed naamwoorstuk
lam in die knieë adjektiefstuk
tot oorlopens toe setselgroep
sy lampie is uit sin

'n Uitdrukking is 'n naamwoordstuk, adjektiefstuk, setselgroep of sin wat tot 'n betekeniseenheid ontwikkel het en dit is onderworpe aan sekere semantiese, morfologiese en sintaktiese beperkings. Dit is derhalwe geen gewone sin of stuk of groep nie en die gebruiker gaan waarskynlik meer nut daarvan hê as dit bloot as **uitdrukking** geklassifiseer word.

'n Sekondêre klassifikasie van uitdrukkings kan egter gemaak word. Daar is woordgroepvakterme soos *laminêre vloei* en *figuratiewe kuns* en ook woord- groepe met 'n mindere mate van vakkundige betekenis soos *van die lug haal* en *die feite van die lewe* wat ook as uitdrukkings kan kwalifiseer. Ons sou hierdie uitdrukkings **gespesialiseerde uitdrukkings** kon noem en die ander uitdruk- kings **idiomatiese uitdrukkings**:

lawaaiwa: op die lawaaiwa klim idiomatiese uitdr.
lol: iemand 'n lol aandraai idiomatiese uitdr.

laminêre: laminêre vloei gespesialiseerde uitdr.
feite: die feite van die lewe gespesialiseerde uitdr.

Groepsetsels

'n Groepsetsel, ook 'n groepvoorsetsel genoem, het betekeniseenheid, tree as geheel as setsel op, vervul dieselfde funksie as 'n simplekse voorsetsel en is ook dikwels vervangbaar daardeur: *ten tyde van* (tydens), *met behulp van* (met).

Groepsetsels is nie 'n homogene groep nie, aangesien sommige semanties volkome deursigtig is soos *in antwoord op, in samewerking met* en ander nie, soos *ten spyte van, ten behoewe van.* Die ondeursigtige groepsetsels sou ook as uitdrukkings geklassifiseer kon word en Ponelis (1989: 49) gebruik dan ook die term *setseluitdrukkings.*

Die term *groepsetsel* kan verwarrend wees aangesien sirkumposisiesetsels soos *tot ... toe* in *tot nou toe, deur ... heen* in *deur die jare heen* ook as groepsetsels beskryf sou kon word. Die term *groepvoorsetsel* (Ponelis 1979: 173) is minder bekend, maar ook minder verwarrend aangesien dit soos die ander setselbenamings verwys na die plasing daarvan t.o.v. die aanvulling: voorsetsel, agtersetsel en sirkumposisiesetsel. Beide terme is waarskynlik aan die gemiddelde woordeboekgebruiker onbekend, maar omdat die term *voorsetsel* geen bekendstelling nodig het nie behoort woordeboekgebruikers nie probleme te hê met *groepvoorsetsel* as leksikale-itemklassifikasie nie:

spyte: ten spyte van groepvoorsetsel
gevolg: as gevolg van groepvoorsetsel

Leenwoordgroepe

'n Leenwoordgroep is 'n woordgroep wat aan 'n vreemde taal ontleen is en as 'n betekeniseenheid optree soos *bona fide, laissez faire, sotto voce.* Aangesien leenwoordgroepe in so 'n mate vir die gebruiker 'n eenheid vorm dat hy nie in staat is tot woordsoort- of kernkomponentonderskeiding nie, behoort dit ongemerk alfabeties, volgens die beginwoord, gelemmatiseer te word. Leenwoordgroepe word in verklarende Afrikaanse woordeboeke as multileksikale lemmas opgeneem, maar word selde van 'n leksikale-itemklassifikasie voorsien:

in camera. (*L.*) ...   (HAT)
comme ci comme ça (*F.*) ...(WAT)

Die NW het verskillende hanteringswyses t.o.v. leenwoordgroepe en in sommige gevalle word 'n woordsoortklassifikasie verskaf:

lingua franca It. s.nw.
bona fides L. s.nw.

> carte blanche F. s.nw.
> conditio sine qua non L.:
> de novo L.:
> curator ad litem L.

In bogenoemde gevalle kan geredeneer word dat die sintaktiese optrede van die leenwoordgroepe telkens gelyk is aan dié van 'n leksikale lemma. Die eenheidskarakter van *lingua franca* word bv. ook daardeur geïllustreer dat dit benewens die Latynse meervoud *linguae francae* ook 'n eiesoortige Afrikaanse meervoud het sonder die Latynse kongruensie van s.nw. en b.nw., nl. *lingua francas*. Die leenwoordgroep *lingua franca* se semantiese, morfologiese en sintaktiese optrede is dus dié van 'n eenheid en wel dié van 'n selfstandige naamwoord. Die hantering van *lingua franca* behoort in ooreenstemming met dié van ander selfstandige naamwoorde te wees:

> **lingua franca** s.nw., lingua francas *of soms* linguae francae. (It.)

Alhoewel die Latynse leenwoordgroep *bona fides* 'n kongruente vroulike enkelvoudverbinding van b.nw. en s.nw. is, word dit in Afrikaans, waarskynlik na analogie van ander meervoudsuitgange op -s, as 'n meervoudsvorm gebruik met die betekenis van "goeie of opregte bedoelings". Sintakties, semanties en morfologies is dit 'n eenheid wat optree soos 'n selfstandige naamwoord.

Dit wil dus voorkom asof leenwoordgroepe 'n sterk woordkarakter het en in terme van die tradisionele woordsoortklassifikasies benoem kan word. Woordsoortaanduiding sal van groot nut wees omdat dit tesame met voorbeeldmateriaal die gebruiker in staat sal stel om die leenwoordgroep korrek te gebruik.

Verklarende Afrikaanse woordeboeke behoort hulle daarop toe te spits om op konsekwente wyse die gleuf vir leksikale-itemklassifikasie, bv. deur woordsoortaanduiding, in die artikels van leenwoordgroepe te vul.

2.2   Tipiese sintaktiese optrede

Inligting omtrent die tipiese sintaktiese optrede van 'n leksikale of multileksikale lemma kan in 'n tweede gleuf vir sintaktiese inligting verstrek word. Aangesien sintaktiese en morfologiese inligting die twee subtipes grammatiese inligting is, behoort dit opeenvolgend aangebied te word:

> **lus** b.nw.; lusser, lusste. (*slegs pred.*)
> **lewensbelang** s.nw. (*gew. saam met* van)

Inligting wat hier verstrek kan word, handel onder andere oor die tipiese voorsetselverbinding van sekere werkwoorde en selfstandige naamwoorde (*voor-*

sien van, van lewensbelang), predikatiewe of attributiewe optrede van byvoeglike naamwoorde, die verbinding met 'n lidwoord (*die meeste*) en die passiewe of imperatiewe optrede van werkwoorde (*gew. i.d. imperatief, gew. passief*).

Inligting oor tipiese sintaktiese optrede kan ook by 'n spesifieke betekenisonderskeiding verskaf word:

> **lel** s.nw., lelle; lelletjie ...
> **3** (*gew. saam met* lang) Iemand wat ...: *So 'n lang lel het dit ook maar moeilik om klere te kry wat pas.*

> **lees** ww., het gelees ...
> **2** (*saam met* soos) Die indruk wek van: *Die reeks gebeurtenisse wat gelei het tot die ontdekking van die skatte lees soos 'n speurverhaal.*
> **3** (*gew. in die imperatief*) Vervang die voorafgaande deur: *Die mense van Bavaria (lees: Beiere) is bekend vir hulle gemoedelikheid.*

> **lekker** b.nw.; lekkerder, lekkerste ...
> **3** (*slegs i.d. negatief*) Nie goed geluim of gesind nie: *Haar kos was so smaaklik soos altyd, maar sy was nie lekker nie.*
> **4** (*slegs attributief*) Joviaal en lief vir plesier: *Hy is 'n goeie tennisspeler en 'n lekker kêrel in die kroeg.*

2.3   Atipiese sintaktiese optrede

In die derde gleuf vir sintaktiese inligting word voorbeeldmateriaal aangebied. Dit is nie die doel om hier 'n uitvoerige bespreking te gee omtrent die keuse van en ander aspekte van voorbeeldmateriaal nie (vgl. in hierdie verband Lombard 1992: 148-162). Voorbeeldmateriaal word veral gesien as 'n implisiete weergawe van sintaktiese inligting (Gouws 1989: 229). Hierdie inligting kan egter deur middel van subgleuwe vir die gebruiker ontsluit word.

Die voorbeeldmateriaal illustreer die sintaktiese inligting wat in die ander twee gleuwe vermeld is. Inligting omtrent die atipiese asook ander sintaktiese optredes van 'n lemma wat vir die gebruiker van belang kan wees, kan egter op eksplisiete wyse in subgleuwe verstrek word. Ook die meerfunksionele optrede van 'n lemma kan in hierdie gleuf op eksplisiete wyse geïllustreer word. In die artikel van die werkwoord *lees* kan die volgende eksplisiete inligting onder meer verstrek word:

> • Ook selfst.: *Die praat, lees en skryf van 'n taal.*
> • Met 'n persoon, bv. 'n skrywer, as direkte voorwerp: *Hy lees graag Shakespeare.*
> • Met dit wat gelees word as onderwerp: *Chaucer lees moeilik. Die boek lees lekker en hanteer maklik.*

'n Term wat met vrug in hierdie gleuf gebruik kan word, is dié van *nabepaling* (Ponelis 1979: 119), bv. in die artikels van die b.nwe. *lekker* en *leersaam*:

- As nabepaling: *Selfs die terugstap was iets lekkers. Daar is niks lekkerders in die wêreld as om jou eie baas te wees nie. Daar is vir Jannie niks lekkerder as hierdie koel vogtige grond om in te speel nie.*
- As nabepaling: *Die lugoffisier het iets leersaams om mee te deel.*

3.   Slotwoord

Daar bestaan leemtes in die aanbieding van sintaktiese inligting in verklarende Afrikaanse woordeboeke. Die leemtes bestaan veral t.o.v. 'n konsekwente aanbieding van sintaktiese inligting by leksikale én multileksikale lemmas en t.o.v. die gebruik van nuwe inligting uit die teoretiese taalkunde. Die hoop word uitgespreek dat die voorstelle in hierdie artikel die praktiserende leksikograaf tot nut mag wees in die uitskakeling van die bestaande leemtes.

Verwysings

1.   Woordeboeke

De Villiers, M. e.a. 1987[7]. *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou.

Labuschagne, F.J. en Eksteen, L.C. 1993[8]. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Pretoria: Van Schaik.

Odendal, F.F. 1979[2]. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Doornfontein: Perskor.

Schoonees, P.C./F.J. Snijman/D.C. Hauptfleisch (Reds.). 1950-1991. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Pretoria: Staatsdrukker/Stellenbosch: Buro van die WAT.

2.   Ander bronne

Botha, T.J.R. (Red.). 1989. *Leksikografie en leksikologie*. Pretoria: Serva.

Botha, W.F. 1991. Die lemmatisering van uitdrukkings in verklarende Afrikaanse woordeboeke. *Lexikos*. AFRILEX-reeks 1: 1991: 20-36.

Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie*. Kaapstad: Academica.

Gouws, R.H. 1990. Vaste uitdrukkings as multileksikale lemmas in verklarende Afrikaanse woordeboeke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 30(4): 265-283.

Lombard, F.J. 1992. Voorbeeldmateriaal in woordeboeke. *Lexikos* 2. AFRILEX-reeks 2: 1992: 148-164.

Otto, A.N. 1989. *Kriteria vir 'n Afrikaanse aanleerderwoordeboek*. Ongepubliseerde D.Litt.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.

Ponelis, F.A. 1989. Leksikale elemente. Botha, T.J.R. (Red.). 1989: 48-54.

Redaksie, Buro van die WAT. 1989. *Notule van die groepsgesprek wat van 27 tot 29 November 1989 op Stellenbosch plaasgevind het*. Ongepubliseerde verslag. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Zgusta, L. 1971. *Manual of Lexicography*. Den Haag: Mouton.

Lexicography in West Africa: Preparing a Bilingual Kisi-English Dictionary

G.T. Childs, *Department of Linguistics, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa*

Abstract: This paper presents some of the issues involved in preparing a bilingual dictionary for Kisi, an underdocumented language spoken in West Africa. Because the language possesses little in the way of literacy materials, fundamental issues as to orthography, word division, etc., had to be considered. In addition, no grammar of the language (or its closest congeners) was available and thus basic grammatical analysis had to be performed simultaneously. I briefly consider some of these problems, discussing the use of the lexical data base programs known as LEXWARE. I then focus on the specific problems raised by the expressive word class known to Africanists as ideophones. The conclusion, in the form of advice to future lexicographers of such languages, is that before undertaking such an endeavour, one must seriously assess its feasibility.

Keywords: ATLANTIC LANGUAGES, BILINGUAL DICTIONARY, COMPUTER SOFT-WARE, EXPRESSIVE LANGUAGE, IDEOPHONES, KISI, LANGUAGE VARIATION, LEXI-COGRAPHY, PHONOLOGY, PRAGMATICS, SEMANTICS

Opsomming: Leksikografie in Wes-Afrika: Die voorbereiding van 'n tweetalige Kisi-Engels-woordeboek. In hierdie artikel word sommige van die kwessies in verband met die voorbereiding van 'n tweetalige woordeboek vir Kisi, 'n swak gedokumenteerde taal van Wes-Afrika, bespreek. Omdat Kisi oor min literêre materiaal beskik, moes fundamentele kwessies oor byvoorbeeld ortografie en woordskeiding in ag geneem word. Boonop was geen grammatika van die taal (of van 'n aanverwante taal) beskikbaar nie, en moes 'n basiese grammatikale analise terselfdertyd uitgevoer word. Ek beskou kortliks enkele van hierdie probleme en bespreek die gebruik van die leksikale databasisprogramme bekend as LEXWARE. Daarna konsentreer ek op die spesifieke probleme veroorsaak deur die ekspressiewe woordklas wat onder Afrikaniste as ideofone bekend staan. Die gevolgtrekking waartoe in die vorm van advies aan toekomstige leksikograwe van soortgelyke tale gekom word, is dat 'n deeglike lewensvatbaarheidsondersoek eers nodig is voor die aanpak van so 'n woordeboekonderneming.

Sleutelwoorde: ATLANTIESE TALE, EKSPRESSIEWE TAAL, FONOLOGIE, IDEOFONE, KISI, LEKSIKOGRAFIE, PRAGMATIEK, REKENAARPROGAMMATUUR, SEMANTIEK, TAALVARIASIE, TWEETALIGE WOORDEBOEK

1.0   Introduction

In West Africa many languages possess little in the way of lexicographic materials[1], in fact, little in the way of any written materials[1]. This is particularly true of the less widely spoken languages belonging to the Atlantic Group of Niger-Congo, the latter being the phylum containing two-thirds of Africa's languages (Bendor-Samuel 1989). The position of Atlantic within Niger-Congo is shown in (1). Atlantic languages are only distantly related to the Bantu languages of southern Africa, all of which belong to Benue-Congo.

(1)   Atlantic within Niger-Congo (Williamson 1989: 21)

<p style="text-align:center">Niger-Congo</p>

Mande	Atlantic-Congo	Kordofanian

Atlantic (?)	Volta-Congo	Ijoid (?)[2]

Kru	(New) Kwa	(New) Benue-Congo	Dogon (?)	N. Volta-Congo

Gur	Adamawa-Ubangi

The Atlantic language on which I focus is Kisi, a member of Atlantic's Southern Branch, spoken primarily in the Republic of Guinea but also in Sierra Leone and Liberia. The display in (2) shows Kisi and its closest relatives.

(2)   The position of Kisi within Atlantic (Childs 1993b)

    I.   Northern Branch
       A. Senegambian languages: Fula, Serer, Wolof
       B. Cangin: Lehar, Safen, Non; Ndut, Falor
       C. Bak: Diola, Manjaku, Mankanya, Papel, etc.
       D. Eastern Senegal-Guinea: Tenda, Biafada, etc.
       E. Nalu, Mbulungish, Baga Mboteni

II.   Bijago
III. Southern Branch
    A. Mansoanka
    B. Mel languages
       1. Baga Binari, Landuma, Temne, etc.
       2. Bulom: Mmani, Sherbro, Krim, Bom; **Kisi**
       3. Gola C. Limba

Only a few Atlantic languages possess anything in the way of written materials. The exceptions are the more widely spoken languages such as Fula, Wolof, and Temne. For the less widely spoken varieties (some of which may be "dying" or already "dead", e.g., Krim of the Southern Branch (Heine 1970: 145)), written materials, if they exist, are rudimentary. They have been assembled by individuals with little linguistic much less lexicographic training, compiled primarily to assist nonnative speakers in learning a language or in translating religious works and educational materials[3]. This paper presents some of the problems involved in developing a dictionary for such a language.

The first point that needs to be made is that compiling a dictionary is a monumental task in terms of both time and resources. It should not be undertaken without some foreknowledge, even with all the new software and miniaturized hardware to assist in the task. Nonetheless, lexicography is a field well worth exploring, particularly in terms of probing a culture and discovering the mechanics of a language's operation. From a linguistic perspective one learns the centrality of the lexicon to a language and confronts the incredible variation that forms a part of all speakers' competence[4].

Crucial to any lexicographic undertaking is identifying the audience, for there are many forms a dictionary can take. Besides the monolingual vs. bilingual distinction, a dictionary can, for example, appeal strictly to the linguist. An example of such a work is *A !Xóõ Dictionary*, in which the entries are arranged phonologically because "the Dictionary was initially compiled as a resource for Khoisan phonologists and comparative linguists" (Traill 1993: 3). Entries are ordered by phonological classes rather than alphabetically: clicks precede non-click stops, which precede fricatives, etc. The sort of dictionary I set out to compile aimed at a English-speaking mostly non-Kisi audience, although literate Isis would certainly find the work of use.

Concomitantly with compiling a dictionary, any lexicographer must be involved with issues in language standardization (e.g., Fasold 1984), often more of a political than a linguistic activity (e.g., Eastman 1992). Other written materials exist, featuring more than three different orthographies (the form of which could at least be partially predicted on the basis of knowing who the colonizer was (cf. Awak 1992)[5]). However, none of these orthographies had been extensively supported (cf. Heine 1992 for a different report on the Kisi spoken in Guinea) and thus established conventions could be balanced against

16   G.T. Childs

linguistic considerations. The dictionary was allowed to use a roughly phone-mic orthography.

After a brief summary of the dictionary's history, I turn to some of the more technical aspects, concentrating in some detail on ideophones, an aspect that provides all Niger-Congo lexicographers with challenges and one that has not been satisfactorily resolved to date.

2.0   Project background

In 1979 I began to study Kisi as a linguistic object, having already learned to speak it in a sort of functional way some years before. Fieldwork began in 1983 when I studied the linguistic importance of Kisi for the pidgins used by Kisi people in the area where Guinea, Liberia, and Sierra Leone come together. An awareness of my ignorance of Kisi grammar recommended studying Kisi itself. Because of the difficulty in securing support for work on "minor" languages[6], however, since then I have been able to work on the dictionary in only a desultory manner. More discouraging is that the grammar and dictionary need checking with native speakers, a project which can be carried out only with some change in the political situation for the past several years have seen the Kisi area of Liberia racked with civil war.

I give this background information to inform the reader of the consider-able persistence that is required to complete a project of this nature[7]. Such an undertaking should be begun only with a realistic assessment of the pragmatic aspects. The technical aspects of preparing a dictionary for a little known lan-guage, to which I now turn, also present a challenge, but one which is much more fulfilling and susceptible of resolution.

3.0   Some technical issues

Technical issues involve not only the choice of recording equipment, computer hardware and software, etc., but also purely linguistic, even theoretical, choices, e.g., the treatment of clitics, morphophonemic variants, etc. I give brief details of equipment choice and of linguistic decisions in this section, expatiat-ing somewhat on the challenge ideophones pose to the conscientious lexicog-rapher.

3.1   Hardware and software

I omit discussion of some of the more obvious and common concerns and turn first to several resources that proved valuable to determining the sort of soft-ware and hardware needed for lexicographic work. In the way of preamble, it

should be noted that I started with the collection of data in a distant and somewhat inaccessible locale. This fact determined many of my choices. Works I found particularly helpful, aside from the standard lexicographic works, e.g., Zgusta 1971, Hartmann 1983, came from such missionary organizations as the Summer Institute of Linguistics (SIL) and the Lutheran Bible Translators (LBT), e.g., Hughes 1987, Bartholomew and Schoenhals 1983. Members of the latter organization had helped me even before I made my first trip back to West Africa (and have provided consultation since)[8]. The JAARS Center, a support organization for both SIL and LBT, also made available relevant reference materials and provided advice on the technical side of computer work in the field[9].

In so far as the actual equipment one should use, a computer (or two) is absolutely indispensable. Portability is often crucial; fortunately, there are many excellent laptops on the market at prices that continue to fall and with power that continues to increase[10].

With regard to software, at the time I was preparing for fieldwork the most widely used software designed for linguists was the lexical database system LEXWARE (Hsu 1990). Its appeal was its linguistic orientation and the fact that it had already been used on ShiNzwani, a Bantu language closely related to Swahili and typologically similar to Kisi. LEXWARE is described as,

> a package of programs designed to help linguists compile and manage files of lexical data. It is oriented toward compilation and exploitation of a lexical file as a RESOURCE for further investigation into aspects of a language and culture, e.g., phonology, lexicon, grammar, semantics, ethnography, etc. (Hsu 1990: 1).

LEXWARE is both useful and powerful. It performs all the tasks expected of such software, chief of these being sorting and organizing the data in a perspicuous fashion. It furthermore generates a reverse dictionary, albeit more of an index than a real dictionary. The relative simplicity of its programs allows for a great deal of customization.

One great virtue of LEXWARE, because of its wide use by linguists and extensive documentation, is that it forces the compiler into analysing the language in detail and provides ample guidelines for doing so. It also forces one into making early decisions as to grammatical categories and structures. A virtue of its versatile (and simple) architecture allows early (wrong) decisions to be changed with relative ease as one's analysis and knowledge of the language proceeds.

A weakness, however, that all lexicographers must consider, is that LEXWARE is not designed for publishing dictionaries, although the programs have been used for such purposes in many cases. It does not work on data with embedded word-processing codes but rather requires ASCII-formatted text. As can be seen in Appendix A (and (4) below), for example, Kisi tones

have been represented as post-vocalic slashes and mid vowels as upper case "o" and "e". One can certainly enter the data using a word-processor but must make sure to feed it to the programs (performed in batch mode) only in DOS.

Additional details of the programs can be found in Kari 1989[11], which describes their application to Ahtna, an Athabaskan language of Alaska. SIL software such as IT, an interlinear text-processing program (Simons and Versaw 1992), and SHOEBOX, a data management program (Wimbish 1990), are other alternatives that should be considered. I now give a few details to illustrate the use of LEXWARE.

The lexical data base on which the LEXWARE programs operate is organized into what are called "bands" of information that are tied to a "headword" or sub-entry within that headword's entry. I give an (abbreviated) example of the sorts of information that can be encoded in (3)[12]. The band denoted by "der", for example, contains derivationally related words that would not be listed as sub-entries; "lx" states whether the entry is a compound, a word, an affix, etc.

(3)   Band name abbreviations and brief characterizations

.	=	headword
ps	=	part of speech ·
df	=	definition
wr	=	written sources
vp	=	phonetic and morphophonemic variants
vd	=	dialectal variants
der	=	derivationally related words
lx	=	lexical information, size of the unit
my	=	morphological information
syn	=	syntactic information
sem	=	non-definitional semantic information
bk	=	background information, encyclopedic
il	=	illustrations
clc	=	collocational, idioms
dsc	=	discourse properties
usg	=	usage
sl	=	sociolinguistic
prg	=	pragmatic information
ex	=	existential status
ety	=	etymological
sr	=	source
nt	=	notes

In (4) I give a much-abbreviated sample entry to show how Kisi noun classes are represented. The stem here is *síá-* 'orange', and it can take three different

noun class markers (suffixes) and mean 'orange tree', 'orange (the fruit); or-
ange juice', and 'drop of orange juice'. The first line contains the headword, the
second indicates its part of speech, here a noun belonging to the *o* class, the
third line gives a definition, etc. The asterisks are markers for the reverse sort
program "INVERT", and the non-alphabetic symbols illustrate the sorts of con-
ventions that have to be adopted because the programs work on ASCII text
only. The symbols "&", "%", and "|" indicate typographic directions. For ex-
ample, "%" indicates that the following string must be italicized. Note also
how sub-entries are preceded by two periods; sub-listings may be extended
down to any number of levels. Alternatives for an entry are denoted by num-
bers, as in "1df" and "2df" below.

(4)   Sample entry

.hw	&si/a/u\wo/
ps	n &o
df	*orange tree (%*xylopia aethiopica |)
wr	TSL: siawo
lx	word
sr	TM
..pl	&si/a/u\wa/ng
ps	n &ma
1df	*fruit of the orange tree; *orange; *orange juice
2df	*orange *tree
..sg	&si/a/u\le/ng
df	*fruit of the orange tree; *orange; drop of *orange juice
ps	n &le

Appendix A contains a sample page from a formatted version of the data base;
Appendix B has a page from the English index. The LEXWARE programs can
also sort bands and produce statistics on the data base.

3.2   Linguistic issues

In this section I adumbrate the linguistic issues that I found most challenging in
compiling a Kisi dictionary.

Lexicography and grammar. Certainly one has to begin lexicographic work
with a thorough knowledge of the target language's grammar, yet this is hardly
an attainable object in any reasonable period of time. This knowledge must
reach a fairly intimate level. At the same time one has to be familiar with the
analytic tools, the formal representations, and the typological possibilities for

language in general. A trade-off exists between the two, embodied in what could be called, "The lexicographer's paradox", given in (5).

(5)   The lexicographer's paradox: sophistication varies inversely as to intimacy

a.   The more sophisticated one becomes in one's approach to language, the less likely it is that one will be intimately familiar with a language other than one's own.

b.   The more intimately one knows a language, the less likely one is to be familiar with alternative approaches, theories of language and linguistic analysis.

Ponelis keur die opname van makrostrukturele items ook volgens hierdie kriteria maar die vasstelling van leksikale items waarmee gebruikers probleme mag ondervind, word nie puristies gemotiveer nie maar volgens bewyse uit die sosiolinguistiese werklikheid. Gevolglik sluit hy 'n uitgebreide versameling Engelse leenwoorde in en in die behandeling van hierdie items illustreer Ponelis 'n liberale houding waarin die klem geplaas word op maniere waarvolgens Afrikaans baat kan vind en reeds gevind het by die taalkontaksituasie. 'n Deeglik gemotiveerde houding teenoor taalverandering geld nie net in die keuse en behandeling van leenwoorde en in hulle aanvaarding as deel van die leksikon van Afrikaans nie, maar Ponelis illustreer sy siening ook deur die behandeling van 'n andersoortige lemmatipe in DKW. Hy verbreed die bestek en omvang van die lemmaversameling op 'n innoverende manier deur seleksiekriteria in te voer wat voorsiening maak vir die opname van meer as net leksikale items wat pragmatiese probleme bied.

Ponelis gaan verder as die bestaande tipologiese kriteria van normatiewe woordeboeke deur sy woordeboek te gebruik vir die bespreking van taalkwessies wat van groot belang is in 'n taalkontaksituasie. Die opname en behandeling van lemmas soos **normering, Engelse invloed, taalverandering** en **variasie** gee 'n ander statuur áan DKW. Die adressering in hierdie artikels weerspieël 'n gesonde en objektiewe daarstelling van die leksikograaf se siening van hierdie kwessies en beklemtoon die funksie van DKW as 'n nuttige hulpmiddel by die gebruik van Afrikaans. In die voorwoord van die 1991-uitgawe verwys Ponelis na die insluiting van hierdie lemmas. Daardeur lig hy nie net die gebruiker in oor die vernuwing in DKW se makrostrukturele aard nie maar stuur hy hom na hierdie artikels. Die manier waarop Ponelis hierdie aktuele aangeleenthede bespreek en die onbevange benadering tot uiters delikate kwessies vorm die basis van die algemene benadering wat hy inneem in die normatiewe behandeling van lemmas in DKW.

Beperkte normatiewe woordeboeke lewer per tipologiese opdrag kommentaar op die staandaardvariëteit van die teikentaal. Die benadering wat in DKW gevolg word, ekspliseer 'n herinterpretasie van Standaardafrikaans deurdat 'n omvattender bestekbepaling ingevoer word. Gevolglik kan DKW 'n andersoortige normeringsinvloed uitoefen waarby die vestiging en normering van die standaardvariëteit van Afrikaans grootliks kan baat. Volgens Zgusta (1989: 70) kan die leksikograaf se houding teenoor taalverandering as die "fundamentum divisionis" beskou word wanneer dit gaan oor 'n woordeboek se invloed op die standaardtaal. DKW se innoverende benadering bied 'n welkome alternatief op die tradisionele normatiewe inhoud en die kunsmatige begrensing van Standaardafrikaans.

4.   Die amptelike bereëling van die Afrikaanse spelling en erkenning van leenwoorde

Die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (voortaan AWS) bied die amptelike spellingreglementering vir Afrikaans maar gee ook leiding ten opsigte van die erkenning van leenwoorde. Alle lemmas wat in die AWS verskyn, kan beskou word as erkende items van die Afrikaanse leksikon. As normatiewe woordeboek uit eie reg, bied die AWS riglyne ter ondersteuning van die leksikografiese erkenning van die invloed van die Suid-Afrikaanse taaldinamika op Afrikaans. In sy amptelike bereëling van die Afrikaanse spelling en erkenning van leenwoorde hou die Taalkommissie rekening met en bevestig hy die invloed van taalverandering.

Alhoewel die Taalkommissie in die 1991-uitgawe van die AWS heelwat leenwoorde, en veral ook Engelse leenwoorde, opgeneem het en daardeur erkenning gegee het aan hulle status as volwaardige leksikonitems van Afrikaans, is die vroeëre werk van die Taalkommissie dikwels gekenmerk deur 'n ietwat konserwatiewer benadering. Daar is geskroom om amptelike erkenning aan te veel leenwoorde uit Engels te gee. Gevolglik kon die normatiewe AWS nie die volle omvang van die invloed van Engels op Afrikaans weerspieël nie. Die liberaler benadering wat in die 1991-uitgawe gevolg is, lei tot die opname van talle Engelse leenwoorde soos **derby, folk, rock en shandy**. Die leksikografiese en sosiolinguistiese waarde van die opname van hierdie lemmatipe mag nooit onderskat word nie. Op die mees amptelike leksikografiese vlak word erkenning gegee aan die taalkontaksitusie en word die omvang van die linguistiese en sosiolinguistiese wisselwerking geëkspliseer. Die opname van leenwoorde geskied nie net ter erkenning van hulle status in Afrikaans nie maar ook ter aanduiding van 'n algemener beginsel. Dit dui naamlik vir die gebruikers van die AWS daarop dat die voortgesette groei en ontwikkeling van Afrikaans afhanklik is van sy wisselwerking met die ander Suid-Afrikaanse tale en veral die wisselwerking met Engels. Hierdie benadering bied rigtinggewende leiding aan leksikograwe om nie in 'n Anglisistiese vooroordeel te stagneer nie maar om die werklikheid van die Suid-Afrikaanse taalsituasie te weerspieël.

4.1   Afrikaanse woordeboeke en die AWS

Omdat die AWS die amptelike spellinghandleiding van Afrikaans is, eerbiedig woordeboeke gewoonlik sy voorskrifte. Ook die mate van speling wat woordeboeke vertoon in hulle opname van Engelse leenwoorde is dikwels bepaal deur die benadering wat in die AWS gevolg is. Leksikograwe het die leenwoordkomponent van hulle woordeboeke se lemmaversameling so na as moontlik aan die AWS se geïmpliseerde grense gehou. Daardeur was hulle daarvan verseker dat hulle woordeboeke die amptelike erkende leksikon van

Afrikaans bevat.   Alhoewel dit vanuit 'n puristiese oogpunt 'n voorbeeldige benadering is, het dit ongelukkig daartoe gelei dat woordeboeke op makro-strukturele vlak te min nuwe inligting bevat het.   Die AWS se riglyne is nage-volg maar woordeboeke het nie genoegsaam gepoog om 'n onafhanklike en innoverende rigting in te slaan nie.   Dit kon byvoorbeeld gedoen gewees het deur die opname van 'n verteenwoordigende aantal leenwoorde ter illustrasie van die aktiewe groeikrag van Afrikaans en van die tipiese gebruik deur die meerderheid sprekers van Afrikaans.

In die 1991-uitgawe van die DKW volg Ponelis die meer liberale leiding van die nuwe AWS.   Hierdeur gee DKW 'n objektiewer aanbieding van die sosiolinguistiese werklikheid van Afrikaans as enige ander beperkte normatie-we woordeboek.   Maar DKW se leksikografiese erkenning van die taalkontak-situasie en sy invloed op Afrikaans oorskry die toeskietlikheid van die AWS. Ponelis verken en vertoon die werklike leksikale front van Afrikaans deur die opname van 'n wye versameling leenitems wat veral uit die informele register kom.

5.   DKW se weerspieëling van die taalkontaksituasie

DKW bied 'n verteenwoordigender behandeling van 'n belangrike onderafde-ling van die Afrikaanse leksikon as enige ander beperkte, algemene verklaren-de of vertalende woordeboek deur die aandag te vestig op leksikale items uit die informele register en hulle te beskryf as deel van die algemene leksikon van Afrikaans.

Die omvang van DKW se leksikografiese bydrae ten opsigte van die invloed van taalkontak is nie beperk tot die insluiting en geïmpliseerde erken-ning van leenwoorde nie; selfs al is dít 'n belangrike funksie van hierdie woor-deboek.   Die mikrostrukturele adressering in die artikels van die leengoed-lemmas verteenwoordig 'n ewe waardevolle aspek wat bewys lewer van 'n ver-nuwende houding jeens taalkontak en die status van leengoeditems.

In die verlede het die adressering van Engelse leenwoorde in Afrikaanse woordeboeke dikwels blyke gegee van 'n negatiewe houding aan die kant van die leksikograaf.   Dit geld verklarende en vertalende woordeboeke.   Vergelyk in hierdie verband die etikettering as Anglisisme van die lemma karavaan aan die Afrikaans-Engelse kant van *Tweetalige Woordeboek*.   Engelse leksikale items wat veral die meer informele register van Afrikaans binnegedring het, is as Anglisismes geëtiketteer.   In Afrikaanse woordeboeke het hierdie etiket 'n stig-matiseringsinvloed.   In die stryd om die vestiging van Afrikaans as 'n onaf-hanklike taal is daar moeite gedoen om Anglisismes op te spoor en uit te wis: 'n vorm van "leksikale suiwering".   Alhoewel daar sedertdien ingrypende hou-dingsveranderings was en die heksejag op Anglisismes grootliks gestaak is, het die term "Anglisisme" steeds 'n negatiewe konnotasie.   Lemmas wat so geëti-

ketteer word, word deur die gewone woordeboekgebruiker as ongewenste elemente beskou.

In DKW se artikel van die lemma **Engelse invloed** beweer Ponelis dat dit onsinnig sou wees om die invloed van Engels op Afrikaans ongehinderd sy gang te laat gaan. Dit sou die einde van Afrikaans kon beteken. Dit het, aldus Ponelis (Van der Merwe en Ponelis 1991: 64), ewe min sin "om Anglisismes fanaties uit te ruik en te probeer elimineer". So 'n optrede vervreem die taalgebruiker van sy taal. Dit hou eweneens rampspoedige gevolge vir Afrikaans in. Ponelis se siening is relevant vir alle Afrikaanse leksikografiese projekte. Woordeboeke behoort die invloed van Engels op Afrikaans op so 'n manier te behandel dat die leksikograaf se houding nie die lojale gebruiker van Afrikaans vervreem nie. 'n Onsensitiewe behandeling van taalbeïnvloeding in woordeboeke kan 'n ondermynende invloed hê op die houding van die taalgemeenskap vir wie die woordeboek saamgestel is. Zgusta (1989: 73) beweer dat daar sekere tipes diglossie bestaan waar die geskrewe standaardtaal, en selfs die gesproke standaardtaal in sy formeler registers, argaïes is in vergelyking met die alledaagse omgangstaal.   Woordeboeke moet erkenning gee aan die bestaan van verskillende registers binne die standaardvariëteit van Afrikaans. Dit beteken dat ook die omgangstaal geakkommodeer moet word en dat daar gevolglik 'n leksikografiese bewerking van onder meer leenwoorde moet wees. In hierdie verband tree DKW voorbeeldig op. Hierdie soort benadering werk die vervreemding van die tradisionele siening van Standaardafrikaans teë. Dit gee nie net erkenning aan 'n ruimer domein van hierdie variëteit van Afrikaans nie maar bevestig eweneens die aansprake van 'n groot deel van die Afrikaanse taalgemeenskap op die aanvaarbaarheid van hulle normale taalgebruik as deel van die erkende en aanvaarde variëteit.

6.   Leengoeditems in DKW

6.1   Leenwoorde

Die houding wat in die artikel van die lemma **Engelse invloed** uiteengesit word, word konsekwent toegepas in DKW se behandeling van Engelse leenwoorde en ander fasette van taalbeïnvloeding, byvoorbeeld in die opmerkings oor die plasing van aksent waar die uitspraak van 'n woord onder Engelse invloed tot aksentverskuiwing lei.   Vergelyk in hierdie verband die opmerkings in die artikels van die lemmas **kontak** en **konteks**. Leenwoorde soos **boobytrap, ladybird, lover, mechanic, O.K., rumpsteak, scrap** en **tissue** is enkele van die Engelse leksikale items wat as lemmas opgeneem is. DKW erken nie net hulle optrede in Afrikaans nie maar die manier waarop Ponelis hulle behandel, bevestig hulle status as volwaardige Afrikaanse leksikale items. Dit blyk byvoorbeeld uit die behandeling van **tissue**: "Daar is 'n groot behoefte aan *tissue (tiesjoe)* om 'papiersakdoekie' aan te dui." Hierdie formule-

ring is kenmerkend van die DKW-benadering wat gebaseer is op die beginsel van funksionele ontlening.

In sommige artikels motiveer Ponelis die behoefte aan 'n spesifieke leenwoord, byvoorbeeld in die artikel van die lemma **jet-set** waar hy sê dat dit nie maklik gaan om ekwivalente te kry vir **jet-set** en **jet-setter** nie. Die Afrikaanse **stralerjakker(s)** is onreëlmatig gevorm en behoort eintlik **stralerjakkeraar(s)** te wees. Op soortgelyke manier betoog hy ten gunste van die leenwoord **cater** en sy verafrikaanste spelling **kyter**. Ponelis stel dit onomwonde dat 'n Anglisismevrees daartoe gelei het dat hierdie woord vervang is deur **spysenier**. Hy verduidelik dan ook· hoekom spysenier nie die mas opkom nie en hoe **cater/kyter** probleemloos by die Afrikaanse klanksisteem aangepas is en reeds algemeen gebruiklik is in die idiomatiese uitdrukking **nie vir iemand se nonsens cater nie**. Die gebruik van leenwoorde in die idioomskat van die ontvangertaal dui enersyds op die behoefte aan sodanige elemente en andersyds op die mate waarin hulle reeds ingeburger is in die gewone spreektaal.

Die onbevooroordeelde houding ten opsigte van Engelse leenwoorde word verder geëkspliseer in DKW se behandeling van leenwoorde wat· algemeen gebruiklik is naas of in plaas van bestaande Afrikaanse woorde waar daardie leenwoord tog 'n wins vir Afrikaans is. Ponelis sluit die lemma **face-lift** in en die enigste behandeling wat hierdie lemma kry, is die Afrikaanse ekwivalent **ontrimpeling**. Die lemma **jet lag** kry die vertaalekwivalente **lugroes** en **vlugtamheid**. Hierdie soort behandeling impliseer dat sowel die leenwoorde as hulle Afrikaanse ekwivalente gangbare Afrikaans is. Woordeboeke behoort indringender aandag te gee aan hierdie fase van die taalbeïnvloedingsproses. Dit is 'n manier waarop die leksikograaf verslag kan doen van die dinamika van taalverandering.

Die omvang van Engelse invloed word op verskillende maniere in DKW weergegee. Die eenvoudigste manier is die opname van leenwoorde soos die vermelde **boobytrap, ladybird, O.K.,** ens. Leenwoorde is onderhewig aan aanpassings by die Afrikaanse taalpatroon en talle woorde het verafrikaansing ondergaan. DKW vertoon 'n verskeidenheid aanpassings waaronder spellingaanpassings, bv. **orraait** en **oukei**; deeltjiewerkwoorde met 'n Afrikaanse deeltjie en 'n Engelse werkwoordelike komponent, bv. **uitfigure** (gegee in die artikel van die lemma **Engelse invloed**)·en **rondshunt**; 'n spellingaanpassing en 'n gedeeltelike vertaling, bv. **opstêrs**; multileksikale lemmas wat uit 'n Afrikaanse en 'n Engelse komponent bestaan, bv. **finish en klaar** en **iemand sy pedigree vertel**. Verskeie van hierdie leenitems, bv. **opstêrs, rondshunt** en **iemand sy pedigree vertel** vertoon opmerklike semantiese verskille tussen hulle optredes in Afrikaans, Suid-Afrikaanse Engels en Standaard Britse Engels.

DKW doen verslag van taaldinamika deur te wys hoe die aanpassing en uiteindelike assimilasie van Engelse woorde en uitdrukkings die leksikon van Afrikaans verryk. In hierdie proses beperk DKW sy bestek nie tot die formele en puristiese taalgebruik nie maar verleen ook erkenning aan die werklike taalgebruik en die informele register van Afrikaans. Die Engelse item **show off** het

verskillende Afrikaanse vertaalekwivalente, bv. **pronk** en **spog**. In die informele register van Afrikaans het die leenwoord **afshow** 'n hoë gebruiksfrekwensie. Hierdie deeltjiewerkwoord bestaan uit die Afrikaanse deeltjie **af** en die Engelse werkwoordelike element **show**. Die Afrikaanse suffiks **-erig** is baie produktief in die vorming van bywoorde en adjektiewe. In die artikel van die lemma **afshow** wys Ponelis op die gebruik van hierdie suffiks in die vorming van die afleiding **afshowerig**. Ponelis sê dat **afshow** in die omgangstaal deeglik gevestig is maar nie in versorgde taal nie. Deur hierdie opmerking hou DKW hom aan sy normatiewe en pragmatiese opdrag.

Ondanks die insluiting en positiewe evaluering van 'n groot verskeidenheid leenwoorde vervul DKW steeds 'n preskriptiewe funksie deur in baie artikels aan te dui dat 'n bepaalde leenwoord as 'n ongewenste Anglisisme beskou moet word. Die DKW-benadering verskil egter aansienlik van dié van ander woordeboeke op grond van die goed gebalanseerde en objektiewe evaluering en interpretasie van die eise, veranderinge in en werklikhede van die Suid-Afrikaanse taalsituasie.

6.2   Leenvertalings

Een van die terreine waar die invloed van Engels op Afrikaans op sy produktiefste is, is by die vorming van leenvertalings. Waar twee tale as amptelike tale deur een gemeenskap gebruik word, is dit onvermydelik dat die konstante taalkontak nie net tot die oorname van leenwoorde sal lei nie maar ook tot die regstreekse vertaling van komplekse leksikale items soos samestellings en idiomatiese uitdrukkings. Afrikaans het baie leksikale items wat leenvertalings is en wat regstreeks na die Engelse vorme herlei kan word. Soos met ander aspekte van taalbeïnvloeding in Suid-Afrika die geval is, is herdie tipe taalbeïnvloeding eweneens 'n tweerigtingproses wat Suid-Afrikaanse Engels ook grootliks beïnvloed.

Die voorkoms van leenvertalings in Afrikaans en in Suid-Afrikaanse Engels en die manier waarop hierdie verskynsel in vertalende, verklarende en beperkte normatiewe woordeboeke hanteer word, is belangrike merkers van die verhouding tussen die heersende kulturele en linguistiese kontak. Oorspronklik was daar opvallende kulturele verskille tussen Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners. Voortgesette sosiale kontak tussen hierdie twee sprekersgroepe het gelei tot 'n wisselwerking tussen die twee tale en die twee kulture. Volgens Kromann e.a. (1991: 2712) moet woordeboeke kultuur interpreteer. As daar tussen twee tale 'n verhouding van sero-ekwivalensie vir 'n gegewe kultuurspesifieke item bestaan, moet die leksikograaf voorstelle doen om moontlike vertaalekwivalente te vestig. So 'n benadering het definitiewe implikasies vir die preskriptiewe/deskriptiewe funksie van woordeboeke. Vroeëre vertalende Afrikaans-Engelse woordeboeke het op 'n soortgelyke

manier die taal- en kulturele invloed probeer verwerk deur vertaalekwivalente te probeer skep. Dit het dikwels tot uiters onnatuurlike produkte gelei.

Mettertyd kon die taalgrens tussen Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners nie meer as 'n kulturele skeiding beskou word nie. Die saambestaan binne 'n enkele geografiese en sosiale gemeenskap het tot kulturele assimilasie gelei. Alhoewel klein kulturele verskille tussen die twee taalgroepe steeds binne sekere sosiale en geografiese groeperinge bestaan, kan Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners as 'n enkele kulturele gemeenskap beskou word. Hierdie kulturele assimilasie en die status van Afrikaans en Engels as die twee amptelike landstale het verreikende implikasies gehad vir die invloed en bestek van taalkontak.

Tydens die vroeë dekades van hierdie eeu was daar by sommige mense 'n behoefte om Afrikaans en Engels met verskillende kulture te assosieer. Hierdie gevoel is onder meer bewerk deur vyandigheid tussen die twee taalgroepe in die jare van die Anglo-Boereoorlog. Die vyandiggesindheid tussen sommige sprekers van die twee taalgroepe en hulle begeerte om Afrikaans en Engels met verskillende kulture te vereenselwig, het gelei tot pogings deur Afrikaanse linguiste en leksikograwe om 'n veldtog van linguistiese suiwering op Afrikaans toe te spits. Een van die doelstellings van die puriste was om Afrikaanse ekwivalente vir elke Engelse woord en uitdrukking te skep en om die alleengebruik van die eg Afrikaanse items te bevorder. Woordeboeke moes behulpsaam wees in die bereiking van hierdie onrealistiese ideaal.

Die tweetalige Afrikaanssprekende se maklike toegang tot Engels en die omvattendheid van die Engelse leksikon het gelei tot die regstreekse vertaling van talle Engelse samestellings en uitdrukkings. Hierdie leenvertalings het 'n hoë gebruiksfrekwensie in Afrikaans. Puriste het die Afrikaanse leksikon noukeurig gefynkam op soek na en ter onderdrukking van sulke leenvertalings. Woordeboeke is gebruik om Afrikaanse ekwivalente te skep en hulle gebruik te bevorder ter vervanging van die leenvertalings. Hierdie pogings was gedoem tot mislukking want nóg 'n woordeboek nóg 'n preskriptiewe taalkundige kan die dinamika van taalverandering keer of van koers laat verander. Die leksikograaf se taak is nie om woorde te skep nie maar om die werklike en konvensionele taalgebruik te weerspieël.

Die evaluering van leenvertalings in Afrikaans mag nie kategories gedoen word nie maar moet op 'n item-vir-item-basis geskied. Daar is talle ongewenste leenvertalings wat in kompetisie is met gevestigde Afrikaanse items. DKW sluit 'n hele versameling sulke items in maar in hulle behandeling word dit uitdruklik gestel dat hierdie vorme as Anglisismes beskou moet word. Verwysings word telkens verstrek na die korrekte Afrikaanse vorm. Die volgende voorbeeld lewer daarvan bewys hoe DKW in hierdie opsig sy normatiewe funksie uitvoer. Die lemma **aanvat** word as Anglisisme gemerk met 'n verwysing na die aanvaarde Afrikaanse vorm **aanspreek**. Op 'n soortgelyke manier word die lemma **en so aan** gemerk en die Afrikaanse item **en so meer/en dies meer** word as korrektief daarop verstrek. Hierdie werkswyse word op 'n kon-

sekwente manier in DKW gevolg. Maar 'n leenvertaling is dikwels 'n waarde-
volle bydrae tot die leksikon van Afrikaans en waar leenvertalings so 'n funk-
sionele rol vervul, moet woordeboeke op 'n sistematiese en objektiewe manier
daarvan verslag doen. In sulke gevalle sou daar met vrug nog aandag gegee
kon word aan subtiele betekenis- en gebruiksverskille wat wel tussen die
woordpare mag bestaan.

Ongelukkig het 'n bevooroordeelde beperking op die bestek en invloed
van taalkontak in baie Afrikaanse woordeboeke gelei tot 'n minderwaardige
behandeling van dié leksikale kategorie. Pogings van leksikograwe om Afri-
kaans van leenvertalings uit Engels te suiwer het gelei tot die leksikografiese
vergestalting van onnatuurlike en onkonvensionele items wat geskep is in 'n
kunsmatige poging om die Afrikaanse leksikon uit te brei sonder die insluiting
van leenvertalings uit Engels. Afrikaanse woorde soos die volgende voorbeel-
de (almal uit *Groot Woordeboek/Major Dictionary*: voortaan GW), wat beswaarlik
algemene gebruikstatus geniet het, is geskep om die gebruik van die leenverta-
lings wat tussen hakies gegee word, teë te werk: **bruismelk/skuimmelk/room-
ysmelk (melkskommel), knormoer (selfaansitter), wisselwiel (spaarwiel) en
ysterware (hardeware).** Daarbenewens is daar in sommige gevalle op Neder-
landismes teruggeval wat ewe onafrikaans is. Vergelyk in hierdie verband die
GW-voorbeelde **bestelkantoor (pakkettekantoor)** en **briewebesteller (pos-
man).** In sulke gevalle vervul die woordeboeke, volgens Zgusta (1989: 70), 'n
argaïseringsfunksie deurdat hulle nie net die verandering in die standaardva-
riëteit wil voorkom nie maar verouderde en ongebruiklike vorme weer wil
invoer en in die leksikon herbevestig.

DKW bied 'n nuwe perspektief op die status van leenvertalings in Afri-
kaans. Ondanks die kritiek op talle leenvertalings wat as Anglisismes gemerk
word en wat van 'n gewenste Afrikaanse ekwivalent voorsien word, gee hier-
die woordeboek erkenning aan die bestaansreg van 'n uitgebreide versameling
van hierdie tipe leksikale items. Dit strook met die behoeftes en eise van die
aktiewe taalgebruikers. Die DKW-gebruiker kry nou die versekering, dikwels
met 'n gepaardgaande taalkundige motivering, dat hy daarop geregtig is om
leenvertalings soos die volgende te gebruik — in plaas van die puristiese vorm
wat telkens tussen hakies gegee word: **boekmerk (boeklêer/leeswyser),
broodlyn (armoedslyn/bestaansminimum)** en **valstande (kunsgebit).** Die
lemma **lokettreffer** staan in skerp kontras met die onnatuurlike TW-inskry-
wings **kasstuk, suksesstuk, kastreffer** en **kassukses.** Dikwels verstrek DKW
wel die puristiese Afrikaanse ekwivalente van bepaalde leenvertalings maar
wys dan op hulle ongebruiklikheid, nie-Afrikaansheid of onnatuurlikheid.

Leenvertalings van idiome en vaste uitdrukkings word op 'n soortgelyke
manier behandel. Waar 'n goeie en lewensvatbare Afrikaanse ekwivalent
bestaan en gebruik word en waar die leenvertaling nie 'n werklike bydrae
lewer nie, word die leenuitdrukking gemerk. Die uitdrukking **Bloed is dikker
as water** word as Anglisisme gemerk en die Afrikaanse ekwivalente **Waar
bloed nie kan loop nie daar kruip dit/Die hemp is nader as die rok** word ver-

strek. Daarnaas word die leenvertaling **'n perd van 'n ander kleur** as 'n geves-
tigde Engelse leenvorm aangedui. Eweneens word die uitdrukking **op roep** as
'n gevestigde leksikonitem behandel met die byvoeging dat hierdie leksikale
item geen ekwivalent in Afrikaans het nie.

6.3   'n Funksionele normatiewe benadering

Die gevolge van taalkontak word in DKW so ver as moontlik op 'n objektiewe
en onbevooroordeelde manier aangebied maar sonder dat dié woordeboek aan
normatiewe krag inboet. Ponelis sluit 'n wye verskeidenheid Engelse en ander
leenwoorde in en beoordeel elkeen telkens op sy eie meriete maar dan veral in
terme van sy funksie en bydrae tot Afrikaans.   Dit bring mee dat sowel
gewenste as ongewenste onlenings lemmastatus kry, met die leksikografiese
adressering wat die evaluatiewe verskille ekspliseer.   Ongewenstheid word
vasgestel op grond daarvan dat die betrokke leksikale item nie 'n funksionele
optrede in Afrikaans het nie en daarom nie as deel van die Afrikaanse leksikon
erken of bevestig moet word nie. Dit blyk byvoorbeeld uit Ponelis se behande-
ling van die lemmas **malvalekker** en **zip**. Die volledige bewerking van die
eerste voorbeeld is: "Die Afrikaans vir *marshmellow*." en van die laasgenoemde
lemma word onder meer gesê: "Ons het geen behoefte aan hierdie woord nie,
want daar is die kort ekwivalent *rits*..." In sulke artikels beantwoord DKW
steeds aan sy normatiewe opdrag maar die evaluering berus op die funksionele
bydrae en waarde wat die spesifieke leksikale item vir Afrikaans het.
    'n Belangrike deel van DKW se normatiewe leiding is om kritiese uitspra-
ke te maak oor die motivering vir die gebruik van sekere Engelse leenwoorde
waar die gebruik van hulle Afrikaanse ekwivalente verwag sou kon word. Die
mikrostrukturele behandeling van die lemma **leftovers** is beperk tot die
volgende stelling: "Dit is 'n raaisel waarom hierdie leenwoord ons eie *oor-
skiet/oorskietkos* in die omgangstaal verdring." In sommige artikels gee Ponelis
onwillig toe dat 'n spesifieke Engelse item uiteindelik erkenning sal moet kry
omdat dit 'n hoër gebruiksfrekwensie as sy Afrikaanse vertaalekwivalent het.
Die lemma **idle** word soos volg behandel: "As *luier* die pyp nie rook nie, sal
idle maar teen wil en dank erken moet word." In ander artikels word leenwoor-
de verstrek maar dit word gestel dat die Afrikaanse ekwivalent besig is om
veld te wen. Vergelyk die lemma **masking tape** se behandeling: "Die gebruik
van *maskeerband* neem toe, maar *masking tape* is 'nog steeds baie lewenskragtig."
    Hierdie benadering illustreer nogmaals die waarde van 'n woordeboek as
'n instrument om die dinamika van taalverandering en linguistiese interaksie te
weerspieël en te dokumenteer. 'n Mens sou wou sien dat dié beleid in volgen-
de uitgawes nog uitgebrei moet word.

7.   Ten slotte

Die ontwikkeling in die Afrikaanse leksikografie het 'n punt bereik waar woordeboeke begin om verslag te doen van die linguistiese, sosiolinguistiese en kulturele werklikheid. Dit word onder meer bereik deur die insluiting en behandeling van leksikale items wat die voortdurende wisselwerking in 'n meertalige en multikulturele omgewing verteenwoordig. So 'n benadering verhoog die gehalte van woordeboeke en dra by tot hulle status as gesaghebbende bronne van inligting.

Verwysings

Bosman, D.B. e.a. (Reds.). 1984[8]. *Tweetalige Woordeboek/Bilingual Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.

De Villiers, Meyer e.a. 1987[7]. *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou.

Gouws, Rufus H.   1990.   Information Categories in Dictionaries, with Special Reference to Southern Africa. Hartmann, R.R.K. (Red.). 1990: 52-65.

Gouws, Rufus H. 1993 (ter perse). Dictionaries and the Dynamics of Language Change.

Gove, P.B.   (Red.).   1961.   *Webster's Third New International Dictionary of the English Language*. Springfield, Massachusetts: Merriam Webster.

Hanks, Patrick.   1990.   Evidence and Intuition in Lexicography.   Tomaszczyk, J. en B. Lewandowska-Tomaszczyk (Reds.). 1990: 31-41.

Hartmann, R.R.K. (Red.). 1990. *Lexicography in Africa*. Exeter: University of Exeter Press.

Hausmann, F.J. en H.E. Wiegand. 1989. Component Parts and Structures of General Monolingual Dictionaries: A Survey. Hausmann, F.J. e.a. (Reds.). 1989-1991: 329-360.

Hausmann, F.J. e.a. (Reds.). 1989-1991. *Wörterbücher. Dictionaries. Dictionnaires. An International Encyclopedia of Lexicography*. Berlyn: Walter de Gruyter.

Hiemstra, L.W. 1980. *Die juiste woord*. Kaapstad: Tafelberg en Nasou.

Johnson, S.   1747.   *The Plan of a Dictionary of the English Language*.   Faksimilee-uitgawe 1970. Menston: The Scolar Press.

Johnson, S. 1755. *A Dictionary of the English Language*. Londen: J. & P. Knapton, T. & T. Longman e.a.

Kritzinger, M.S.B. e.a. 1986[13]. *Groot Woordeboek/Major Dictionary*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Kromann, H-P. e.a. 1991. Principles of Bilingual Lexicography. Hausmann, F.J. e.a. (Reds.). 1989-1991: 2711-2728.

Labuschagne, F.J. en L.C. Eksteen. 1993[8]. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Malkiel, Y. 1989. Wörterbuch und Normativität. Hausmann, F.J. e.a. (Reds.). 1989-1991: 63-70.

Odendal, F.F. 1979[2]. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Doornfontein: Perskor.

Sledd, J. en W.R. Ebbitt. (Reds.). 1962. *Dictionaries and That Dictionary*. Chicago: Scott, Foresman and Company.

Taalkommissie van die SA Akademie. 1991[8]. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg.

Tomaszczyk, J. en B. Lewandowska-Tomaszczyk. (Reds.). 1990. *Meaning and Lexicography.* Amsterdam: John Benjamins.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1967. *Die korrekte woord.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Van der Merwe, H.J.J.M. en F.A. Ponelis. 1982[6]. *Die korrekte woord.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Van der Merwe, H.J.J.M. en F.A. Ponelis. 1991[7]. *Die korrekte woord.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Pretoria: Staatsdrukker.

Zgusta, L. 1989. The Role of Dictionaries in the Genesis and Development of the Standard. Hausmann, F.J. e.a. (Reds.). 1989-1991: 70-79.

General Lexicography in Europe

Reinhard Rudolf Karl Hartmann, *Dictionary Research Centre,*
University of Exeter, Great Britain

Abstract: On the basis of several surveys of experts, centres and projects in lexicography, and against the author's own experience of metalexicography, the paper traces the recent progress of academic lexicography, especially in Europe. Particular attention is paid to 'dictionary research' in four of its divisions. One special concern is the professionalisation of the discipline in terms of conferences, publications and training initiatives.

Keywords: DICTIONARY RESEARCH, EUROPE, LEXICOGRAPHY, SURVEY

Opsomming: Algemene leksikografie in Europa. In hierdie artikel word die onlangse ontwikkeling van die akademiese leksikografie, veral in Europa, nagespoor aan die hand van verskeie ondersoeke uitgevoer deur leksikografiese kundiges, sentrums en projekte, en teen die agtergrond van die outeur se eie ervaring van die metaleksikografie. In die besonder word aandag geskenk aan "woordeboeknavorsing" in vier geografiese gebiede. Een saak waarop die aandag spesifiek gevestig word, is die verlening van professionele status aan die dissipline deur konferensies, publikasies en opleidingsinisiatiewe.

Sleutelwoorde: EUROPA, LEKSIKOGRAFIE, ONDERSOEK, WOORDEBOEKNAVOR-SING

Introduction

State-of-the-art surveys are as quickly (out)dated as they are initially useful, but to attempt them on a continental scale seems like the ultimate folly. Nevertheless, I am going to risk some generalisations about the European dictionary front in the hope that shared information is better than (merely) filed information.

Against the background of a survey of linguistics in Europe which I was asked to undertake over 20 years ago (Hartmann 1972) and a number of other fact-finding ventures since then (EURALEX congresses, cf. Hartmann 1984; Exeter D.R.C. bibliographical database and Who's Who directory; ERASMUS Consortium, cf. Hartmann 1992a), I sent out a questionnaire to all my main contacts to gather data for a lecture which I had originally intended for the 25th anniversary meeting of the Societas Linguistica Europaea (SLE) in 1991, but could not actually deliver until the inaugural conference of the European Society for the Study of English (ESSE) later that year.

I asked such questions as "What would you estimate as the total number of dictionaries published since 1965", "What are the main dictionary types, in order of importance'?", and "Can you guess at the number of full-time lexicographers (in relation to the total population)?" (The questionnaire, completed by myself for the U.K., is reproduced in the Appendix. I gratefully acknowledge the help received by respondents). The replies I received were relatively incomplete, especially with respect to Eastern Europe where political changes have been momentous since 1991, but I relate them here in the context of other information I have in my files.

Recent history

Franz Josef Hausmann (1989) has remarked that "metalexicographical reflection is as old as lexicography itself" and cited the example of Paolo Beni and his critical review *Anti-Crusca* of 1612. Hausmann also has helpful things to say about the recent history of academic lexicography. For the period after World War II, he presents evidence for regarding the years between 1960 and 1970 as an important turning point, instanced by the pioneering conference at Bloomington, Indiana (1960) and the publication of Ladislav Zgusta's *Manual of Lexicography* (1971).

I find it intriguing that three other metalexicographers working in Europe have reached different conclusions about the start of contemporary lexicography, in their respective contributions to the International Encyclopedia of Lexicography, *Wörterbücher/Dictionaries/Dictionnaires*. Robert Ilson, in Article 199, calls 1968 a "momentous year" in British lexicography; Alain Rey, in Article 186, mentions several cases of a "reawakening" French lexicographic spirit in the period from 1950 to 1985; Herbert Ernst Wiegand, in Article 206, states that for the post-war beginning of German lexicography, 1945 is "too early" and 1960 is "too late". What this suggests is that it would be unrealistic to assume a uniform rate of progress in European lexicography, at least in the post-war years to about 1970.

Since the early 1970's it may be possible to stipulate a convergence of developments, due to a number of economic, sociological, educational and technological influences. There was economic prosperity, at least in Western Europe, which brought increased social mobility, more educational opportunities, better language teaching provision and more linguistic research at all levels, and the computer promised relief from mental drudgery. In lexicography, this produced new markets, new interests, new ideas, new investment. As we moved into the eighties, time seemed ripe for a boom.

If I was to highlight a single year, I would choose 1983, ten years ago, when a number of significant conferences were held at Newark (Delaware), Smolenice (Slovakia), Novi Sad (Yugoslavia), Augsburg and Aachen (Germany), and of course Exeter (U.K.) where the European Association for Lexi-

cography (EURALEX) was founded, when the ambitious projects of the international encyclopedia *Wörterbücher/Dictionaries/Dictionnaires* (3 volumes edited by Hausmann/Reichmann/Wiegand/Zgusta) and the double series of monographs (48 volumes published) and yearbooks (7 volumes published) under the general title *Lexicographica* were conceived, and when the European Science Foundation survey of lexicographical projects (Cignoni et al. 1983) was published.

Lexicography in a European context

I have already hinted at the difficulties of trying to build up a complete picture of the dictionary scene in Europe. One reason is that there have been few precedents for such surveys. The ESF survey mentioned above was limited to 114 scholarly dictionary projects in Western Europe, and Bernard Quemada's (1972) essay for the *Current Trends in Linguistics* series concentrated primarily on historical dictionaries, largely in Romance languages.

A second reason for the lack of information is the tension that still exists between academic lexicography and commercial dictionary production, with academics primarily interested in theoretical principles and dictionary publishers watching out for market opportunities. In any case, most projects tend to operate within the confines of a particular dictionary tradition linked to the language, history and institutions of a country.

The third reason is that there are only a few centres, associations and periodicals through which projects and progress can be reported (the *International Journal of Lexicography*, which includes the *EURALEX Newsletter*, only started 5 years ago). Conferences have an important role to play in this respect, but as I have pointed out in one of my papers (Hartmann 1990a), we have a long way to go until the artificial barriers between universities, publishers and academies can be broken down.

For the purpose of presenting the data in this paper, I have divided them into four parts, (a) the three leading countries, (b) the rest of the European Community, (c) the countries outside the EC west of the former 'iron curtain', and (d) the countries of Eastern Europe.

"Les trois paysages"

There are some good reasons for singling out the three largest countries of Europe in terms of population size (apart from Italy) for special treatment: Germany, France and the United Kingdom have long and distinguished lexicographical traditions, they are very productive both quantitatively and qualitatively, and many of the theoretical and practical innovations in recent years have come from them. That is why Hausmann (1985) speaks of "trois

paysages", although he also characterises some of their differences: he praises
the relatively well-developed "dictionary culture" in France, describes the
British approach to "learners' dictionaries", and points out some inherent limi-
tations of German lexicography.

There are established traditions and standards for the lexicography of the
major languages, German, French and English, with 77,51 and 55 million native
speakers respectively. The societies are effectively monoglot (admittedly with
remarkable dialect differentiation), but there are also linguistic minorities of
varying size and stability, e.g. Turkish and Sorbian in Germany, Arabic and
Breton in France, and Urdu and Welsh in the United Kingdom.

We find comprehensive ranges of dictionary products, in terms of num-
bers and types. Wiegand has given the following estimates for Germany in the
period since about 1965:

> 2,000 technical-terminological dictionaries,
> 100 dialect dictionaries,
> 80 spelling dictionaries
> 70 general-explanatory dictionaries,
> 30 dictionaries of foreign words,
> 11 historical-etymological dictionaries.

No figures are available for bilingual dictionaries, which I guess to be in the re-
gion of several hundred. Dictionary production in France and the United
Kingdom appears to be more limited, and the distribution by types may be dif-
ferent, with (foreign) learners' dictionaries forming an important genre in
Britain (cf. Hartmann 1992b).

The three countries can boast strong publishing houses capable of deliv-
ering the goods, e.g. Duden and Langenscheidt in Germany, Le Robert and
Larousse in France, Oxford and Collins in Britain. There are also sizeable bod-
ies of working lexicographers, about 100 full-time in Germany and Britain and
maybe fewer in France. Many of these have become members of EURALEX,
and some regularly attend conferences in their own countries and elsewhere
(some famous names from Germany: Drosdowski, Reichmann, Neubert; from
France: Rey, Dubois, Gorcy; and from the U.K.: see Appendix).

There are periodicals and textbooks available, as follows: in Germany,
Lexicographica (International Annual and Series Maior), Hausmann et al.
(1989-91) and Schaeder (1987); in France, *Lexique, Cahiers de Lexicologie,*
Quemada (1967) and Rey (1982); in Britain, the *International Journal of
Lexicography,* McArthur (1986), Ilson (1986) and Sinclair (1987).

There are research centres, at least in embryo (particularly at Erlangen,
Lille and Exeter), which may also exert a positive effect on the development of
training (see below). Lexicography is occasionally linked to the study of the
mother tongue (Institut für deutsche Sprache, Mannheim, Institut de la langue

française, Nancy) or to Computational Linguistics (Bonn, Stuttgart, Birmingham).

Lest I give the impression that all is rosy in the European dictionary garden, I should frankly admit that there are a number of desiderata (cf. Hartmann 1986a) that have not yet been fulfilled even in the three leading countries:

—   Complete, annotated lists of published dictionaries, by language, by information category, and by user group do not exist, and reliable production or sales statistics for the dictionary publishing industry are sadly lacking (for a bibliography of dictionary bibliographies, cf. Cop 1990), although according to one market report reference books now constitute over 15 % of all books produced.
—   Lists of ongoing dictionary projects, dictionary publishers and active lexicographers are not available, except for the rudimentary Who's Who directory database being assembled at Exeter.
—   Job descriptions of required professional skills and accounts of on-the-job training schemes are hard to come by; one promising development is the elaboration of 'national vocational qualifications' for the (British) publishing industry, although not with the full backing of all dictionary publishers.
—   A directory of relevant academic courses does not exist, although Wiegand (1989) gives a list of some of these involving aspects of dictionary research in German universities, and there are brochures about the European postgraduate Diploma in Lexicography (see below). It would be useful, too, to have a list of research topics treated at such centres as well as a catalogue of unpublished theses and dissertations.

[See also the relevant articles dealing with the monolingual and interlingual lexicography of German, French, English etc. in Hausmann et al. (1989-91).]

The rest of the EC

The remaining, currently 9, countries of the European Community include the three Benelux countries, Denmark, the Irish Republic, and the four southern countries Portugal, Spain, Italy and Greece, with two large language communities in terms of numbers of speakers (30 million for Italian and over 28 million for Spanish if non-standard dialects/languages like Lombardian, Sicilian, Catalan and Galician are counted separately), and the rest with fewer than 10 million each.

Dictionary production is much more limited in these countries (estimates for published dictionaries since 1965 include 500 for Italy, 200 for Denmark, 100 each for Spain and the Netherlands), as is the number of active lexicographers

(one of the highest figures relative to population size, i.e. 50/5 million, is claimed for Denmark, which has recently set up a professional association, Copenhagen having also hosted a series of 6 international Symposia since 1982).

Periodicals and other publications devoted to general lexicography are not so common in this group of countries (the *Studi di lessicografia italiana* are issued by the Accademia della Crusca in Florence; Marello 1989 is one of the few textbooks on bilingual lexicography; van Sterkenburg 1984 is a Dutch introduction to lexicography, Cabré and Lorente 1991 a bibliography of Catalan dictionaries, DANLEX Group 1987 a survey of computer applications to dictionary making).

Courses on aspects of lexicography are offered in Belgium (Universities of Liège and Gent, and at the M. Haps Terminology Institute at Brussels), Denmark (Århus Business School has created a chair in Lexicography), and the Netherlands (INL at Leiden and Free University at Amsterdam). Some dictionary research is pursued at the above centres as well as in Ireland (Dublin), Italy (Pisa), Spain (Málaga, Barcelona, and Córdoba) and Greece (Thessaloniki). Because of the relative size and status of these languages vis-à-vis the 'big' European languages (German, French and English, e.g. as subjects taught in schools and universities, dictionaries for translation and other interlingual purposes are in greater demand here than in the relatively monoglot communities of Germany, France and the United Kingdom.

[See also the relevant articles dealing with the monolingual and interlingual lexicography of Danish, Dutch, Greek, Italian, Portuguese, Spanish etc. in Hausmann et al. (1989-91) and the EURALEX Congress proceedings (esp. Biblograf 1992).]

Non-EC 'Western' Europe

The next group, all except one in the European Free Trade Area and potential candidates for EC membership, include four Nordic and two Central European countries and one on the edge of the Middle East and Asia, a heterogeneous entity with little in common lexicographically, ranging from a prosperous island of 200,000 speakers of a single language to a relatively poor country with a population of over 50 million. I will venture only a few remarks about the lexicographic situation in these seven countries based on questionnaire returns.

In Norway, where the political and linguistic history was tied to that of Denmark for many centuries, the double standards of the literary *bokmål* and the colloquial *Nynorsk* have led to a high degree of language awareness, some deliberate language planning, and an active lexicographic community producing a wide range of bilingual-translation dictionaries, monolingual-spelling dictionaries, and normative-technical dictionaries. Courses are taught at Oslo

University whose lexicographic centre under Dag Gundersen has also hosted the first conference of the new Nordic Lexicographic Association.

Iceland, the smallest country of Northern Europe, boasts a highly sophisticated literary tradition and good lexicographic output. Given the ratio of lexicographers per total population and the membership of its lexicographic society, Iceland outclasses the larger countries by a factor of 100.

Sweden has a number of interesting dictionary projects linked to dialectology, computational linguistics and the teaching of Swedish to immigrants (e.g. at Göteborg and Lund), supported by the Swedish Academy. There is at least one textbook (Svensén 1987) used all over Scandinavia.

As in other countries of this group, bilingual dictionaries play an important role in Finland. However, relative to the number of Finnish native speakers (less than 5 million), lexicography is a lively activity, often in conjunction with language planning, translation and terminology work.

In the centre of Europe, the neutral countries Switzerland and Austria, with just under and over 7 million inhabitants, respectively, are concerned with documenting the various, mainly German, dialects (cf. Lurati and Stricker 1982); there is also some lexicographic interest at translator training and terminology centres (e.g. Infoterm in Vienna).

[See also the relevant articles dealing with the monolingual and interlingual lexicography of the Nordic Germanic languages, of Finnish, and Turkish (on which no other literature is available to me) etc. in Hausmann et al. (1989-91), and the EURALEX Congress proceedings (esp. Snell-Hornby 1988 and Tommola et al. 1992).]

Non-EC 'Eastern' Europe

The last group in my survey are the countries of Eastern Europe, a region where we have seen many and rapid changes during the last few years. It is extremely difficult to keep up-to-date with developments, especially as far as the multiplying states of the former Soviet Union and Yugoslavia are concerned, since lexicographic information is rarely available and contacts are still limited.

Considering their relative population sizes (which range from over 150 million for Russia, through over 37 million for Poland and 20 million for Romania, to less than 3 million for Albania and under 2 million each for the Baltic States) and their weak economic superstructure, lexicographic research and production has a good record.

The Academies of Science (some of which are under review, or have been abolished recently) have promoted a long line of scholarly dictionary projects: historical dictionaries, etymological dictionaries, dialect dictionaries, idiom dictionaries and, just as important here as in the West, bilingual dictionaries for

translation and foreign language learning. For Russia, one estimate for the number of dictionaries published since 1965 is 2,000.

From the wide range of anthologies, bibliographies and textbooks recently published (some may be difficult to obtain), I select the following: Dubichinskij et al. (1992, in Russian/Ukrainian), Kiefer et al. (1992, in English/French), Morkovkin and Trushinoj (1986, in Russian), Ďurčo (1992, in Slovak/English), Filipec and Čermák (1985, in Czech), Miodunka (1989, in Polish).

[See also the relevant articles dealing with the monolingual and interlingual lexicography of the Slavonic languages (Russian, Polish, Czech, Bulgarian, Croatian etc.), Romanian, Hungarian, Estonian, Latvian, Lithuanian, Georgian, Albanian etc. in Hausmann et al. (1989-91), and the EURALEX Congress proceedings (esp. Magay and Zigány 1990 and Tommola et al. 1992).]

Dictionary research in Europe today

In this section I would like to widen the scope a little and discuss the status of lexicography in terms of dictionary making, dictionary research and professional training. There has indeed been a lively debate in the last ten years, especially in the context of EURALEX Congresses, as to whether lexicography has developed into a respectable field that deserves the title 'academic discipline', and what could or should be done to bridge the gulf between practical and theoretical lexicography.

The Oxford English Dictionary. Volumes I-XII and Supplement. 1933. Oxford: Oxford University Press.

The Random House Dictionary of the English Language. The Unabridged Edition. 1967. New York: Random House.

The South African Pocket Oxford Dictionary. 1987. Cape Town: Oxford University Press.

Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal. 1984. Eleventh edition. Utrecht, Antwerpen: Van Dale Lexicografie.

Van der Spek, E.J. 1987. Discrimineren woordenboeken? *Onze Taal* 56(4): 46-47.

Van Niekerk, A.E. 1992. Kollokasies: 'n leksikografiese perspektief. *Lexikos* 2: 254-264.

Webb, V.N. 1989. Enkele gepolitiseerde woorde in Afrikaans, HAT en die sosiolinguistiek. Botha, T.J.R. (Ed.). 1989. *Leksikografie en leksikologie:* 129-142. Menlopark: Serva-Uitgewers.

Webster's International Dictionary of the English Language. 1891. London: George Bell & Sons. Springfield: G. & C. Merriam & Co.

Webster's Third New International Dictionary of the English Language. Unabridged. 1961. London: G. Bell & Sons, Ltd. Springfield: G. & C. Merriam Co.

Whitcut, J. 1984. Sexism in Dictionaries. Hartmann, R.R.K. (Ed.). 1984. *LEXeter '83 Proceedings:* 141-144. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Volumes I-VIII. 1950-1991. Pretoria: The Government Printer. Stellenbosch: Bureau of the WAT.

Woordenboek der Nederlandse Taal. Volumes I-. 1882-. 's-Gravenhage: SDU Uitgeverij.

Zgusta, L. 1971. *Manual of Lexicography.* Prague: Academia. The Hague, Paris: Mouton.

Zgusta, L. 1988. *Lexicography Today: An Annotated Bibliography of the Theory of Lexicography.* Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

Etikette in sinchronies verklarende woordeboeke[*]

F.J. Lombard, *Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Stellenbosch, Suid-Afrika*

Abstract: Labels in Synchronic Descriptive Dictionaries. It is the lexicographer's duty to point out limitations concerning the use of certain lexical items to his target users, for example limitations as far as stilistic application is concerned. This is mainly achieved by using labels. Labels often depend more on the judgement of the lexicographer than on a scientific basis and are often presented haphazardly in dictionaries. Yet the lexicographer can give linguistic as well as pragmatic guidance by using labels correctly. In standard dictionaries various labels should be used judiciously and uniformly for the greatest possible benefit of the user.

Keywords: FREQUENCY, GEOGRAPHIC, LABELS, LINGUISTIC, PRAGMATIC, PRE-SCRIPTIVENESS, SPHERE OF USE, STANDARD DICTIONARY, STILISTIC, SYNCHRONIC, TEMPORAL

Opsomming: 'n Leksikograaf behoort beperkinge op die gebruik van leksikale items, byvoorbeeld ten opsigte van styl, vir die teikengebruikers van sy woordeboek aan te dui. Dit word veral met behulp van etikette gedoen. Etikette berus dikwels op die leksikograaf se oordeel eerder as op wetenskaplikheid en word nie altyd uniform en gebalanseerd in woordeboeke aangebied nie. Tog kan taalkundige en pragmatiese leiding deur middel van korrek aangebode etikette gebied word. In handwoordeboeke behoort 'n verskeidenheid etikette oordeelkundig en uniform aangebied te word sodat die gebruiker maksimaal daarby kan baat.

Sleutelwoorde: ETIKET, GEBRUIKLIKHEID, GEBRUIKSFEER, GEOGRAFIES, HAND-WOORDEBOEK, PRAGMATIES, PRESKRIPTIWITEIT, SINCHRONIES, STILISTIES, TAALKUNDIG, TEMPOREEL

1. Inleidend

Die opsteller van 'n verklarende woordeboek het dikwels dié dilemma dat hy sekere leksikale items in sy woordeboek moet opneem waarvan die gebruik in bepaalde omstandighede nie wenslik is nie. Omdat sulke woordeskatelemente dikwels ook deel van die gemeenskaplike wete van die taalgebruikers is, is dit

---

[*] Hierdie artikel is 'n verkorte en aangepaste hoofstuk uit 'n D.Litt.-verhandeling, *'n Metaleksikografiese fundering van Afrikaanse skoolwoordeboeke*, wat in Desember 1990 deur die Universiteit van Stellenbosch aanvaar is.

die verantwoordelikheid van die deskriptiewe leksikograaf om hulle op te neem, selfs al is daar sekere gebruiksbeperkinge.

Die opsteller kan egter nie so 'n woordeskatelement net aanbied en dan glo dat hy sy plig volledig nagekom het nie. 'n Groot deel van enige leksiko-graaf se werk is om aan sy teikengebruikers gebruiksleiding te gee. Woorde-boekgebruikers moet immers baie deeglik op hoogte gehou word van woorde wat byvoorbeeld nie sonder meer in sekere gespreksituasies gebruik kan word nie. Gebruiksleiding wat beperkings van die lemma aandui, of dit nou sosiale, temporele of ander beperkings is, word dikwels met behulp van etikette aange-bied. In die hedendaagse leksikografie behoort etikette een van 'n woordeboek se belangrikste middele tot taalbeskrywing te wees.

2.   Die aanwending van etikette

Etikette word nie net in 'n sensurerende hoedanigheid gebruik nie. Volgens Alberts en Mtintsilana (1988: 8) verwys die term *etiket* na daardie inskrywing in 'n woordeboekartikel wat as merker optree om die lemma of 'n ander inskry-wing se beperkinge ten opsigte van byvoorbeeld stylaard, gebruiksfeer en geo-grafiese voorkoms aan te dui. 'n Etiket help dus om die gebruik van 'n sekere woord binne 'n sekere gebied van die taalgebruik te plaas, en Gouws (1988: 14) beweer daarom tereg dat 'n etiket 'n verband tussen 'n woord en sy gebruik lê.

Daar is 'n hele aantal woordeskatelemente wat geëtiketteer kan word. Terme uit wetenskaplike en tegniese taalgebruik, en woorde wat uit sekere taalkringe kom, van plat tot verhewe woorde, behoort etikette te kry. Indien woorde wat uit verskillende geografiese gebiede kom in 'n woordeboek opge-neem word, moet dit vir die gebruiker deur middel van etikette aangedui word. Ook woorde wat aan vreemde tale ontleen is en wat nog nie ingeburger is nie, behoort geëtiketteer te word (Eksteen, 1965: 79).

Otto (1989: 331-340) en Du Toit (1989: 37-91) onderskei 'n hele aantal eti-kette, onder andere stilistiese, geografiese, temporele en vaktaaletikette. Die vernaamste gebruik van stilistiese etikette is om bepaalde sosiolinguistiese waardes van lemmas te illustreer en die gebruik van sulke lemmas in gesprek-situasies te toon (Gouws, 1988: 32). Lemmas wat nie standaardtaalstatus het nie, word met stilistiese etikette gemerk. Dié merkproses moet 'n aanduiding gee of die lemma 'bo' of 'onder' die standaardtaal lê.

Vanweë beperkte ruimte, neem handwoordeboeke nie baie lemmas op wat geografies gemerk hoef te word nie. Dialektiese variasie moet in 'n omvat-tende woordeboek tereg kom, maar in 'n handwoordeboek is daar nie genoeg ruimte beskikbaar nie.

Temporele etikette word gebruik om lemmas te merk wat chronolekties van die standaardtaal afwyk (Gouws, 1988: 15). Woorde verouder gedurig of is aan die verouder. Sommige van dié woorde word in boeke teruggevind, of word nog soms in gesprekke gebruik. Dit kan dus gebeur dat die leksikograaf

van 'n handwoordeboek hulle wil/moet reflekteer. Indien sulke woorde as lemmas in 'n woordeboek opgeneem word, moet hulle temporeel gemerk word. Dit is belangrik dat die leksikograaf sal onderskei tussen woorde wat verouderd is en woorde wat verouderde maar steeds bekende sake aandui. Slegs die eersgenoemde tipe moet (temporeel) gemerk word.

Vaktaaletikette word gebruik om 'n lemma se gebruiksfeer in 'n bepaalde vakgebied of spesialiteitsrigting aan te dui. Otto (1989: 337) wys daarop dat dié tipe etiket veral gebruik moet word waar 'n polisemiese lemma 'n algemene en 'n gespesialiseerde verklaring het. *Kwantumsprong* kan hier gebruik word om dit toe te lig. Die een betekenisonderskeiding, naamlik *'n groot sprong*, is algemeen van aard, en hoef nie gemerk te word nie. Die ander betekenisonderskeiding is egter gespesialiseerd en moet met 'n vaktaaletiket gemerk word om aan te dui dat dit tot die terrein van die fisika behoort. Du Toit (1989: 169) wys tereg daarop dat die etikettering van vakterme op die nie-kenner van die betrokke vakgebied gerig moet word.

3.   Etikette en preskriptiwiteit

Die meeste woordeboekopstellers probeer om deskriptief te werk te gaan met die materiaal tot hul beskikking. Dit is 'n vraag of dit moontlik is om ook ten opsigte van etikette deskriptief te werk te gaan. Dit is ook 'n vraag of die opsteller van 'n woordeboek ten opsigte van etikettering preskriptief te werk gaan as hy net die norm, wat soms wel 'n sekere sensuurwaarde het, dokumenteer. Daar is uiteenlopende standpunte hieroor.

Volgens Eksteen (1965: 209) moet etikettering dokumenterend en nie preskriptief wees nie. Alberts en Mtintsilana (1988: 9) noem dat daar in deskriptiewe woordeboeke etikette gebruik word wat op semantiese neutraliteit wys terwyl etikette in preskriptiewe woordeboeke 'n sekere sensuurwaarde het. Hierdie stellings kan bevraagteken word omdat deskriptiewe woordeboeke ook van etikette gebruik maak wat sensuurwaarde het en wat daarom normatief en nie semanties neutraal is nie. Gouws (1988: 6) wys tereg daarop dat etikette vandag nog preskriptief vanuit 'n objektiewe evaluering kan optree.

Die leksikograaf is nie 'n sedemeester wat die taalgebruik normatief probeer beheer nie, maar 'n woordeboek is 'n spieël van die samelewing en die leksikograaf moet dit wat in die samelewing gebeur, opteken. Dit is die deskriptiewe norm van woordeboekmaak. Die leksikograaf kan egter nie die sosiale norm verontagsaam nie, want dan sal hy die gebruiker in die steek laat (Heestermans, 1988: 24, 25). Stein, aangehaal in Odendal (1978: 71), sluit in die volgende woorde by Heestermans aan: "The lexicographer who does not recognize the existence of long-established strictures in usage has not discharged his full responsibility. He has not been objective and factual: he has reported selectively, omitting references to a social attitude relevant to many words and expressions".

Die opsteller van 'n woordeboek moet daarom deskriptief wees in die aanbieding van stof uit die samelewing, maar hy moet ook normatief wees in die kwalifisering van sommige woorde, anders versuim hy een van sy sentrale take: die aanbied van gebruiksleiding. Soos Heestermans en Stein tereg beweer het, moet die opsteller van 'n woordeboek die sosiale norm weerspieël deur sommige woorde met behulp van etikette te kwalifiseer. Dit is waarskynlik 'n preskriptiewe funksie van die leksikograaf wat in die hantering van etikette uitdrukking sal vind.

4.   Probleme rondom die aanwending van etikette

Die verkeerde aanwending van etikette of die gebrek daaraan kan belangrike implikasies vir 'n woordeboek hê. Die leksikograaf moet toesien dat sy aanbieding van etikette uniform en gebalanseerd is. Cowie (1980: 205), en Monson (1973: 209) beweer tereg dat daar nog dikwels arbitrêre en inkonsekwente besluite ten opsigte van etikettering geneem word. Die leksikograaf moet sorg dra dat etikette nie op sy subjektiewe oordeel berus nie.

Die grootste problematiek met betrekking tot etiketaanduiding het juis te doen met 'n gebrek aan wetenskaplikheid. Bailey (1980: 310) is dus heeltemal reg as hy beweer dat die leksikograaf se artistieke gevoel eerder as 'n suiwer wetenskaplike begronding tot dusver die grootste rol gespeel het by die toekenning van etikette. Dié probleem kom voor omdat sommige leksikograwe nog steeds die bedenklike praktyk vólg deur 'n woordeboek sonder 'n databasis saam te stel. In so 'n geval werk die leksikograaf nooit met konteks nie, maar slegs met gevoel. Die resultaat gee aanleiding tot die etiketteringspraktyk wat Cowie en Monson hierbo kritiseer.

Onwetenskaplike etikettering kan grotendeels ondervang word deur van 'n databasis, veral 'n elektronies-geïndekseerde databasis, gebruik te maak. Hoe groter so 'n databasis, des te wetenskapliker kan die leksikograaf met etikette omgaan omdat hy met werklike taalmateriaal werk. Die leksikograaf hoef hom dus nie tot raaiwerk of sy subjektiewe taalgevoel te wend nie. 'n Tweede faktor wat waarskynlik tot meer geloofwaardige etikettering sal bydra, is die standaardisering van etikette. Dit is hoog tyd dat daar in die Afrikaanse leksikografie werk gemaak word hiervan.

Normaalweg word die standaardtaal ongemerk in handwoordeboeke aangebied. Dit kan dus aanvaar word dat lemmas wat ongemerk in woordeboeke voorkom, die standaardtaal verteenwoordig. Lemmas moet daarom so gemerk word dat afwykings van die standaardtaal gereflekteer word. In dié opsig is dit voorbeeldige leksikografie as *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) die bywoord *dikwerf* as *(verh.)* merk, maar twyfelagtige leksikografie as *dikkop* in die betekenisonderskeiding van *domkop, onnosel persoon* nie gemerk word nie.

Die opstellers van *Nasionale Woordeboek* (voortaan NW) maak hulle soms ook skuldig aan inkonsekwente en gebrekkige etikettering. *Hidroponika, hipallage, hiperbaton, hipotaksis, hipsometer* en *histologie* word nie in NW geëtiketteer nie. Hierdie lemmas het standaardtaalstatus, maar dit is te bevraagteken of hierdie gespesialiseerde lemmas omgangstaalstatus het. Die gebruiker moet in sulke gevalle tegemoet gekom word. Dit is ook inkonsekwente aanbieding as *hiposentrum* gemerk word (met die vaktaaletiket *geol.*) maar die bogenoemde lemmas nie. Die leksikograaf kan meer doen om die gebruiker tegemoet te kom deur stelselmatig en konsekwent te etiketteer.

Sommige etikette wat toegeken word, is ook nie akkuraat nie. In NW word *kruiwa*, 2 geëtiketteer met (skerts.). Die betekenis van *kruiwa*, 2 is "*voorspraak by die verkryging van 'n betrekking*". Die etiket *skerts.* is in dié geval nie akkuraat genoeg nie. *Skertsend* het net 'n positiewe waarde, maar *kruiwa* word in die betekenisonderskeiding hierbo dikwels sarkasties of spottend gebruik. 'n Goeie databasis sou dit in dié geval uitgewys het.

Dit is nie net handwoordeboeke wat leemtes ten opsigte van etikettering vertoon nie. Volgens Monson (1973: 209) moes die Redaksie van Webster's *Third New International Dictionary of the English Language* (voortaan W3) baie kritiek verduur omdat hulle minder etikette gebruik het terwyl daar meer van illustratiewe aanhalings gebruik gemaak is om kontekstuele leidrade te verskaf. Ook Odendal (1978: 71) wys daarop dat Gove (die Hoofredakteur), in 'n mate skuld gehad het aan die fel kritiek wat teen W3 uitgespreek is omdat etikette nie genoeg aandag gekry het nie, en in Odendal se woorde, nie "geraffineer" genoeg was nie.

5.   Die funksie van etikette

Etikette geniet prominensie ten opsigte van hulle plasing en die informasie wat hulle deurgee. Omdat etikette normaalweg in 'n fokusposisie in die artikel staan, is hulle verantwoordelik vir 'n onmiddellike inligtingsoordrag met die eerste deurlees van 'n woordeboekartikel. Dit is daarom belangrik dat etikette maklik verstaanbaar moet wees. Dit is verder belangrik dat teikengebruikers tegemoet gekom word deur konsekwente etikettering.

As etikette reg hanteer word, kan dit 'n belangrike beskrywingsapparaat in 'n woordeboek wees. Gouws (1988: 4, 5) beklemtoon dié feit. Volgens Gouws (1988: 6, 7) is etikette die inskrywingstipe waarin taalkundige én pragmatiese leiding aan die gebruiker verskaf kan word. Taalkundige leiding wat verskaf kan word, is byvoorbeeld die wat rondom die verandering wat in taal kan plaasvind, voorkom. Dit is die leksikograaf se plig om sy teikengebruikers op hoogte te hou daarvan. Een van die maniere waarop dit gedoen kan word, is deur intelligente, gebalanseerde gebruiksinligting en in dié opsig kan etikette van groot waarde wees.

Etikette speel nie net 'n inligtinggewende rol rondom gebruik nie; dit kan ook by die aanbieding van betekenis 'n belangrike funksie verrig deur die gebruiker onmiddellik te plaas ten opsigte van die definiendum. 'n Etiket kan nie alleen die gedifferensieerde aard van die woordeskat wat in woordeboeke tuisgebring word, weergee nie, maar dit kan ook 'n faktor by die betekenisomskrywing van sekere woorde wees (Eksteen, 1965: 210). Die (gebruik)sfeeretikette *landm.* (landmeetkunde), *sweiswerk, drukk.* (drukkuns) en *kartogr.* (kartografie) kan byvoorbeeld help om die terme *kontoerplan, kontoersimbool, kontoerplaat* en *kontoertekening* vir die gebruiker te plaas. Omdat etikette lemmas in bepaalde semantiese velde plaas, het dit 'n bepaalde dekoderende funksie.

Pragmatiese inligting wat deur etikette aangebied kan word, is onder meer waar die gepastheid of nie van 'n woord vir 'n sekere gespreksituasie aangedui word. Op dié wyse dra goeie etikettering by tot suksesvolle kommunikasie. In hierdie opsig vervul etikette dikwels 'n tipe deiktiese funksie deurdat dit die verband tussen 'n woord en die gebruik daarvan lê (Gouws, 1988: 14, Alberts en Mtintsilana, 1988: 9, Kirkpatrick, 1985: 12). Dit is byvoorbeeld die funksie van stilistiese etikette om sosiolinguistiese beperkings van lemmas en die gebruik daarvan in gespreksituasieverband aan te toon (Gouws, 1988: 32).

Etikette kan die leksikograaf ook help om tussen verskillende tipes taalkundige inligting te onderskei — tot voordeel van die gebruiker. Gouws (1988: 39) wys daarop dat leksikografiese benoeming wat per etiket aangedui word, die leksikograaf in dié verband kan help. Die meeste woordeboeke maak van etikette gebruik om bepaalde taalkundige inligtingstipes oor te dra. Metaforiese of figuurlike taalgebruik en gevalle wat na die Engels is, word byvoorbeeld deur middel van etikette in Afrikaanse handwoordeboeke aangedui. Preston (1977: 79) glo dat etikette in algemene woordeboeke eerder sosiale as linguistiese markeerders moet wees, maar etikette se funksie kan wyer strek, ook in algemene woordeboeke.

Een van die voordele van etikette kom voor waar die definiendum nie volgens die tipiese patroon van genus en differentia verklaar kan word nie en waar die klas of kategorie waartoe die lemma behoort, dus nie eksplisiet genoem kan word nie. In so 'n geval vervul die etiket dieselfde rol as wat die genus normaalweg vervul, naamlik om die gebruiker dadelik ten opsigte van die betrokke lemma te plaas. Die etiket *skaak* plaas byvoorbeeld die gebruiker dadelik in die prentjie ten opsigte van die lemma *koningperd.*

Die belangrikheid van etikette blyk daaruit dat woordeboeke beoordeel word volgens die etikette wat daarin aangebied word sowel as die gebruiksleiding ten opsigte daarvan wat voor in die toeligting gegee word (Arnold, 1980: 76). Wells (1973: 108) vat die belang van etikette goed raak as hy die volgende beweer: "Certainly a general dictionary is often consulted for the connotative value of a word, or to determine whether a word is appropriate to a certain situation. To present 'every word mysteriouly labeled for its best contextual appearance' is to fix limits to language; but to find knowledgeable commentary on the sets of relationships which exist between words and the general

situational characteristic of their use is not to ask too much of a general dictionary".

6.   Die aanwending van etikette in Afrikaanse handwoordeboeke

6.1   Inleidend

Etikette, veral dié wat aandui dat sekere woorde formeel of informeel, sleng of taboe is en die wat die definiendum van 'n gespesialiseerde of tegniese lemma presies vir die gebruiker plaas, is vir die gebruikers van 'n woordeboek belangrik. Dit is ook belangrik vir gebruikers wat nog hul moedertaal leer ken, en daarom het die opstellers van handwoordeboeke wat dikwels in skoolverband gebruik word, 'n wesenlike plig in hierdie verband.

Die soort woordeboek wat geskryf word, bepaal die etikette wat aangebied word na hoeveelheid en tipe. Aangesien handwoordeboeke tot 'n groot hoogte slegs die standaardtaal reflekteer, word etikette wat gebruik word om afwykings van die standaardtaal aan te dui, nie so algemeen daarin gebruik as in omvattender woordeboeke nie. Woorde en woordbetekenisse wat nie in stilistiese opsig gelykwaardig is nie, moet egter gereflekteer word. In 'n handwoordeboek kan daar egter nie so baie stilistiese onderskeidings soos in groter woordeboeke gemaak word nie; minder stilistiese etikette kom gevolglik daarin voor.

Alhoewel 'n handwoordeboek minder woorde opneem wat byvoorbeeld ongewoon, weinig gebruiklik, verhewe of plat is (teenoor 'n omvattende woordeboek), moet gevalle wat wel opgeneem word, gemerk word sodat die deiktiese funksie waarvan Gouws praat, vervul kan word. Op dié wyse kry die gebruiker waardevolle gebruiksinligting. Indien die lemma *mynersyds* byvoorbeeld opgeneem word, moet die gebruiker daarop gewys word dat dit verhewe taalgebruik, en nie deel van die alledaagse gebruikswoordeskat is nie. Aan die ander kant moet 'n kragterm soos *bliksem* as 'n vloek gemerk word. Indien die handwoordeboekopsteller nie lemmas merk wat 'bo' en 'onder' die standaardtaal is nie, laat hy sy teikengebruikers in die steek. Van 6.2 tot 6.6 (wat hierop volg) word voorstelle ten opsigte van etikette en etikettering gemaak vir moontlike gebruik in sinchronies verklarende Afrikaanse woordeboeke.

6.2   Stilistiese etikette

Daar is reeds vermeld dat 'n handwoordeboek nie te veel stilistiese etikette behoort aan te wend nie. Dit kan die gebruiker verwar en die leksikograaf se taak vertraag en bemoeilik. Dit is veral noodsaaklik vir gebruikers om te weet of 'n woord standaardtaalstatus het of nie, en indien nie, of die woord substandaard of superstandaard is. Omdat daar oorvleueling tussen sosiolektiese en

stilistiese etikette is, kan daar na dié etikette as sosiostilistiese etikette verwys word. Vanweë die subjektiewe aard van baie van hierdie etikette, is dit moeilik om vaste riglyne neer te lê wat almal tevrede sal stel.

Die etiket *verhewe* kan gebruik word om alle leksikale items wat bo die neutrale vlak van die standaardtaal lê, dit wil sê leksikale items wat tot formele, superformele of superstandaardtaal behoort, te merk. Voorbeelde van dié tipe leksikale items is *jongkragtig, ween, ontslaap, poog,* ensovoorts.

Daar is 'n hele paar etikette wat gebruik kan word om leksikale items te merk wat wissel van geselstaal wat informeel is tot woorde wat meer gestigmatiseer is, byvoorbeeld taboewoorde en -uitdrukkings. Die spektrum van leksikale items wat onder die standaardtaal lê, wissel van items soos *gô, poegaai, makietie,* ensovoorts, tot items soos *kak, moer* en *poep*.

Die etiket *geselstaal* kan gebruik word vir die markering van leksikale items wat net effens onder die neutrale vlak van die standaardtaal lê, byvoorbeeld *gô, gorrel* (as werkwoord), *poegaai, makietie, bakgat,* ensovoorts. Leksikale items wat sonder sterk sarkasme of neerhalendheid gebruik word ter wille van die verkryging van 'n humoristiese effek, byvoorbeeld *boetebessie, kranswagter, kripvreter,* ensovoorts, kan met die etiket *skertsend* gemerk word.

Vir name van plante, diere, kwale, ensovoorts, wat nie-wetenskaplik is en wat in die volksmond ontstaan het, kan die etiket *volksnaam* gebruik word. 'n Voorbeeld van dié tipe is 'n geval soos *kuikendief*. Die probleem wat dikwels in hierdie besondere geval voorkom, is dat leksikale items wat in die volksmond leef, dikwels so algemeen word dat dit nie meer geëtiketteer hoef te word nie. Dit is byvoorbeeld nie nodig om *kelkiewyn* (vir 'n patrys), *klem-in-die-kaak* en *pampoentjies* te etiketteer nie.

Leksikale items wat 'n neerbuigende of geringskattende houding van 'n spreker verraai, dit wil sê items wat dikwels in neerhalende of minagtende verband gebruik word en wat deel uitmaak van beledigende taalgebruik, kan met die etiket *neerhalend* gemerk word. Leksikale items wat met dié etikette gemerk word, kan nog nie as taboewoorde getipeer word nie. Die leksikograaf het veral met dié tipe 'n taak om die gebruiker te waarsku dat sekere woorde of uitdrukkings beledigend of neerhalend kan wees. Deur rassistiese, seksistiese of ander kwetsende items te etiketteer, lê die leksikograaf 'n norm neer vir die gebruiker. Voorbeelde van dié tipe is *boer, hond* (vir die polisie), *hotnot, wyf,* ensovoorts.

Leksikale items wat 'n spreker/skrywer se oordeel verraai, en kragwoordstatus benader, kan met die etiket *skeltaal* gemerk word. Die onderskeid tussen skeltaal, plat taal en vloektaal is nie altyd duidelik nie. In dié verband kan Feinauer (1981: 7) se bevindings die leksikograaf help. Sy onderskei skeltaal van plat taal deur die semantiese kenmerke [+menslik] [+karaktertekenend] aan skeltaal toe te ken. Voorbeelde van dié tipe is *esel, buffel, pampoen, swernoot,* ensovoorts.

Leksikale items wat 'n taboewaarde het en wat gebruik word om 'n saak te benoem waarvan 'n sagter ekwivalent gewoonlik bestaan, kan met die etiket

plat gemerk word. Volgens Feinauer het die tipe leksikale items 'n hoër taboe-waarde as skeltaal. Aan die ander kant het vloeke en vulgêre leksikale items volgens haar 'n hoër taboewaarde as plat taal. Voorbeelde van leksikale items wat met die etiket *plat* gemerk kan word, is *kaalstert, pram, snot*. Leksikale items wat kragwoorde en uitroepe verteenwoordig wat dikwels ter verkryging van 'n bepaalde effek gebruik word, byvoorbeeld met die opset om te skok, en wat dikwels met die weer en buitekonteksgebruikte godsdienswoorde te doen het, kan met die etiket *vloektaal* gemerk word. Voorbeelde is *bliksem, gotta, don-der*, ensovoorts.

Die leksikale items wat die hoogste taboewaarde het, is dié wat veral ver-wys na die onaanvaarbare sosiale gebruik van die laer liggaamsdele, en hulle funksies en produkte. Feinauer (1981: 16) wys daarop dat sulke woorde 'n baie sterk sosiale stigma het. Die etiket *vulgêr* kan gebruik word vir leksikale items soos *poep, skyt, stront*, ensovoorts.

Alhoewel Feinaeur se taboehiërargie baie waardevol vir enige leksiko-graaf kan wees, moet dit in gedagte gehou word dat van haar kategorieë kan oorvleuel. Die lemma *stront* kan gebruik word om dit te illustreer:

> **stront** (*vulgêr*) **I** *s.nw.* **1** Uitwerpsel: *Ek het in 'n bol stront getrap.* **2** (*skeltaal*) Onaangename persoon: *Hy is 'n regte ou stront.* **II** tw. (*vloektaal*) Uit-roep waarmee ontevredenheid of frustrasie te kenne gegee word: *"Stront!" roep hy uit toe hy sy duim raakslaan.*

In betekenisonderskeiding 2 word die lemma *stront* gebruik om mee te skel, maar dit bly vulgêre skeltaal. In II het 'n mens te make met vloektaal en wel met vulgêre vloektaal. Die bogenoemde hantering is myns insiens 'n akkurater refleksie van die leksikale item *stront* se status as om dit net oorkoepelend met *vulgêr* te merk.

6.3   Geografiese etikette

'n Handwoordeboek het nie ruimte om te veel lemmas op te neem wat geogra-fies geëtiketteer moet word nie. Waar dit egter wel gebeur dat gebiedsgebonde lemmas om bepaalde redes opgeneem word, lyk dit sinvol om Du Toit (1989: 167) se raad te volg deur 'n geografiese etiket te kies wat presies dui op die gebied of plek waar 'n bepaalde vorm algemeen voorkom.

6.4   Gebruiklikheidsetikette

Dit is wenslik dat die gebruiklikheid van woorde vir die handwoordeboekge-bruiker aangedui word. Geen aanduiding word benodig indien lemmas stan-daardtaalstatus en 'n normale gebruiksfrekwensie het nie, maar woorde wat minder algemeen of gebruiklik is, moet as sodanig gemerk word. Die etiket

ongewoon, wat maklik verstaanbaar is, kan in so 'n geval vir *laars, kurieus, blaak, gemelik*, ensovoorts, gebruik word. Gevalle wat nie ongewoon is nie, maar wat wel skaarser as ander (wisselvorm- of sinoniem)gevalle is, kan met die etiket *minder gebruiklik* gemerk word. Die voornaamwoord *hul* (vir *hulle*) is byvoorbeeld nie ongewoon nie, maar net minder gebruiklik as *hulle*.

6.5   Temporele etikette

Temporele etikettering moet ook in 'n handwoordeboek beperk aangebied word. Woorde wat verouderd of verouderend is, behoort alleen met groot omsigtigheid as makrostruktuurelemente tereg te kom. Dit kan egter voorkom dat sommige van hierdie woorde, byvoorbeeld argaïsmes, wel opgeneem word. In so 'n geval moet hulle temporeel gemerk word. Ook ten opsigte van temporele etikette moet die leksikograaf nie te 'n wye net span nie. Dit lyk asof twee tipes in die temporele kategorie onderskei kan word, naamlik leksikale items wat na 'n saak verwys wat nie meer vir die hede relevant is nie, en leksikale items waarvan die saak in onbruik, maar nog steeds relevant vir die hede is. Leksikale items waarvan die lekseem nog bekend is in die standaardtaal, maar waarvan die saak verouderd geraak het, moet nie geëtiketteer word nie. Dit is byvoorbeeld nie nodig om *kakebeenwa* of *laer* te etiketteer nie.

Leksikale items wat verouderd is en waarvan daar 'n meer bekende en gebruiklike sinoniem bestaan, moet met die etiket *verouderd* gemerk word. In dié geval word daar streng linguisties geëtiketteer omdat die lekseem en nie noodwendig die saak nie, verouderd is. Voorbeelde van dié tipe is *snaphaan, jongeliede, meug, muid(jie)*, ensovoorts.

'n Leksikale item waarvan die lekseem én die saak verouderd geraak het, kan met die etiket *histories* gemerk word. Sulke woorde het 'n lae gebruiksfrekwensie en hulle sal nie sonder meer in 'n handwoordeboek opgeneem word nie. Indien leksikale items soos *landauer, kwispedoor*, ensovoorts, opgeneem word, behoort hulle egter gemerk te word.

6.6   Gebruiksfeeretikette

Aangesien ons in 'n tegnologies snel ontwikkelende wêreld leef, kom daar waarskynlik meer tegniese en gespesialiseerde woorde in handwoordeboeke voor as wat algemeen vermoed word. Terme van dié aard wat 'n redelike lae gebruiksfrekwensie het, behoort deur middel van vaktaaletikette gemerk te word. Vaktaaletikette slaag meermale daarin om die gebruiker deur die onmiddellike inligtingsoordrag ten opsigte van die lemma te plaas. Sulke etikette het dus dikwels 'n dekoderende waarde. Voorbeelde van dié tipe etikette is *landmeetkunde, sweiswerk, houtwerk*, ensovoorts.

6.7   Slotsom

'n Handwoordeboekopsteller moet seker maak dat alle lemmas wat nie tot die standaardtaal behoort nie, gemerk word. Die etikette wat gebruik word, moet verder volledig in die toeligting van die woordeboek verklaar word. Die toeligting van die meeste handwoordeboeke in Afrikaans is in dié verband ontoereikend.

Etikette mag nie lukraak of inkonsekwent toegeken word nie. Dit kom meermale in handwoordeboeke voor dat leksikale items wat op dieselfde wyse gemerk moet word omdat hulle aan dieselfde beperkings onderhewig is, verskillend hanteer word. Dit is nodig dat daar met die aanbieding van etikette, soos met die aanbieding van ander inligtingstipes, 'n uniformiteit en konsekwentheid van aanbieding moet wees. Die etikette wat aangewend word, moet ook maklik begrypbaar wees; daarom moet vreemde of onbekende woorde nie as etikette gebruik word nie. Etikette wat in 'n handwoordeboek gebruik word, moet myns insiens ook nie afgekort word nie omdat dit die onmiddellike inligtingsoordrag waarvoor etikette verantwoordelik is, in die gedrang kan bring.

Die behoeftes van die teikengebruikers van 'n woordeboek is bepalend by die keuse van etikette. Omdat etikette die taalgebruiker met intelligente, gebalanseerde en ingeligte gebruiksleiding kan help, is leidinggewende etikettering belangrik. Nie alleen kan etikette 'n sensurerende waarde hê nie, maar die onkundige gebruiker kan ook deur middel van veral vaktaal- en gebruiksetikettering dadelik ten opsigte van 'n lemma geplaas word.

Ter afsluiting kan Du Toit (1989: 171) oor etikette en hulle belangrikheid aangehaal word: "... Gebruiksleiding in handwoordeboeke (is) nie slegs 'n bykomende hulp nie, maar 'n noodsaaklikheid. 'n Woordeboek is waarskynlik die enigste bron waar die gewone taalgebruiker leiding sal kry oor sekere aspekte van temporele of geografiese beperktheid, of die gebruiksfeer, stylaard, gebruiksfrekwensie, en status van leksikale items. Dit behoort die redaksionele beleid van álle woordeboeke, omvattendes sowel as handwoordeboeke, te wees om op die basis van ekstensiewe navorsing en oorleg, gebruiksleiding deur etikette te verskaf".

Verwysings

1.   Woordeboeke

De Villiers, M. e.a. 1985⁶. *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou.

Gove, P.B. 1961. *Webster's Third New International Dictionary of the English Language*. Springfield, Massachusetts: Merriam-Webster.

Odendal, F.F. e.a. 1979². *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Doornfontein: Perskor.

2. Ander bronne

Alberts, M. en P. Mtintsilana. 1988. Leksikografiese ontleding van Afrikaanse en Afrikatale-leksi-kon. *RGN-verslag LEXI-2.* Pretoria: RGN.

Arnold, D.I. 1980. College-Level Dictionaries and Freshman Composition. *Dictionaries* 2-3, 1980-81: 69-79.

Bailey, R. 1980. Bespreking oor Ekbo se *Reflections on Some Kind of Information Given in Historical Dictionaries.* Pijnenburg, W. en F. de Tollenaere (Reds.). 1980: 310.

Cowie, A.P. 1980. Lexicography and its Pedagogic Applications. *Applied Linguistics* II(3): 203-206.

Du Toit, E.L. 1989. *Sosiolinguistiese gegewens in woordeboeke.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

Feinauer, A.E. 1981. *Die taalkundige gedrag van vloekwoorde in Afrikaans.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

Eksteen, L.C. 1965. *Die leksikale definisie. 'n Leksikografiese ondersoek.* Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Gouws, R.H. 1988. Die gebruik van etikette as leksikografiese hulpmiddel. *S.A. Tydskrif vir Taal-kunde.* Geleentheidsuitgawe 6: 1-56.

Heestermans, H. 1988. Woordenboek: wetboek of archief? *Nieuw letterkundig magazijn,* Des. 1988: 24-25.

Hobar, D. (Red.). 1982. *Papers of the Dictionary Society of North America 1977.* Terre Haute, Indiana: The Dictionary Society of North America, Indiana State University.

Ilson, R. (Red.). 1985. *Dictionaries, Lexicography and Language Learning.* Oxford: Pergamon Press.

Kirkpatrick, B. 1985. A Lexicographical Dilemma: Monolingual Dictionaries for the Native Speaker and for the Learner. Ilson, R. (Red.). 1985: 7-13.

McDavid, R.I. Jr. en A.R. Duckert (Reds.). 1973. *Lexicography in English.* Annals of the New York Academy of Sciences 211. New York: The New York Academy of Sciences.

Monson, S.C. 1973. Restrictive Labels — Descriptive or Prescriptive? McDavid, R.I. Jr. en A.R. Duckert (Reds.). 1973: 208-212.

Odendal, F.F. 1978. Die gesag van die woordeboek. Snyman, H. (Red.). 1978: 65-77.

Otto, A.N. 1989. *Kriteria vir 'n Afrikaanse aanleerderwoordeboek.* Ongepubliseerde D. Litt.-verhande-ling. Universiteit van Stellenbosch.

Pijnenburg, W. en F. de Tollenaere (Reds.). 1980. *Proceedings of the Second International Round Table Conference on Historical Lexicography.* Dordrecht: Foris Publications.

Preston, D.R. 1977. Distinctive Feature Labeling in Dictionaries. Hobar, D. 1982: 78-93.

Snyman, H. (Red.). 1978. *Uit vier windstreke.* Kaapstad: Nasou.

Wells, R.A. 1973. *Dictionaries and the Authoritarian Tradition.* Den Haag: Mouton.

Die nuwe *AWS* in die praktyk: 'n gebruikersoorsig na twee jaar[1]

J. du T. McLachlan, *Taalpraktisyn, Pretoria, Suid-Afrika*

Abstract: The *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* in Practice: A User's View after Two Years of Use. A language practitioner takes a critical look at the eighth improved edition of the *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, the authoritative Afrikaans spelling list and spelling rules, after using it intensively for two years. The first impression contains many confusing typographical errors, but these have for the most part been corrected in the second. In many respects the Eighth Edition is an improvement on its predecessor; the rules are explained more comprehensively and the spelling list and abbreviations list are greatly expanded. The spelling list contains more information for the user, for example more diminutives, degrees of comparison, attributive past participles and certain compounds the styling of which often presents problems for writers of Afrikaans. However, some of these rules create problems: they complicate established usage unnecessarily, are formulated inadequately and are difficult to apply in practice, and the examples are too simplistic. The list also contains many apparent inconsistencies the ordinary user may find incomprehensible and confusing. The conclusion is that, while the publication is in many respects more user-friendly than its predecessor, it lacks the necessary consistency and cohesion. Many shortcomings could have been eliminated if the complete draft had been submitted to language practitioners to use and evaluate in practice.

Keywords: ABBREVIATIONS, COMPREHENSIVE EXPLANATIONS, DEGREES OF COMPARISON, DIMINUTIVES, EDITING, EXPANSIONS, INCONSISTENCIES, INDEX, LANGUAGE DESIGNATIONS, LINK PHONEMES, NEW RULES, NEW WORDS, NUMERALS, OVERALL IMPRESSION, PAST PARTICIPLES, PROPER-NAME RULE, SEPARATED COMPOUNDS, SPELLING LIST, SPELLING RULES, TERMS, VULGAR FRACTIONS

Opsomming: Die agste, verbeterde uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* word na twee jaar se intensiewe gebruik in die taalpraktyk krities beskou. Hoewel die eerste druk heelwat verwarrende setfoute het, is dit in die tweede druk grotendeels reggestel. Die *AWS⁸* het heelwat verbeteringe vergeleke met sy voorganger, soos omvattender omskrewe reëls en 'n grootliks uitgebreide woordelys en afkortinglys. Die woordelys bevat meer inligting, soos meer verkleiningsvorme, trappe van vergelyking, adjektiwies gebruikte voltooide deelwoorde en samestellings waarvan die skryfwyse problematies kan wees. Terselfdertyd lewer van die reëls probleme op omdat hulle onnodig kompliserend is, ontoereikend geformuleer is, eensoortig geïllustreer is of prakties moeilik toegepas word. Daar is ook heelwat oënskynlike inkonsekwenthede in die woordelys wat vir die gewone gebruiker onbegryplik en verwarrend is. Die gevolgtrekking is dat hoewel die *AWS⁸* in sommige opsigte gebruikersvriendeliker as sy voorganger is, daar by die opstel daarvan skynbaar te seksioneel te werk gegaan is en dat hegter koördinering nodig was. Baie tekortko-

minge sou uitgeskakel gewees het as die konseppublikasie eers aan taalpraktisyns voorgelê is om in die praktyk te toets.

Sleutelwoorde: AFKORTINGS, AFSTANDSAMESTELLINGS, BREUKNAME, EIENAAM-REëL, EIETYDSE WOORDE, GEHEELINDRUK, INDEKS, INKONSEKWENTHEDE, NUWE REëLS, OMVATTENDER OMSKRYWINGS, SPELREëLS, TAALNAME, TEKSVERSORGING, TELWOORDE, TERME, TRAPPE VAN VERGELYKING, UITBREIDINGS, VERKLEINWOORDE, VOEGSELS, VOLTOOIDE DEELWOORDE, WOORDELYS

1.   Inleidend

1.1   Kritiese beskouing

Die nuwe *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*[2] (hierna *AWS*[8]) het nagenoeg twee jaar gelede verskyn. Ten tyde van die vrystelling is daar heelwat gesê oor veral die groter vryheid wat dit vir gebruikers van Afrikaans sou bring en die groter gebruikersvriendelikheid daarvan. Na twee jaar van intensiewe gebruik van die *AWS*[8] kan uitsprake soos dié, maar ook die publikasie as geheel, seker weer krities beskou word.

1.2   Praktyk as uitgangspunt

Die bespreking wat volg, is die mening van 'n taalpraktisyn wat daagliks die reëls van die *AWS*[8] moet toepas en daagliks vrae oor Afrikaanse taalgebruik (dikwels met spesifieke verwysing na die *AWS*[8]) moet beantwoord, en wil dus nie voorgee om 'n suiwer taalwetenskaplike of leksikografiese analise te wees nie. Die menings is my eie (hoewel ek die insigte wat verskeie kollegas met my gedeel het, met dank erken) en die kritiek wat uitgespreek word, is nie punte-nerigheid of foutsoekerigheid nie, maar spruit sonder uitsondering voort uit probleme en navrae wat uit die harde werklikheid van die praktyk gekom het.

2.   Verbeteringe

2.1   Gebruikersvriendelikheid

Die *AWS*[8] is inderdaad in sommige opsigte gebruikersvriendeliker as sy voor-ganger, maar dan moet 'n mens die boek in sy geheel deeglik leer ken. Dit is terselfdertyd egter ook 'n punt van kritiek, want diegene wat dit nie doen of die nodigheid daarvar insien nie, kan maklik onder 'n wanindruk kom as hy die *AWS*[8] bloot selektief of lukraak as vinnige naslaanbron gebruik. Dit is hoofsaaklik die gevolg van die feit dat sekere alternatiewe wat in die spelreël-

gedeelte gegee word, nie in die woordelysgedeelte gereflekteer word nie. Die Taalkommissie (TK) meld hierdie feit wel duidelik op verskeie plekke (o.a. op pp. 6 en 7), maar 'n mens moet nogal kophou om te onthou watter alternatiewe nié in die woordelys gegee word nie (vgl. byvoorbeeld p. 13 #3 3.1 en p. 24 # 3.4(1), teenoor p. 24 # 3.1). Die TK sou die *AWS* 8baie meer gebruikersvriendelik gemaak het as hy by die talle inskrywings in die woordelys ten opsigte waarvan daar keuses in die spelreëls gelaat word, 'n kommentaarsimbool aangebring het om die gebruiker se aandag daarop te vestig dat hy 'n keuse het.

2.2   Omvattender omskrywings

Die *AWS*8 is heelwat lywiger as die vorige uitgawe: die woordelys is langer met meer "probleem"-samestellings en die afkortinglys is 'n reuseverbetering op die vorige.

Die spelreëls is eweneens omvattender omskryf en geïllustreer, en is in sommige opsigte ook toegankliker. Nietemin is die "wetenskaplike" inslag daarvan — wat 'n sekere taalkundekennis, en minstens vertroudheid met die terme in die termlys, veronderstel — blykens talle navrae wat ek al ontvang het, soms 'n probleem. So byvoorbeeld moet die gewone gebruiker direk die verskil tussen afleidings en samestellings ken om die deelteken x koppelteken-reël op p. 32 # 1.1.2(1) — die verskil tussen *geëien* en *toe-eien* — te kan toepas.

Daarenteen word die beginsel agter die skryfwyse van *ekonomieseklaspassa-sier* e.d. nóg op p. 36 nóg op p. 72 of elders verklaar. 'n Eenvoudige verduideliking van die verskil tussen konstruksies soos *warm waterbottel* en *warmwaterbottel* en 'n saaklike reëlformulering daarby sou al baie help. Eweneens word die stelsel van meervoudsvorming by sekere tipes koppelinge (p. 28 # 4) byvoorbeeld glad nie verklaar nie. Hier moet m.i. gesê word hoekom dit *luitenant-generaals* maar *direkteurs-generaal* is.

2.3   Eietydse woorde

Die woordelys bevat ook heelwat eietydse woorde en verbindings wat nou deur die TK as Standaardafrikaans gesanksioneer is, of wat so gedurig verkeerd gespel of geskryf word. Die lys sluit woorde in wat in die pers opsien gebaar het, soos *steak* en *tjopper*, maar ook talle ander, soos —

affair, berese x *bereisde, blosser, braaivleis* (die kos én die geleentheid), *country* (musiek), *drein* -e of -s, *drom* ('n - petrol), *dwelm* -s, *faks* (ww. en s.nw.), *fooi* (professionele vergoeding), *impak, implementeer, integrale* naas *integrerende deel*, *luuks* (b.nw.), *monitor* (ww.) x *moniteer, ombudsman, pornofilm, spitsuur, stres, subpoena* (ww. en s.nw.), *trippel* (drie maal), *tussenpose* -s, *uitstaande*

('n - prestasie), *vanilla* (naas *vanielje*), *vertoring* (naas *vertoorn!*), *vigilante*, *vigs*, *Zimbabwiër* (nie **Zimbabweër* nie).

2.3.1 Gebruiklikheidsheidsaanduidings

Hoewel op p. 5 beklemtoon word dat die *AWS[8]* nie 'n woordeboek is nie en 'n mens dus nie woordeboekinligting daarin moet verwag nie, sou dit tog gerade wees om soms gebruiklikheidsaanduidings te gee by woorde soos *tjopper*, *hendikep*, *kys*, *laitie*, *propper(s)*, *spot* (vrae -) e.d. Die TK gee immers toe (p. 2 # 4) dat opname in die *AWS* die status van Standaardafrikaans aan woorde verleen.

2.3.2 Norme

'n Mens wonder soms ook onwillekeurig volgens watter norme dié status verleen word. Hoekom sou *steak*, *tjopper* en *boks(e)* aanvaarbaar wees, maar *jeans*, *belt* en *tjips* nie? En as *vertoring* nou aanvaarbaar is, is dit so vergesog om te dink dat "Sy toring het ontvlam" ook gaan volg? *Bylaag* word naas *bylae* erken en *demoon* naas *demon*, maar nie byvoorbeeld *aflas* naas *afgelas* of *ampuul* naas *ampule/ampul* of *ikoon* naas *ikon* nie — almal, het die ondervinding geleer, ewe veel voorkomende vorme.

2.4 Nuttige uitbreidings

Die heelwat groter getalle verkleinwoorde wat gegee word, is ook 'n verbetering, en miskien nog nuttiger is die tientalle byvoeglik gebruikte voltooide deelwoorde (dikwels onder *ge-* ingeskryf) — daardie ewige probleem van *-de* of *-te*. Laasgenoemde probleem word ook redelik uitvoerig bespreek op pp. 23-25, en die reëling dat werkwoorde wat op *f*, *g* of *s* uitgaan, nou maar 'n *-te* of 'n *-de* kan kry (p. 24 # 3.4), sal dit vir talle makliker maak.

Hoewel die kwessie van woordgroepe waarvan 'n afleiding gevorm word en wat dan vas geskryf word, in die spelreëls bespreek word (bv. p. 71 # 2.3), is daar talle voorbeelde van sulke groepe en die gepaardgaande afleidings in die lys. Hopelik sal die gewone taalgebruiker hierby baat vind. Dieselfde kan gesê word van die herbereëling van aksenttekengebruik (hfst. 8, pp. 30-31).

2.5 Trappe van vergelyking

By die oorgrote meerderheid van die byvoeglike naamwoorde word daar nou ook trappe van vergelyking gegee — ook baie nuttig. Hoewel die meeste steeds slegs die *-er/-ste* kry, is dit opvallend hoe dikwels *meer/mees* nou ook

aanvaarbaar is. Die beginsel waarvolgens albei vorme toegelaat word, is onduidelik. Dit wil voorkom asof daar enigsins arbitrêr te werk gegaan is, asof gebruiksfrekwensie soos die TK dit sien, die maatstaf was.

2.6   Voegsels

Dit is ook van harte te verwelkom dat die *AWS⁸* op pp. 15-16, # 3.6, die mite dat voegsels ("soms verkeerdelik 'n *verbindingsklank* genoem" — p. 10) vermy moet word, die nek inslaan. Nie dat al die probleme daarrondom nou opgelos is nie, maar daar is nuttige riglyne. 'n Welkome paragraaf is ook *Die koppelteken as weglatingsteken* (p. 43 # 4). Hierin word o.a. die kwessie van *staats- en provinsiale hospitale* x **provinsiale- en staatshospitale* bespreek, asook die ou geskilpunt van *mans- en dameskoene* x **man- en dameskoene* (wat op p. 15, # 3.6.1, gemotiveer word).

2.7   Afkortings

Die afkortingslys is eweneens grootliks uitgebrei en gemoderniseer. Die afkortingsreëls word ook uitvoeriger uiteengesit, met duidelike standpunte oor die gebruik van punte en, nuut, die gebruik van koppeltekens in afkortings. Wat laasgenoemde betref, val koppeltekens in afkortings weg, bv. *lt.genl.* i.p.v. *lt.-genl.*, hoewel dit nie beteken dat verbindings met afkortings nou ook sonder koppeltekens moet wees nie (p. 331 # 6) — 'n misverstand wat al opgeduik het. Die TK skryf nou voor dat afkortings van graadname punte móét hê (p. 330 # 4.1).

Hoewel dit duister is waarom punte by graadafkortings verpligtend is terwyl dit by talle ander vergelykbare soorte afkortings minstens opsioneel is, is dit seker gerieflik om 'n vaste reël te hê waar 'n mens nie aan 'n bepaalde universiteit se stelsel gebonde is nie. Die omvattendheid van die lys graadafkortings maak dit egter 'n baie nuttige naslaanbron.

2.8   Terme en indeks

Nuut in die *AWS⁸* is ook 'n lys termverklarings (pp. 8-10), wat noodsaaklik is vir die gebruiker wat nie met taalkundige terme bekend is nie, of wat terme soos *skeibare werkwoorde, lettergrepe* en *verbindingsklanke* ken en "soms nog verkeerdelik" gebruik. Hier word diesulkes daarop gewys dat onderskeidelik *deeltjiewerkwoorde, sillabes* en *voegsels* eintlik die korrekte terme is.

Daar is ook agter in die boek 'n indeks (pp. 385-393), wat nuttig kan wees mits die gebruiker die terme en die uiteensetting van die indeks ken.

3.   Teksversorging

3.1   Setfoute

Die eerste druk het heelwat setfoute. Die meeste daarvan (39) is in 'n erratalys
agter in die boek vervat, maar daar is ook 'n klompie ander, waarvan sommige
nogal verwarrend is. Dit is jammer, want duisende mense gebruik natuurlik
nog hierdie eerste druk. Verreweg die meeste van die foute is egter in die
tweede druk reggestel, met inbegrip van alfabetiese verskuiwings waar nodig.
Die oorblywendes is seker nie van kritieke belang nie.

3.2   Kommentaar

Van die regstellings en oorblywende foute verdien egter kommentaar:

(a)   Die skryfwyse *ouer-onderwyser-vereniging* is verander tot *ouer-onderwy-*
sers-vereniging.

Eersgenoemde skryfwyse kom ooreen met die reël op p. 36, # 3.1, terwyl
laasgenoemde skryfwyse in stryd is met die beginsel op p. 36, # 2.2.1(2),
ás die *s* 'n voegsel is. As dit 'n meervouds-*s* is, klink dit soos 'n vereni-
ging van onderwysers en 'n ouer, wat onsinnig is. Die *s* word seker
amper uitsonderingloos uitgespreek, maar is dit nodig om 'n gevestigde
skryfwyse te verander om in die keurslyf van die soms twyfelagtige reël
en voorbeelde op pp. 36 en 37 in te dwing?

(b)   Die verandering van *volvet (- kaas)* tot *volvetkaas* vestig noodwendig die
aandag op soortgelyke kombinasies oral in die woordelys, byvoorbeeld:

volvetkaas	*keurgraad botter*
eerstegraadperske	*oorgewig bagasie*
oopplankombuis	*kaalvoet seun*

Die verskil lê vermoedelik daarin dat, na iemand se oordeel, die bepalers
van sulke kombinasies soms predikatief gebruik kan word en soms nie.
Dié soort kombinasie word egter nêrens verduidelik of bereël nie, en
skep, het die praktyk geleer, baie verwarring by sowel "gewone" as meer
ingeligte gebruikers.

(c)   Die eerste druk het op p. 43 in # 4 (Opm.) die voorbeeld *wol- en*
poliësterbaadjies x *wol-en-poliëster-baadjies* gebruik, wat natuurlik, volgens
die nuwe reël op p. 35, # 2.1.4.1, *wol- en poli-esterbaadjies* en *wol-en-poli-*
ester-baadjies moes gewees het. In die tweede druk is *poliëster* deur *katoen*

vervang. Dit stel wel die setfout reg en illustreer die betrokke reël goed genoeg, maar los nog nie die eintlike probleem op nie. 'n Mens kry immers nog steeds baadjies van wol en poli-ester, en hier en in tientalle ander kombinasies sit 'n mens nog steeds met onaanvaarbare skrifbeelde.

beteken dat hy baie geld en goed besit, terwyl

Hy is ryk aan X

beteken dat hy ruim voorsien is van X.

Sodra *aan* by *ryk* gevoeg word, verander die betekenis dus. Vergelyk ook:

(13)   Sy is erg *vatbaar vir* verkoue.
(14)   Hy is *vatbaar vir* goeie indrukke.

In albei sinne is *vir* + aanvulling verpligtend. Vergelyk:

(15)   Sy is erg vatbaar. ·
(16)   Hy is vatbaar.

In Afrikaanse woordeboeke word hierdie onderskeid glad nie aangedui nie.

1.3   Linguistiese kategorieë wat as adjektiefkomplemente kan optree

Die volgende aspek met betrekking tot adjektiefkomplemente wat bespreek word, is die verskillende linguistiese kategorieë wat as adjektiefkomplemente kan optree. Die volgende elemente kan as adjektiefkomplemente in Engels voorkom:

a   prepositional phrases (*Alcoholic drinks are not available to people under eighteen*)
b   infinitive clauses (*He is willing to be honest*)
c   *ing*-clauses (*It is handy living on campus*)
d   *that-, if-* en *wh*-clauses (*It is nice that/would be nice if you could come; Judith was not certain whether/where/when she had met Dennis*) (Herbst 1984: 5).

In Afrikaans sou a, b en d moontlik kon geld op basis van die vraagkriterium soos voorgestel deur Herbst (1984: 5). Daarvolgens neem opsionele komplemente vraagvorme wat *wie* of *wat* bevat, terwyl perifere elemente nie hierdie vrae toelaat nie.

Vergelyk die volgende voorbeelde:

(17)   (a) dit was goed, om eerlik te wees,
        (b) Dit was goed om eerlik te wees.

Slegs in (b) kan die vraag: *Wat* was goed? gestel word. Voorbeeld (b) bevat dus die opsionele komplement *om eerlik te wees*, terwyl dieselfde element in (a) 'n perifere element is.

Daar sal egter deeglike navorsing gedoen moet word om vas te stel watter kriteria vir Afrikaans geld. Binne die raamwerk van die valensieteorie kan 'n onderskeid dan getref word tussen komplemente en perifere elemente by adjektiewe en op grond daarvan kan die konstruksies wat in 'n aanleerderwoordeboek opgeneem moet word, en die vorm waarin dit opgeneem moet word, bepaal word.

Herbst (1984: 6) sê dat daar geargumenteer kan word dat woordeboeke vir die aanleerder nie noodwendig daarop gerig moet wees om 'n omvattende beskrywing van die komplementeringsmoontlikhede te gee nie, aangesien sommige patrone nie algemeen voorkom nie of beperk is tot sekere stylvlakke. Indien dit nie die geval is nie, kan hulle insluiting meer misleidend as bruikbaar vir die aanleerder wees. Aan die ander kant moet daar onthou word dat woordeboeke soos OALDCE en LDOCE nie slegs bruikbare instrumente vir die aanleerder vir enkodering is nie, maar dat hulle ook van groot belang is vir die onderwyser van die vreemde taal wat die woordeboek sal raadpleeg om vas te stel of 'n konstruksie (soos gebruik deur 'n aanleerder) aanvaarbaar is al dan nie. Herbst (1984: 6) kom dan tot die gevolgtrekking dat woordeboeke soos OALDCE en LDOCE wel na omvattendheid moet streef. Dit is tog wenslik dat patrone wat nie algemeen voorkom nie, ooreenkomstig die beperking gemerk moet word, byvoorbeeld deur etikette soos *seldsaam, informeel*, ensovoorts.

'n Gebrek aan ruimte kan as 'n verdere argument aangevoer word vir die nie-opname van patrooninligting. Herbst (1984: 6) wys nietemin daarop dat patrooninligting nie baie ruimte in beslag hoef te neem nie. Verder kan inligting oor komplemente aansienlik verbeter word indien die onderskeid tussen komplemente en perifere elemente by die saamstel van voorbeeldsinne in ag geneem word.

In die geval van die adjektief *available*, gee LDOCE byvoorbeeld slegs voorbeelde wat perifere elemente bevat: *There is water available at the hut; I'm sorry, sir, these shoes are not available in your size.* Indien hierdie sinne vervang sou word deur sinne met komplemente soos *Alcohol is not available to children* en *There is no space available for parking your car there* sal die betekenis van die

adjektief ewe goed geïllustreer word. Terselfdertyd word relevante sintaktiese inligting gegee sonder dat meer ruimte benodig word (Herbst 1984: 6).

2.   Slotwoord

Om reg te laat geskied aan sy funksie as aanleerhulpmiddel, behoort 'n aanleerderwoordeboek baie meer grammatiese inligting as standaardwoordeboeke te bevat. Inligting moet ook meestal eksplisiet aangedui word om verwarring by aanleerders te voorkom. Ten opsigte van adjektiewe moet die volgende grammatiese inligting in aanleerderwoordeboeke aandag geniet: 'n aanduiding of adjektiewe verbuig moet word of nie, trappe van vergelyking, 'n volledige identifikasie van adjektiewe, 'n aanduiding of adjektiewe net attributief of net predikatief kan optree, die verskillende wyses waarop *so* en *sulke* gebruik word, die feit dat nie alle "voltooide deelwoorde" uit lydende vorme met *wees* gevorm kan word nie, die voorsiening van 'n spellys met die name van mense, lande, plekke, volkere, stamme, tale, asook afleidings daarvan, kruisverwysings tussen selfstandige naamwoorde/werkwoorde en hul adjektiwiese korrelate indien daar groot verskille tusen hulle is, en die aandui van adjektiefkomplemente. Meer gedetailleerde grammatiese inligting, soos hierbo uiteengesit, kan daartoe lei dat aanleerderwoordeboeke effektiewe aanleerhulpmiddels word, wat aanleerders kan help om selfstandig nuwe, natuurlike sinne in Afrikaans te skep.

Verwysings

1.   Woordeboeke

Bosman, D.B., I.W. van der Merwe en L.W. Hiemstra. 1984[8]. *Tweetalige Woordeboek/Bilingual Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.

De Villiers, M. e.a. 1985[6]. *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou.

Hornby, A.S. e.a. 1974. *Oxford Advanced Learner's Dictionary of Current English*. Oxford: Oxford University Press.

Odendal, F.F. e.a. 1979[2]. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Doornfontein: Perskor.

Proctor, P. e.a. 1978. *Longman Dictionary of Contemporary English (LDOCE)*. Londen, Harlow: Longman.

2.   Ander bronne

Carstens, W.A.M. 1991. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Academica.

204   Anna Nel Otto

De Villiers, M. 1983. *Afrikaanse grammatika vir volwassenes.* Goodwood: Nasou.

Emons, R. 1978. *Valenzgrammatik für das Englische.* Tübingen: Niemeyer.

Gouws, R.H. 1986. *Die taalkundige grondslae van die teoretiese leksikografie en die praktiese neerslag van taalkundige inligting in woordeboeke.* RGN-verslag.

Herbst, T. 1984. Adjective Complementation: A Valency Approach to Making EFL Dictionaries. *Applied Linguistics* 5(1): 1-11.

Ilson, R. (Red.). 1985[5]. *Dictionaries, Lexicography and Language Learning.* Oxford: Pergamon Press.

Jackson, H. 1985. Grammar in the Dictionary. Ilson, R. (Red.). 1985[5]: 53-59.

Leech, G.N. 1981[2]. *Semantics.* Harmondsworth: Penguin.

Lyons, J. 1977. *Semantics.* Volume 1 & 2. Cambridge: Cambridge University Press.

Matthews, P. 1981. *Syntax.* Cambridge: Cambridge University Press.

Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis.* Pretoria: Van Schaik.

Quirk, R. e.a. 1972. *A Grammar of Contemporary English.* Londen: Longman.

Sweet, H. (1899/1964). *The Practical Study of Languages.* Londen: Dent (heruitgawe Londen: Oxford University Press).

Funksies van voorbeeldmateriaal in eentalige woordeboeke*

L. Rademeyer, *Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Stellenbosch, Suid-Afrika*

Abstract: Functions of Illustrative Material in Monolingual Dictionaries. Illustrative material is a microstructural element which in most dictionaries is not used to its full potential. Interaction between examples and other microstructural elements is imperative. Correlation between the definiens and illustrative material in the dictionary article aids the user of the dictionary with his encoding skills. Without illustrative material supporting it the information conveyed by the definiens is not as significant as it could be. However, illustrative material should not be viewed as an only means of conveying semantic information. Correlation between usage labels and examples is especially important. An example which contradicts a label, or vice versa, confuses the user. If either label or illustrative material is absent, the user can easily be misled. Illustrative material should also support the grammatical information given in the dictionary article. It has an implicit function because it complements and illustrates the explicit information. A correlation between these two microstructural elements of the dictionary article will result in a dictionary which is more user-friendly. Both citations and constructed examples can be applied successfully to assist the user in the comprehension and generation of utterances. Furthermore examples shows that each lexical item is related to others semantically as well as syntactically. Certain semantic resemblances and differences between related lexical items are reflected by illustrative material. Illustrative material should not be viewed as an optional element of the dictionary article, but as an essential component thereof.

Keywords: CITATIONS, CONSTRUCTED EXAMPLES, CONTEXT, DEFINIENS, DICTIONARY ARTICLE, DICTIONARY USER, EVIDENCE OF USAGE, EXAMPLES, GRAMMATICAL INFORMATION, ILLUSTRATIVE MATERIAL, INTERACTION, LEMMA, LEXICAL ITEM, PRAGMATIC, REGISTER, SEMANTIC, SEMANTIC RELATIONS, SYNTACTIC USAGE

Opsomming: Voorbeeldmateriaal is 'n mikrostrukturele element van die woordeboekartikel wat in die meeste woordeboeke nie tot sy volle reg kom nie. Interaksie tussen voorbeelde en ander mikrostrukturele elemente is noodsaaklik. Korrelasie tussen die definiens en voorbeeldmateriaal in die woordeboekartikel help die woordeboekgebruiker met sy enkoderingsvaardighede. As 'n definiens nie deur voorbeeldmateriaal ondersteun word nie, is die inligting wat daarin vervat is, nie so betekenisvol as wat dit kan wees nie. Voorbeeldmateriaal behoort egter nooit as enigste definiëringsmeganisme op te tree nie. Korrelasie tussen gebruiksetikette en voorbeelde is veral

---

* Hierdie artikel is 'n verkorte en aangepaste hoofstuk uit 'n M.A.-tesis, *Die funksies van verbale voorbeeldmateriaal in eentalige woordeboeke*, wat in Januarie 1992 deur die Universiteit van Stellenbosch aanvaar is.

belangrik. 'n Voorbeeld wat 'n etiket weerspreek, of omgekeerd, verwar die gebruiker. Indien óf etiket óf sitaat ontbreek, kan die woordeboekgebruiker maklik mislei word. Voorbeelde behoort ook die grammatiese inligting in die woordeboekartikel te ondersteun. Dit het 'n implisiete funksie in hierdie geval, aangesien dit die eksplisiete inligting aanvul en illustreer. 'n Woordeboek waarin hierdie twee mikrostrukturele elemente korreleer, is gebruikersvriendelik. Sowel sitate as poëme kan suksesvol gebruik word om die gebruiker te help met die verstaan en voortbring van taaluitings. Verder toon voorbeeldmateriaal ook aan dat elke leksikale item op semantiese sowel as sintaktiese vlak verwant is aan ander leksikale items. Dit weerspieël ook bepaalde semantiese ooreenkomste en verskille tussen verwante leksikale items. Voorbeeldmateriaal behoort nie as 'n bykomende element van die woordeboekartikel beskou te word nie, maar as 'n noodsaaklike komponent daarvan.

Sleutelwoorde: BETEKENISBETREKKINGE, BEWYS VAN GEBRUIK, DEFINIENS, GRAMMATIESE INLIGTING, INTERAKSIE, KONTEKS, LEMMA, LEKSIKALE ITEM, POëME, PRAGMATIES, REGISTER, SEMANTIES, SINTAKTIESE GEBRUIK, SITATE, VOORBEELDE, VOORBEELDMATERIAAL, WOORDEBOEKARTIKEL, WOORDEBOEKGEBRUIKER

1.   Inleiding

Voorbeeldmateriaal kan verbaal of nie-verbaal wees. *Verbale voorbeeldmateriaal* sluit eenwoordsitate, kollokasies en voorbeeldsinne in. *Nie-verbale voorbeeldmateriaal* verwys na illustrasieprente, grafieke en soortgelyke hulpmiddels. In die bespreking wat volg, word slegs die funksies wat verbale voorbeeldmateriaal as mikrostruktuurelement van die woordeboekartikel verrig, gedek. Wanneer daar dus na *voorbeeldmateriaal* verwys word, gaan dit om verbale voorbeeldmateriaal.

Volgens Wiegand (1988: 52) is die woordeboekartikel 'n geordende versameling leksikografiese tekssegmente en/of teksboustene waarby die lemma die verpligte teksbousteen is. Indien die woordeboekartikel so beskou word, vorm die voorbeeldmateriaal een van die tekssegmente waaruit dit opgebou is. Elke stuk inligting wat 'n inskrywing in die woordeboekartikel vorm, vorm ook 'n tekssegment of -bousteen daarvan. Dit is noodsaaklik dat hierdie tekssegmente mekaar aanvul en dat daar 'n eenheidskarakter tussen hulle bestaan. Voorbeeldmateriaal speel 'n belangrike rol in die bewerkstelliging van hierdie eenheidskarakter. Die voorbeeldmateriaal in 'n woordeboekartikel sê iets meer oor die lemma as element van die woordeskat. Hierdie inligting is van groot belang. Hoewel dit implisiete inligting is, kan die weglating daarvan die woordeboekgebruiker van belangrike inligting ontneem.

In hierdie artikel word onder andere gepoog om aan te toon dat voorbeeldmateriaal die eksplisiete inligting wat in die woordeboekartikel gegee word, op verskillende vlakke ondersteun.

2.   Wisselwerking tussen voorbeeldmateriaal en definiens

Voorbeeldmateriaal en definiens is twee tekssegmente wat nie onafhanklik van mekaar kan optree nie. 'n Woordeboekartikel is onvolledig indien daar nie voorbeeldmateriaal is wat die inligting wat in die definiens gegee word, aanvul en illustreer nie. Dit moet beklemtoon word dat voorbeeldmateriaal nie daar is om leemtes in die definiens te ondervang nie. Dit dien as ondersteunende element by 'n volledig gedefinieerde lemma of betekenisonderskeiding daarvan.

2.1   Alleenstaande definiens

Wanneer 'n definiens verskaf word wat nie met voorbeeldmateriaal aangevul word nie, is die inligtingsoordrag onvolledig. Indien die woordeboekgebruiker van óf 'n sinoniemdefinisie óf 'n betekenisomskrywing voorsien word, en dit nie aangevul word met 'n praktiese illustrasie van die gebruik van die lemma nie, is die definiens van minder waarde. Die afwesigheid van 'n wisselwerking tussen definiens en voorbeeldmateriaal veroorsaak 'n verskraling van die inligting wat die gebruiker uit die woordeboekartikel kan ontsluit. Vergelyk in hierdie verband Lombard (1992: 161) se uitspraak dat die enkoderende funksie van voorbeeldmateriaal nie geringgeskat moet word nie.

Die definiens wat by betekenisonderskeiding 1 van **moeilik** in *Nasionale Woordeboek* (voortaan NW) voorkom, is *wat inspanning vereis*. Aangesien dit nie deur voorbeeldmateriaal aangevul word nie, is dit nie duidelik ten opsigte van watter tipe(s) naamwoord(e) die woord *moeilik* in hierdie betekenis gebruik kan word nie. 'n Kort, deursigtige voorbeeld soos *'n moeilike som* sou hier van waarde wees om 'n tipiese attributiewe gebruik van *moeilik* saam met 'n selfstandige naamwoord te illustreer. Vergelyk ook *die werk was baie moeilik* ("dit het groot inspanning vereis") as voorbeeld van 'n predikatiewe gebruik van *moeilik*.

Vergelyk ook die volgende definiens wat by die vierde betekenisonderskeiding van **plak II** in NW gegee word: *jou vestig*. Aangesien hier geen voorbeeldmateriaal of etikettering is nie, kan die woordeboekgebruiker die aanname maak dat *plak* in hierdie betekenis in enige konteks gepas sou wees. Na analogie van die inligting wat verskaf is, kan 'n sin soos die volgende verkeerdelik gevorm word: *Piet plak in Kaapstad vandat hy daar werk*. 'n Vollediger definiens en duidelike illustrasievoorbeelde sou hier help om 'n wisselwerking tussen definiens en voorbeeld te bewerkstellig. As definiens kan byvoorbeeld 'n omskrywing soos die volgende gegee word: *jou onwettig of sonder die toestemming van ander inwoners of eienaars in 'n gebied vestig*. 'n Voorbeeld soos die volgende sou hier nuttig gewees het: *Die hawelose mense het sommer op die vlakte begin plak, en nou is daar 'n plakkersdorpie*.

2.2   Voorbeeldmateriaal sonder definiens

Voorbeeldmateriaal moet nooit as enigste definiëringsmeganisme aangewend word nie. Dit behoort gebruik te illustreer, ter aanvulling van 'n definiens wat betekenisleiding verskaf.

In die negende uitgawe van Samuel Johnson se woordeboek *A Dictionary of the English Language* word voorbeeldmateriaal in die vorm van sitate soms as enigste definiëringsmeganisme aangewend. Dit kom volop voor, byvoorbeeld by die volgende lemmas: **abdomen, cartilage, macaw-tree, marrow** en **stable-stand**. In sommige gevalle het sulke sitate ortografies die vorm van 'n definiens. Tog word dit van inligting soos die naam van die outeur voorsien. Dit gaan hier om 'n vermenging van betekenis- en gebruiksleiding. Hierdie ontsporing van inligtingsaanbieding kan die woordeboekgebruiker grootliks verwar.

Die implikasie van hierdie werkswyse is dat dit aan die woordeboekgebruiker oorgelaat word om sowel betekenis- as gebruiksinligting uit die sitate te haal en hierdie twee inligtingstipes van mekaar te skei. Daar word hoë eise aan die woordeboekgebruiker gestel, aangesien hy nou self die leksikograaf se siftingstaak moet uitvoer terwyl eersgenoemde voorsiening moes gemaak het vir duidelik omlynde definiense en voorbeelde. 'n Bondige definiens, met die noodsaaklikste inligting, aangevul deur 'n voorbeeld waarin die lemma se *gebruik* in die taal geïllustreer word, sou beter leiding verskaf.

2.3   Gebrekkige definiens plus voorbeeld

Indien die leksikograaf streef na 'n volkome wisselwerking tussen voorbeeld en definiens, behoort hy altyd te poog om eers volledige betekenisleiding te verskaf. Daar kan nie vir gebrekkige definiëring vergoed word deur die verskaffing van uitgebreide voorbeeldmateriaal nie. Dit behoort nie vir die woordeboekgebruiker nodig te wees om *betekenisinligting* in die voorbeeldmateriaal te gaan soek nie. Elkeen van hierdie mikrostruktuurelemente behoort hul eie funksie en plek in die artikel te beklee.

3.   Wisselwerking tussen die aanduiding van styl- of registervlak en voorbeeldmateriaal

Waar 'n lemma geëtiketteer is en dus in die een of ander opsig afwyk van die standaardtaal, behoort daar voorbeeldmateriaal te wees ter ondersteuning van die inligting wat per etiket verskaf is. Indien óf voorbeeld óf etiket ontbreek, kan hierdie twee mikrostruktuurelemente mekaar nie aanvul nie.

Dit is ook noodsaaklik dat voorbeeldmateriaal en etiket met mekaar korreleer. Vergelyk die artikel van **blotto** in die *Longman's Dictionary of Contempora-*

ry English (voortaan LDOCE): *Old John was really blotto last night.* Die etiket wat gegee word, is *BrEng sl.* Die voorbeeldsin illustreer die inligting wat eksplisiet deur die etiket daargestel is op 'n praktiese wyse. Hier is dus wel 'n wisselwerking tussen etiket en voorbeeldsin. Die twee mikro-inskrywings korreleer met mekaar.en verskaf nuttige leiding aan die woordeboekgebruiker.

Dit behoort ook nie vir die woordeboekgebruiker nodig te wees om uit die voorbeeldmateriaal af te lei dat die lemma geëtiketteer moes gewees het nie. Indien dit nodig sou wees, is onvolledige leiding verskaf. By die lemma **gawk** in LDOCE word die volgende voorbeeld gegee: *Don't gawk at it, do something!* 'n Moedertaalspreker van Engels sou waarskynlik kon aflei dat 'n etiket soos *infml* (d.i. *informal*) hier nodig is. Dat die etiket ontbreek, is egter 'n tekortkoming.

In 'n aanleerderwoordeboek is etikettering van die allergrootste belang, aangesien die gemiddelde gebruiker van so 'n woordeboek nie oor moedertaalsprekerintuïsie ten opsigte van die taal wat hy aanleer, beskik nie. Daar kan dus nie van die woordeboekgebruiker verwag word om aannames te maak met betrekking tot gebruik of enige ander aspek van die taal nie: die inligting moet eksplisiet gegee word.

4.   Wisselwerking tussen eksplisiete en implisiete grammatiese inligting

Dit is noodsaaklik dat daar in elke woordeboekartikel grammatiese inligting verskaf sal word. Hierdie inligting word eksplisiet as afsonderlike mikrostrukturele inskrywings aangebied. Voorbeeldmateriaal verskaf implisiete grammatiese inligting, met ander woorde dit ondersteun en illustreer die eksplisiete grammatiese inligting wat per opmerking of etiket gegee is. Gouws (1989:230) noem dat voorbeeldsinne 'n illustrasie van tipiese grammatiese patrone moet bied.

'n Voorbeeld van eksplisiete grammatiese inligting wat by werkwoordelike lemmas verskaf behoort te word, is die plasing van die verledetydsmorfeem **ge-** om die verledetydsvorm van die werkwoord te vorm. By deeltjiewerkwoorde moet byvoorbeeld aangetoon word dat die verledetydsmorfeem **ge-** tussen die werkwoordelike deel en die deeltjie geplaas moet word. Indien 'n voorbeeldsin of -frase hierdie inligting prakties illustreer, korreleer die eksplisiete en implisiete inligting met mekaar. Die woordeboekgebruiker word terselfdertyd ook van 'n praktiese illustrasie van die eksplisiete inligting voorsien.

In NW word die eksplisiete grammatiese inligting, naamlik die aandui van die plasing van **ge-** by deeltjiewerkwoorde dikwels nie aangevul met voorbeeldmateriaal nie. Vergelyk die lemmas **hokslaan, stokkiesdraai, visvang, voetslaan** en **weglaat.** Sulke woordeboekartikels is onvolledig. Ter wille van sintaktiese leiding is dit veral noodsaaklik om volsinne by sulke lemmas as voorbeelde te gee.

5.   Sitate as bewysmateriaal

Sitate, dit wil sê voorbeelde van aangehaalde taalgebruik, dien eerstens as
bewys dat 'n woord wel in 'n taal bestaan en optree. By omvattende woorde-
boeke stel die samestellers daarvan hulle dit ten doel om die volle inventaris
van die taal se woordeskat in hulle woordeboeke weer te gee. In sulke woor-
deboeke verskyn daar dikwels leksikale items wat vir die gemiddelde woorde-
boekgebruiker heeltemal onbekend is. Hier dien sitate as bewysmateriaal van
die bestaan van hierdie leksikale items. Dit geld veral gevalle waar 'n woord
die maaksel van 'n digter of skrywer is. Geeraerts en Janssens (1982: 18-19)
noem dat voorbeelde bewys lewer daarvan dat 'n bepaalde betekenis nie 'n
versinsel van die leksikograaf is nie.

Indien die woordeboekgebruiker 'n woord wat vir hom onbekend is met
'n sitaat daarnaas in die woordeboek aantref, is hy nie net verseker van die feit
dat die woord wel in die taal voorkom nie, maar ook in watter styl- en register-
vlakke dit tipies optree. Voorbeeldmateriaal is hier veral nuttig waar 'n woord
'n beperkte gebruikspektrum het.

Voorbeeldmateriaal dien ook op 'n tweede vlak as bewysmateriaal.
Anderson, Goebel en Reichmann (1983: 29) wys daarop dat voorbeeldmateriaal
alles wat dit in die woordeboekartikel voorafgaan, bewysbaar maak. Dit illu-
streer dus die gegewe sintaktiese, morfologiese, semantiese en grammatiese
inligting. Hierdie funksie sluit dus aan by die daarstel van 'n wisselwerking
tussen die verskillende tekssegmente om 'n eenheidskarakter in die woorde-
boekartikel te skep.

6.   Voorbeeldmateriaal het genererende krag

Zgusta (1971: 264) noem dat 'n leksikograaf nooit volledig kan werk nie, en
slegs enkele voorbeelde kan gee wat vir die woordeboekgebruiker as aanspo-
ring moet dien om ander uitings te vorm na analogie van die gegewe voorbeel-
de. Voorbeeldmateriaal help die woordeboekgebruiker om patroonmatigheid
raak te sien en soortgelyke grammaties korrekte uitings te vorm. Dit help hom
dus met enkodering. Voorbeelde moet dus met groot sorg gekies word om die
woordeboekgebruiker te help by die vorming van nuwe uitings.

Voorbeeldmateriaal moet op verskeie vlakke verteenwoordigend wees
van dit wat tipies in die taal optree. Hierdie funksie is veral by eentalige aan-
leerderwoordeboeke baie belangrik. Die niemoedertaalspreker kry al die inlig-
ting in die woordeboekartikel in die vreemde taal. Hy het dus nie die voordeel
van 'n vertaling of omskrywing van die inligting in sy moedertaal nie.

In sy keuse van voorbeeldmateriaal moet die leksikograaf daarteen waak
om te veel voorbeelde van afwykende, abnormale of atipiese taalgebruik te
gee. Sulke voorbeelde kan die woordeboekgebruiker mislei en verwar. Dit is

ook nie vir hom van veel waarde wanneer hy dit raadpleeg vir enkoderings-
doeleindes nie. Dit geld ook woordeboeke vir moedertaalsprekers.

Vergelyk die volgende voorbeeld wat by **afoor** in die *Verklarende Hand-
woordeboek van die Afrikaanse Taal* (voortaan HAT) optree: *Van Gogh was afoor
teen die einde van sy lewe.* Hierdie voorbeeld dui eerder 'n moontlike as 'n tipie-
se gebruik van *afoor* aan. Die feit dat die sin lagwekkend is terwyl dit nie ver-
onderstel is om dié effek op die leser te hê nie, is 'n aanduiding daarvan dat dit
as voorbeeldsin misluk. 'n Alombekende tipiese kombinasie soos *'n afoor koppie*
sou hier 'n beter keuse wees, aangesien dit genererende krag sal hê. Die woor-
deboekgebruiker kan byvoorbeeld na analogie daarvan die naamwoordstuk *'n
afoor beker* vorm en suksesvol gebruik.

7.   **Voorbeeldmateriaal illustreer sintaktiese verbindingsmoontlikhede
van lemmas asook die beperkinge daarop**

Die optrede van sommige leksikale items is beperk tot bepaalde sinstipes.
Hierdie inligting word met behulp van voorbeeldmateriaal geïllustreer. By
lemmas waarby daar 'n beperking is op die sintaktiese omgewing waarin die
woord kan optree, kan hierdie inligting as eksplisiete grammatiese inligting
verskaf word. By kleiner woordeboeke, waar sulke inligting weens gebrek aan
spasie nie eksplisiet aangebied kan word nie, vervul voorbeeldmateriaal 'n baie
belangrike funksie.

Hierdie funksie van voorbeeldmateriaal geld byvoorbeeld sekere adjunk-
te. Die woord *allesbehalwe* tree slegs in positiewe stelsinne op. In HAT word
wel 'n voorbeeldsin by **allesbehalwe** gegee, naamlik *Hulle het my allesbehalwe
goed ontvang.* Die sin illustreer die korrekte optrede van hierdie adjunk. Dit is
goeie leiding. Ter aanvulling van hierdie leiding sou eksplisiete inligting ook
aan die gebruiker gegee kon word in die vorm van 'n etiket, naamlik *slegs in
positiewe stelsinne.*

Nog 'n groep leksikale items waarvan die sintaktiese optrede beperk is, is
neweskikkers. By sekere korrelatiewe neweskikkers kan slegs woorde as kon-
junkte optree; by ander woorddele, woorde en sinne. Hierdie inligting moet in
die voorbeeldmateriaal weerspieël word. Vergelyk byvoorbeeld die korrelatie-
we paar *nóg...nóg.* Hier kan twee tipes konjunkte optree, naamlik woorde en
woorddele. Die volle gebruikspektrum van die lemma moet weerspieël word.
By **nog II** in NW is daar twee voorbeelde, naamlik *Hy het nóg kind nóg kraai* en
Nóg die een, nóg die ander. Dit is goeie leiding, aangesien dit toon dat 'n naam-
woordstuk met slegs 'n enkele naamwoord asook 'n uitgebreider naamwoord-
stuk as konjunkte kan optree. Hier moes egter nog 'n voorbeeld opgetree het,
wat sou aandui dat woorddele ook as konjunkte van hierdie korrelatiewe
neweskikkingspaar kan optree, byvoorbeeld *Hy eet nóg vis- nóg herderspastei.*

8.   Voorbeeldmateriaal illustreer die lemma se gebondenheid aan 'n konteks

Hierdie funksie van voorbeeldmateriaal kan geklasssifiseer word as 'n pragmatiese funksie. Dit is 'n funksie wat beperk is tot sitate uit die geskrewe en optekeninge uit die gesproke taal. Fox (1987: 141) toon aan dat dit belangrik is dat voorbeelde deel vorm van 'n samehangende stuk teks, aangesien taal nie bestaan uit 'n reeks geïsoleerde sinne nie. 'n Nadeel van poëme is dat hulle dikwels veels te netjies afgeronde klein gehele is. In werklike taalgebruik kom daar egter sekere elemente voor wat verraai dat 'n sitaat deel vorm van 'n groter geheel. 'n Voorbeeld hiervan is teksbindmiddels. Woorde soos *en, daarna* en *toe* verbind 'n stuk teks aan dit wat dit voorafgaan of dit wat daarop volg. Tydsadjunkte soos *toe* en *daarop* verbind ook stukke teks met mekaar om 'n groter geheel te vorm.

In omvattende woordeboeke word grootliks van sitate gebruik gemaak om werklike taalgebruik weer te gee. 'n Woordeboek soos die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* bevat talle gesiteerde voorbeelde wat illustreer·dat hierdie stukke teks oorspronklik deel gevorm het van 'n groter geheel. Vergelyk byvoorbeeld die volgende sitaat by **klits**[2], betekenisonderskeiding 1: *Daarna kom die louwarm water, en 'n bietjie klits maak alles mooi deurmekaar.* Die woordeboekgebruiker wat hierdie sitaat lees, kan duidelik sien dat hierdie sin nie 'n geïsoleerde sin is nie, maar uit 'n groter stuk teks geneem is.

9.   Voorbeeldmateriaal onderskei die lemma van ander semanties verwante lemmas

Indien die leksikon van 'n taal beskou word as 'n netwerk van betekenisbetrekkinge, moet daar aanvaar word dat geen leksikale item los staan van alle ander leksikale items nie. In die definiens word dikwels van leksikale betrekkinge soos sinonimie, antonimie en hiponimie gebruik gemaak om 'n lemma te definieer. Voorbeeldsinne verrig 'n soortgelyke funksie. Leksikale items wat aan 'n lemma verwant is, tree dikwels in voorbeeldsinne onder daardie lemma op. In sulke voorbeeldsinne word daar aan die woordeboekgebruiker riglyne gegee ten opsigte van die korrekte gebruik van meer as een leksikale item. Hierdie tipe voorbeeld verskaf nie net nuttige sintaktiese leiding nie, maar is boonop ekonomies.

Hierdie funksie van voorbeeldsinne help om die sintaktiese optrede van 'n lemma te laat aansluit by dié van ander lemmas deurdat die leksikon van 'n taal beskou word as deel van 'n netwerk van betekenisbetrekkinge. Vir verdere inligting oor die struktuur van die leksikon, vergelyk De Stadler (1989: 52).

By **kuns** in NW kom die volgende voorbeeld onder die eerste betekenisonderskeiding voor: *Fotografie kan ook kuns wees.* In hierdie sin is *fotografie* 'n

hiponiem van die superordinaat *kuns*. Die twee leksikale items val in dieselfde semantiese veld, naamlik dié van kunsvorme.

By **gelowige** in HAT kom 'n soortgelyke voorbeeld voor: *'n Mens is óf 'n gelowige óf 'n ongelowige*. In hierdie sin is daar 'n semantiese verhouding van opposisie tussen *gelowige* en *ongelowige*. Dit gaan hier oor 'n komplementêre paar.

10.   Slotwoord

Voorbeeldmateriaal kan 'n belangrike bydrae lewer tot die geslaagdheid van 'n woordeboekartikel mits dit op doeltreffende wyse gebruik word om onderlinge samehang te bewerkstellig tussen die verskillende mikrostrukturele inligtingstipes in die artikel. Dit is noodsaaklik dat elke leksikograaf ingestel sal wees op die behoeftes van woordeboekgebruikers om sy woordeboek gebruikersvriendeliker te maak. In sy hantering van voorbeeldmateriaal moet die leksikograaf altyd in gedagte hou dat voorbeeldmateriaal 'n verteenwoordigende monster van werklike taalgebruik moet wees. Sowel die gesproke as die geskrewe taal moet in sy voorbeeldmateriaal verteenwoordig word. Sitate en poëme kan met groot sukses vir hierdie doel aangewend word.

Verwysings

Anderson, R.R., U. Goebel en O. Reichmann. 1983. Probeartikel zum frühneuhochdeutschen Wörterbuch. Wiegand, H.E. (Red.). 1983: 11-52.

De Stadler, L.G. 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern.

De Villiers, M. e.a. 1987[7]. *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou.

Fox, G. 1987. The Case for Examples. Sinclair, J.M. (Red.). 1987: 137-149.

Geeraerts, D. en J. Janssens. 1982. *Wegwijs in woordenboeken*. Assen: Van Gorcum.

Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie*. Kaapstad: Academica.

Hyldgaard-Jensen, K. en A. Zettersten (Reds.). 1988. *Symposium on Lexicography III*. Tübingen: Max Niemeyer.

Johnson, S. 1806[9]. *A Dictionary of the English Language*. Londen: Luke Hansard.

Lombard, F.J. 1992. Voorbeeldmateriaal in woordeboeke. *Lexikos* 2: 148-164.

Odendal, F.F. 1979[2]. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Doornfontein: Perskor.

Procter, P. (Red.). 1984[2]. *Longman Dictionary of Contemporary English*. Essex: Longman.

Sinclair, J.M. (Red.). 1987. *Looking Up*. Londen: Collins.

Wiegand, H.E. (Red.). 1983. *Germanistische Linguistik* 1-4/82. Hildesheim: Georg Olms Verlag.

Wiegand, H.E. 1988. Überlegungen zu einer Theorie der lexikographischen Sprachbeschreibung. Hyldgaard-Jensen en Zettersten (Reds.). 1988: 35-72.

Zgusta, L. 1971. *Manual of Lexicography*. Den Haag: Mouton.

Geraadpleegde werke

Abraham, W. 1974. *Terminologie zur neueren Linguistik.* Tübingen: Max Niemeyer.

Gouws, R.H. 1982. *Die skrapping van identieke stukke in Afrikaanse neweskikkingskontruksies.* Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.

Hartmann, R.R.K. (Red.). 1983. *Lexicography: Principles and Practice.* Londen: Academic Press.

Landau, S.I. 1984. *Dictionaries: The Art and Craft of Lexicography.* New York: The Scribner Press.

Lemmens, M. en H. Wekker. 1986. *Grammar in English Learners' Dictionaries.* Tübingen: Max Niemeyer.

Levinson, S.C. 1983. *Pragmatics.* Cambridge: Cambridge University Press.

Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis.* Pretoria: J.L. Van Schaik.

Wolski, W. *Partikellexikographie.* 1986. Tübingen: Max Niemeyer.

Die agtste deel van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

Edith H. Raidt, *Universiteit van die Witwatersrand,
Johannesburg, Suid-Afrika*

Abstract: **Volume VIII of the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* ("Dictionary of the Afrikaans Language").** Since its inception in 1926 as a government funded project, the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* has undergone repeated editorial changes which caused extensive delays in the publication of volumes I-VIII (1951-1991) and, quite understandably, elicited serious criticism. With the publication of Volume VIII the letter K is at long last completed. It has taken three decades to compile the words starting with K. Such a delay is totally unacceptable and one can only hope that the future volumes will appear in reasonably quick succession. Volume VIII seems to be a volume in transition concerning editorial policy. Great progress has been made in avoiding the much criticised encyclopedic approach of preceding volumes, the articles are better structured, semantic definitions are on the whole succinct, but the quotations are still too numerous and without any clear sequence. The main points of criticism expressed in this article concern (1) the random choice and ordering of quotations; (2) the lack of consistent etymological references, (3) the lack of historical principles.

However, Volume VIII contains many signs of promising developments which seem to indicate that the future volumes will be the fruit of clearly defined editorial policies, resulting in speedy, yet thorough publications.

Keywords: AFRIKAANS, ANGLICISM, CITATION, COMPOSITUM, DEFINITION, DERIVATION, DICTIONARY, EDITORIAL POLICY, ENGLISH, ETYMOLOGY, HISTORICAL PRINCIPLES, IDIOM, (VERBAL) ILLUSTRATION, LEMMA, LEXICOGRAPHY, LOANWORD, NEOLOGISM, REGIOLECT, SOCIOLECT, STANDARD LANGUAGE, TERMINOLOGY, VARIANT

Opsomming: Vanaf sy begin in 1926 het die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* baie ingrypende redaksionele wysigings ondergaan. Dit het veroorsaak dat die publikasie van dele 1 tot VIII (1951-1991) met onaanvaarbaar lang vertragings gepaard gegaan het. Met WAT VIII is die letter K — na drie dekades — uiteindelik klaar. Hierdie deel is klaarblyklik die produk van 'n oorgangsfase in die redaksionele beleid. Dit is veel strakker in die aanbod, die artikels is beter gestruktureer, die betekenisdefinisies is op min uitsonderings na nie meer ensiklopedies van aard nie. Daar is egter nog steeds onnodig baie en sleg geordende voorbeeldmateriaal wat nie op historiese beginsels gebaseer is nie hoewel daar indirek waardevolle historiese inligting verskaf word. Die hoofkritiek wat in hierdie artikel geopper word, het betrekking op (1) die lukraak keuse van aanhalings; (2) die wegskram van etimologieë; (3) die afwesigheid van historiese beginsels.

WAT VIII toon egter in baie opsigte 'n belowende vooruitgang. Dit laat 'n mens uitsien na 'n beter omlynde redaksionele beleid wat hopelik sal lei tot 'n deeglike en spoedige voortsetting van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*.

Sleutelwoorde: AFLEIDING, AFRIKAANS, ANGLISISME, DEFINISIE, ENGELS, ETIMO-LOGIEë, HISTORIESE BEGINSELS, IDIOME, LEENWOORDE, LEKSIKOGRAFIE, LEMMA, NEOLOGISMES, POëME, REDAKSIONELE BELEID, REGIOLEK, SAMESTELLING, SITAAT, SOSIOLEK, STANDAARDTAAL, TEGNIESE TERME, TERMINOLOGIE, VARIANT, WOORDE-BOEK

1.   Inleiding

As 'n mens van 'n "leksikografiese generasie" kan praat dan is dit van toepassing op die optekening van die letter K in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (voortaan WAT), want dit het die leksikograwe van die Woordeboek-redaksie dertig jaar geneem om die letter K te behandel en af te rond. K is wel op een na die langste letter in 'n Afrikaanse woordeboek, nogtans bly dit 'n onaanvaarbare slakkepas; mens kan net hoop dat so 'n vertraging in die toekoms nie meer gebeur nie. Met die verskyning van die Agtste Deel van die WAT (KOS-KYWIEHOUER), wat 584 bladsye beslaan en van 'n uitgebreide inleiding (12 paginas) voorsien is, het die taalgebruiker egter 'n belangrike toevoeging tot sy broodnodige naslaanwerke gekry. Al is ons nou nog nie eens halfpad deur die alfabet nie, is 'n mens tog dankbaar vir hierdie vooruitgang wat bowendien selfs belowend lyk.

Die WAT het 'n uiters trae begin gehad. Reeds in 1926 is die projek onder leiding van prof. J.J. Smith van stapel gestuur met die verondersteling dat dit teen 1936 voltooi sou wees. Die bedoeling was om 'n deskriptiewe woordeboek van die standaardtaal op te stel, 'n soort Afrikaanse Van Dale (Gouws en Ponelis 1992: 21-23). Maar van die begin af het sake anders verloop want prof. J.J. Smith se beleid was veel meer omvattend. Soos uit die materiaalversameling van die vroeë jare blyk, het hy 'n groot aantal nie-standaardvorme opgeteken. Die gebrek aan 'n duidellke en haalbare redaksionele beleid het die publikasie met dekades vertraag. Volgens Gouws en Ponelis (1922: 22) het dit gelei

> ... to a divergence between this dictionary and the main stream research in Afrikaans linguistics. This divergence resulted in the linguistic isolation of the WAT, but in addition it diminished the potential influence on the development of Afrikaans of the most expensive and comprehensive lexicographical and linguistic project within that language community.

Ten tye van J.J. Smith se aftrede was daar nog geen persklaar manuskrip gereed nie. Nadat P.C. Schoonees die hoofredakteur geword het, verskyn in 1950 deel I (A-C), vyf jaar later deel II (D-F), deel III (G) volg in 1957 en deel IV

(H-I) in 1961. Van toe af sloer die saak egter weer.. Eers sewe jaar later verskyn deel V (J-KJ) en word daar met die letter K begin wat na 'n pouse van 8 jaar in 1976 uiteindelik voortgesit word in deel VI (KLA-KOL). Na nog 'n pouse van agt jaar verskyn deel VII wat die letter K vanaf KOM tot by KOR- behandel. Maar toe is K nog steeds ver van klaar. Die hoofredakteurs vir die dele V en VI was F.J. Snijman, vir VII en VIII D.C. Hauptfleisch. Onder die hoofredakteur-skap van dr. Snijman het die WAT al hoe meer ensiklopedies van aard geword wat nie tot voordeel van dle Woordeboek was nie. Dit het dan ook duidelik in die kwaai maar regverdige kritiek wat veral deel VI uitgelok het, tot uiting gekom (vgl. Combrink 1979 en Odendal 1979).

Dit is tog vreemd dat 'n ander belangrike en rigtinggewende naslaanwerk in dieselfde tydperk ook besonder lank gesloer het, nl. die sewende uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (1991, voortaan AWS), wat 'n volle 27 jaar na die vorige uitgawe gepubliseer is. Wat het in die afgelope drie dekades, wat andersins gekenmerk was deur vooruitgang en vinnige ontwikkeling op amper alle lewensterreine, gebeur om dergelike vertragings toe te laat? Gebrek aan taalkundige leiding en inisiatief? Verwaarlosing van die leksikografie as 'n taalkundige dissipline? Of diepgaande herbesinning en heroriëntering t.o.v. die beskrywing van die Afrikaanse leksikon? Die jongste AWS getuig beslis van 'n nuwe benadering, veral teenoor leenwoorde en neologismes en is in die opsig die WAT vooruit.

2.   Tradisie én vooruitgang

Hoewel deel VIII nog duidelik in die tot dusver gebruiklike tradisie van die WAT I-VII staan, is daar tog opvallende verbeterings. Die ensiklopediese aan-bod is nog nie heeltemal uitgeskakel nie maar dis aansienlik besnoei. Daar is tekens van 'n strakker aanbod van die leksikale items; die artikels is beter gestruktureer; die oordadige aanbod van aanhalings word oor die algemeen besnoei hoewel dit tog plek-plek nog kop uitsteek. Die "Toeligting by die gebruik van die Woordeboek" (pp. viii-xix) getuig van 'n nuwe benadering, en veral van 'n beter verantwoording en sistematisering a.g.v. 'n strakker redak-sionele beleid. In teenstelling met vorige dele word daar pertinent op termino-logieverklaring, rangskikking en vorm van artikels, samestellings en afleidings, verwysingsmetodes by wisselvorme, variante, sinonieme en antonieme en ander aspekte ingegaan wat getuig van die redaksie se meer sistematiese bena-dering en meer doeltreffende beskrywing van leksikale items en die verwer-king van die data. Oor die algemeen is daar 'n groot vooruitgang in die beteke-nisdefinisies van woorde. In teenstelling met die omslagtigheid van bv. WAT VI, word betekenisse nou meestal in kort sinne met tersaaklike inligting ver-skaf. 'n Mens verwelkom die goed verantwoorde betekenisonderskeiding, betekenistoepassing en betekenisindeling soos vermeld in die Toeligting pp. viii, xi, en die aandag wat aan homonieme gegee word. Lg. word omskryf as

Leksikale item met dieselfde vorm (spelling) as 'n ander, maar waarvan
die betekenis sodanig verskil dat die leksikale items tans as onverwant
aan mekaar beskou word, ongeag of hulle 'n gemeenskaplike of verskil-
lende herkoms het (p. viii).

Hoewel die term *polisemie* nie in die "Terminologieverklaring" opgeneem is nie,
word die verskil tussen homonimie en polisemie tog gehandhaaf en op grond
van sinchroniese oorwegings gemaak. Soos Gouws (1989: 126) opmerk, verg
"die korrekte leksikografiese hantering van polisemiese gevalle ... deeglike taal-
kundige insig". Hier toon die leksikograwe van WAT VIII goeie oordeel en
knap hantering van homonieme en poliseme.
    Nie alle artikels volg dieselfde patroon nie. Sommige is hegter saamgestel
as ander, soms is daar nog steeds onnodige aanhalings; soms is die verklarings
tog nog aan die ensiklopediese kant (bv. by **kriterium, kropmelk, kroton** e.a.);
en wat die keuse van opname en behandeling in die vorm van artikels betref,
wil dit voorkom of daar nog nie 'n duidelik omlynde strategie bestaan nie.
Gevolglik kry 'n mens die indruk dat hierdie deel 'n soort oorgangsfase daar-
stel en dat die redaksie besig is om 'n nuwe beleid t.o.v. die volgende dele van
die Woordeboek te ontwikkel. Dit sou beslis 'n wenslike ontwikkeling wees
wat deur die woordeboek-gebruiker verwelkom sal word.

3.   Bronne

Die leksikale items van deel VIII is op 'n indrukwekkende en redelike verteen-
woordigende databasis uit meer as 3 000 bronne gebaseer. Eintlik sou 'n mens
meer bronne oor regionale Afrikaans daarby wou gehad het, bv. die studies
van Tony Links, *So praat ons Namakwalanders* (1989), Van der Waal-Braaksma
en Ferreira, *Die Noordweste* (1986), Hans du Plessis, *Suidwesafrikaans* (1985), om
slegs enkeles te noem. Maar hierdie beperking tot "Standaardafrikaans" kan
dalk as 'n terugkeer tot die oorspronklike opset van die WAT beskou word,
want die WAT was aanvanklik bedoel om 'n standaard-deskriptiewe woorde-
boek te wees.
    Hier lê vir my 'n byna tragiese mistasting waardeur gulde geleenthede
verpas is. In die dertiger- en veertigerjare het daar juis 'n enorme behoefte
bestaan aan 'n standaard-woordeboek wat sou kon bygedra het tot die stan-
daardisering van Afrikaans. Hierdie standaardisering het hom voltrek *sonder*
die hulp en die rigtinggewende leiding van die WAT. Na die Soweto-opstande
in 1976 en dan veral in die tagtiger- en vröeë neëntigerjare het die verset teen 'n
plek-plek eksklusiewe en onsensitiewe standaardtaal egter tot uiting gekom in
die aandrang op 'n "alternatiewe Afrikaans" wat ook die regiolekte en sosiolek-
te van die hele Afrikaanssprekende bevolking sou verteenwoordig. Ook hier-
die ontwikkeling voltrek hom blykbaar sonder die hulp van die WAT, en weer

eens wil dit voorkom of die Woordeboek uit die pas raak met die ontwikke-
lings in die spraakgemeenskap.

4.   Neologismes, leenwoorde en leenvertalings

Heelwat bronne dateer uit die tagtigerjare en weerspieël dus iets van die meer
resente taalgebruik soos uit onderstaande voorbeelde blyk.

Nuwe woorde van die afgelope drie dekades verraai dikwels Engelse
invloed, bv. **kovert** (Eng. **covert**), **kothuis** (volksetimologies vir Eng. **cottage**),
kwad (Eng. **quad**). Dit geld ook vir leenvertalings soos **kousbroekie** en **broe-
kieskouse** (Eng. **pantihose**), **kweekhuistoestand**, **kweekhuiseffek** (Eng.
greenhouse effect), **kropskêr** (Eng. **crop shears**);   woorde soos **kruisneef**,
kruisniggie is leenvertalings uit swart tale.

Sommige woorde het gekom en gegaan soms sonder dat hulle vermelding
kry: **krimpelien** (sintetiese materiaal uit die sewentigerjare) is byvoorbeeld nie
opgeneem nie, terwyl **krinolien** ("stywe weefstof van perdehaar of katoen") uit
die ou dae wel vermeld en selfs in drie artikels, mét aanhalings bespreek word.
Die meeste neologismes illustreer Afrikaans se byna eindelose vermoë om
samestellings en afleidings te maak, bv. **kykaand**, **kykbaar** wat die nuwe tyd-
perk van TV weerspieël, **krotbuurte**, **kreukelvry**, **krimptraag**, **krimpbaar**,
kruisbaar, **krummelbaar**, **kuierkoop** en die nogal onsuksesvolle **kroostrooster**,
almal uit die jare sestig, sewentig en daarna.

Dit is opvallend dat die AWS dikwels meer resente woordvormings en
uitspraakvariante bevat en daardeur meer progressief voorkom as die WAT
VIII. Die AWS het bv. (uiteindelik!) die totaal verouderde **kosthuis** weggelaat,
terwyl dit in WAT VIII nog steeds as wisselvorm van **koshuis** verskyn. Die
AWS het die (Anglisistiese) variante **kousjer** naas **kosjer**, **kreip** naas **crêpe**, 'n
heerlike nuutskepping soos **kyk-in-die-pot** (Eng. **potluck**) en 'n resente "vak-
term" **KwaZulu** wat in die WAT VIII ontbreek. Die AWS openbaar 'n innove-
rende rigting wat nie in dieselfde mate in die WAT voorkom nie. Die wegla-
ting in WAT VIII van veel gebruikte Anglisismes wat bv. in Van der Merwe en
Ponelis, *Die korrekte woord* (1991) wel opgeneem is, skep die indruk van 'n
normatiewe optrede waardeur dergelike leenwoorde nog nie in die "standaard-
woordeboek" aanvaarbaar is nie.

5.   Lemmas

Uit die Toeligting blyk dat die redaksie hulle behoorlik rekenskap gegee het
van wat hulle as 'n lemma beskou. Hulle definisie is handig en insiggewend:

lemma.   Elk van die leksikale items wat verklaard in die Woordeboek
opgeneem, in vet druk gegee en alfabeties gerangskik word. Onverklaar-

de samestellings en afleidings van sò 'n lemma word binne die stelsel van die Woordeboek nie as lemmas beskou nie maar word afsonderlik gealfa- betiseer en as laaste inskrywing onder die betrokke lemma saamgegroe- peer. (p. ix)

Verreweg die meeste van die nagenoeg 11 000 leksikale items word as aparte lemmas behandel, meer as 7 000 van hulle met verklarings in aparte artikels, en ongeveer 4 000 daarsonder. Dit het sy voor- en nadele. Aan die een kant word die naslaanwerk daardeur vergemaklik, aan die ander kant kan dit tot onnodi- ge, met aanhalings geïllustreerde lemmas lei, wat kosbare ruimte in beslag neem. 'n Mens verwelkom die aparte inskrywings van iteratiewe. Op enkele uitsonderings na (bv. **kreupel-kreupel, kroes-kroes, krom-krom**) word hulle as aparte lemmas behandel en met aanhalings geïllustreer, maar dit sou wens- lik wees om hier 'n vaste beleid te volg.

By wisselvorme word soms onnodige artikels gemaak; bv. word die vari- ante **kruisement, kruisemint, kruisemunt, kruistemint, kruistemunt** met aan- halings in 5 lemmas vermeld, **krokkedel, krokodel** en **krokodil** in 3 lemmas, en **kwaaivriende, kwaaivrinde** en **kwaaivrinne**, ook in 3 lemmas, en almal mét aanhalings. Hier skemer die ou redaksionele onduidelikheid deur, en nog steeds die gebrek aan 'n vaste redaksionele beleid t.o.v. die opname al dan nie van regionale variante.

Seldsame of idiosinkratiese woordvormimgs soos **koster-skoolmeester**, of Adam Tas se spottend bedoelde **krankebedroewer** en die uiters ongewone **kultuureners** is m.i. nie 'n aparte inskrywing werd nie. Hier behoort die redaksie meer selektief te wees. As 'n woord slegs een keer of by een bepaalde skrywer voorkom, is dit nie noodwendig deel van die Afrikaanse leksikon nie. Dan sou 'n mens beslis veel meer gewestelike variante en lekker sêgoed, bv. uit Namakwalandse Afrikaans, Griekwa-Afrikaans ens. moet opneem. In dié ver- band waardeer 'n mens 'n regionale woord soos **kos-my-niks** (volksetimolo- gies uit Eng. **cosmetics**) wat soortgelyk is aan **oliekolonie** (volksetimologies uit Frans **eau de Cologne**).

De kodes in het computerformaat beginnen allemaal met een "_" gevolgd door een specifieke letter. In het onderzoeksformaat wordt alleen nog de morfologische kode toegevoegd. Die hoeft dan niet te worden voorafgegaan door een letter om van alle andere koderingen onderscheiden te zijn.

Bij het semi-automatisch koderen van de tekst worden de te koderen vormen telkens vergeleken met een lijst van items die al eerder gelemmatiseerd zijn: werkwoorden, zelfstandige en bijvoeglijke naamwoorden, voornaamwoorden, voegwoorden, telwoorden enz. Elk lemma bestaat uit een lijst van alle verschillende morfologische vormen die er in geschreven vorm zijn, voorzover ze al in het corpus zijn voorgekomen. Naast gekodeerde tekst wordt dus een tweede output gekreëerd: een lijst van gelemmatiseerde items. Bij elkaar vormen deze twee resultaten een zeer krachtig hulpmiddel bij het systematisch onderzoek van Middelnederlands. Ongeveer de helft van ons corpus is inmiddels van een morfologische kode voorzien. Gedurende deze fase wordt de lijst van gelemmatiseerde items telkens aangevuld. Uiteindelijk ziet onze oorkonde eruit als in figuur 5, waarin zogewenst de aard van de verschillende coderingen nader kan worden gespecificeerd.

```
_o:E109`39509
wj_404_c1-2 ricout_020_n:u-ofn?_c1 ians_022_a4 soen_000_a0
ende_800_p3-4 ian_020 bruns_020_u3
zoen_000 _ldk0 scepene_011 in_700 aemstelredamme_021_k9 _lp0
orconden_204 dat_810 voir_700 ons_404 quam_220 clais_020
godevairds_022_a10 sone_001_a0 ende_800_p3-4 geliede_221 dat_810
hi_403 vircoft_274 heuet_213 pieter_020 minnen_020 enen_484
scepenbrief_000 die_421 sijns_452 vader_000 plach_230 te_700
wesen_250 daer_620_ba4 dese_419_v-3-4 scepenbrief_000_k7
doer_620_ea0 gesteken_274_a0 is_210 _ldk0 ende_800_p3-4
droech_220_bb0 hem_423 daer_610_bc4 alle_321 rechten_214
van_700_ec0 op_220_eb2 _lp0 ende_800_c1_p3-4 clays_020
godevairds_022_a10_v1-10 sone_001_a0_v1-2 geliede_221_a7
r_600_a0 of_600 betaelt_274 te_700 wesen_250 den_474 lesten_104
penninc_000_p3,6 metten_700_474 eersten_314 _ldk0
jn_700_c1 oirkonde_001 desen_414 brieue_001 beseghelt_274
mit_700 onsen_454 seghelen_014 gegheuen_274_c1_p4-8 in_700_a2
t_470_a0 jaer_000 _g1000 _lp0 driehondert_300 _lp0 viue_300
ende_800_a4_p3-4 tneghentich_300_a0
op_700 alre_325_a4 gods_022_a0,4 heilighen_014 dach_000 _ls0
```

Figuur 5: De oorkonde uit figuur 3 omgezet naar onderzoeksformaat.

Een van de lastigste problemen bij het koderen is het disambigueren van homografen. Het is meestal handwerk. Soms is het handig de code al aan te brengen in het invoerformaat, zoals bij eigennamen: *bakker3 = bakker_e* versus *bakker* als beroep. De voorkodering moet zo kort mogelijk zijn, ter voorkoming van extra werk. Disambiguering van homografen kan ook tot stand worden gebracht tijdens het koderen. In de toekomst moet een deel van de homo-

grafen door contekstgevoelige regels automatisch kunnen worden onder-
scheiden.

Zolang ze tot verschillende woordsoorten behoren, kunnen homografen
worden onderscheiden door middel van de taalkundige kode. Zijn het echter
allebei zelfstandige naamwoorden, of werkwoorden, dan kan dat niet. Bijvoor-
beeld, er zijn twee woorden *grave* nl. "comes" en "gracht". Beide worden als
grave_000 gecodeerd. Maar ze behoren tot verschillende lemma's. Wij lossen
dit probleem als volgt op: *grave_000_hl,comes* en *grave_000_hn, gracht*, waar de
"h" = *homograaf*, en de "l" voor *Latijn* als disambiguerende taal staat, de "n" voor
Nederlands. De disambiguering moet zo kort mogelijk zijn, en niet in termen
van etymologie.

Vergelijken we nu de figuren 1, 2, 3 en 5, dan zien we hoe de metamorfose
van archiefstuk tot dokument in onderzoeksformaat in diverse stappen tot
stand gekomen is. Verdere verrijkingen van het onderzoeksformaat blijven in
de toekomst mogelijk.

3.   De klinkers van het werkwoord *ZULLEN*: geografische contrasten

Als het corpus oorkonden eenmaal in onderzoeksformaat (tot op zekere hoogte
ook al in computerformaat) beschikbaar is, kan het leksikografisch of taal-
kundig onderzoek pas goed een aanvang nemen. Veel van dat onderzoek is
woordvorm- of spellingsonderzoek. Soms kan dat direct worden vertaald in
klankverschillen, zonder dat er veel interpretatie aan te pas komt. Dat zullen
wij in deze sectie laten zien aan de hand van de klinkers van het werkwoord
zullen (dat wij hier altijd met een z zullen schrijven: in Van Reenen en Wattel
(1992) hebben wij de spelling met s of z bij o.a. dit werkwoord nader onder-
zocht). Wij beperken ons tot de infinitief en tot de eerste en derde persoon
enkelvoud en meervoud van de tegenwoordige tijd. We vinden hier in het
meervoud korte of lange klinker, *o, u, e,* en in het enkelvoud *zal* of *zel*.

Op basis van een serie kleine programma's hebben wij automatisch tabel-
len tot stand gebracht waarin het voorkomen van *zal* en *zel*, van *zullen, zellen,
zelen, zolen, zoelen* is vastgelegd in termen van plaats en tijd, in totaal meer dan
2.000 vormen.[4]

De resultaten kunnen op kaarten worden weergegeven dankzij program-
matuur ontwikkeld door E. Wattel, zie Wattel (1990). Voor de weergave op de
kaarten heeft elke oorkonde geteld als een getuige. Een oorkonde met meer

---

4   Een kleine toelichting op de programma's voor de kenners: Het gaat om korte program-
maatjes geschreven onder UNIX in de shell: *egreps* en AWK-programmaatjes selecteren
relevante vormen en printen ze op de juiste plaats. Verder wordt gebruik gemaakt van
commando's als *tr* en *sort* gecombineerd met *uniq -c* en *join*, en substitutie-commando's in de
ex. Al deze features zijn standaard onder UNIX beschikbaar. Ze zijn ook op PC beschikbaar:
o.a. onder MINIX of onder MS-DOS via de MKS-toolkit.

dan een relevante vorm telt echter zwaarder dan een oorkonde met slecht één relevante vorm: 1 vorm telt voor 1, 4 vormen voor 2, en 9 vormen voor 3 (de vierkantswortel uit het aantal voorkomens per oorkonde). In de tabel in de Appendix telt een oorkonde als een getuige, ongeacht het aantal relevante vormen.

3.1   Zel en zal

Een eerste resultaat betreft *zel* en *zal*. Het is te zien in tabel 1. Voor de corresponderende dialectkaart, zie Van Reenen (te verschijnen). *Zel* — ongetwijfeld met een [ɛ]-achtige klank uitgesproken — is westelijk, maar komt ook sporadisch in Groningen voor. Van Loey (1966: § 68) komt aardig in de richting als hij *zel* in Holland plaatst. Toch kent Holland ook *zal*, Dordrecht zelfs overwegend. En verder doet ook Utrecht flink met *zel* mee. In de loop van de eeuw spreidt het gebruik van *zel* licht naar het oosten: Amersfoort, en komt de vorm in het noorden in Groningen op. Volgens de gegevens van De Vriendt-De Man (1958) komt *zel* in de 16de eeuw nog voor in Haarlem, maar vooral in Leiden.[5]

Ook in het Afrikaans is de vorm wel eens gesignaleerd, zie Ponelis (1990: § 4.2). In het Kaapse Afrikaans is [səl] normaal. Tenslotte treffen we ook in de moderne Nederlandse dialecten nog resten van het middeleeuwse kaartbeeld aan, zie kaart 1. Weijnen signaleert de vormen ook in Gouda en Katwijk aan Zee (1958: 373, 374 en 370).

3.2   Zellen, Zelen, Zo(e)len, lange klinker en korte klinkers

De frekwenties van de klinkers van *zullen* (infinitief of meervoud) staan in tabel 2 per (deel van een) provincie geordend. *Zellen* hoort bij *zel* te horen, maar vergelijking van tabel 1 en 2 laat zien dat dat geografisch niet helemaal klopt. De vorm is namelijk vooral in Utrecht te vinden, veel minder in Holland, en een

---

5   De Vriendt-De Man (1958) heeft 540 vormen verzameld waarvan 18 *zel*. Het is opmerkelijk hoe sceptisch ze staat tegenover de betrouwbaarheid van haar gegevens: "De taal der ambtelijke documenten ... wemelt van traditionele formules en archaïstische zinswendingen die dikwijls klakkeloos werden overgeschreven uit een ouder, gelijkaardig stuk". Zou zij gelijk hebben, dan heeft haar onderzoek geen zin gehad. Men vraagt zich af waarom zij het heeft uitgevoerd. Nu is vaststellen of een tekst van een 16de-eeuwse oorkonde al dan niet klakkeloos is overgeschreven geen eenvoudige opgave. Zij heeft voor haar scepticisme dan ook geen overtuigend bewijs gevonden. Tot het tegendeel is aangetoond beschouwen wij daarom de informatie die zij aan deze ambtelijke dokumenten ontleent als betrouwbaar. Wel delen wij haar scepsis ten aanzien van de literaire teksten waar zij zich op baseert, zolang die niet nader in tijd en ruimte zijn geplaatst.

enkele vorm in Noord-Brabant. In Noord-Holland lijkt *zellen* in de loop van de eeuw wat af te nemen, in Zuid-Holland en Utrecht wat toe. De vorm komt op in Groningen. Raadplegen we Van Loey (1966: § 68), dan vinden we vooral in Holland en Utrecht andere accenten. *Zellen* zou Noordhollands zijn (p.88) en de vorm zou ook wel eens in Brabant voorkomen (p.90). Het beeld gesuggereerd in Van den Berg en Vermeulen (1973) — in belangrijke mate gebaseerd op een kleine deelverzameling van de gegevens die wij ook hebben gebruikt — klopt beter. In haar 16de-eeuwse gegevens heeft De Vriendt-De Man (1958) de vormen niet meer aangetroffen.

Naast *zellen* is er nog een andere vorm met een e-achtige klinker. Kaart 2 laat zien dat *zelen* een typisch Belgisch Brabantse vorm is met als centrum Brussel. Dat vinden we ook bij Van Loey en Van den Berg en Vermeulen en Goossens (1980: 62) terug. Blijkens De Vriendt-De Man (1958: 213-232) komen ze ook in de 16de eeuw nog veelvuldig in Brussel en omgeving voor: 50 op de 109 vormen.

Uit tabel 2 blijkt verder dat *zoelen* en *zolen* oostelijke vormen zijn, zie ook kaart 3, waar *zoelen* en *zolen* samen tegenover de andere vormen zijn gekarteerd. Van Loey (1966: 88, 91) beschouwt *solen* als Limburgs en Hollands. In het licht van onze 14de-eeuwse kaart moet in Holland die vorm dan wel de laatste der Mohikanen zijn geweest, wellicht ook de eerste. De informatie van Van Loey is op dit punt zeker niet representatief. Voor 13de-eeuwse gegevens, zie ook Van Loey (1952).

Tenslotte valt uit tabel 2 de tegenstelling tussen *zullen* met een enkele *-l-* en *zullen* met een dubbele *-ll-*, af te lezen, een verschil dat algemeen wordt opgevat als tussen *lange klinker* en *korte klinker*. De vorm met dubbel *-ll-* (korte klinker) is duidelijk aan de winnende hand, vooral in Noord-Brabant en in het Noorden, zo leert een nadere analyse van de gegevens.

3.3   Discussie

Uit de kaarten en tabellen die wij hierboven hebben gegeven komt een algemeen verschil naar voren met bestaande kennis. Daar worden vanouds de dialectverhoudingen in algemene termen aangegeven, vaak vaag, een enkele keer ook te precies. Betekent een uitspraak: "*Zellen* komt in Holland voor", dat *zullen* daar niet voorkomt? Of dat *zellen* alleen in een deel van Holland voorkomt? En is dat dan weleens of altijd? Zelfs wanneer Van Loey een vorm met een datering geeft, kunnen we niet weten of die vorm representatief is. Verder worden veel Nederlandse dialectgebieden niet of nauwelijks vermeld: Utrecht, Gelderland en Zeeland schitteren vaak door afwezigheid. De wel vermelde streken zijn soms wel erg groot en niet altijd precies afgebakend: Holland, Brabant, Limburg en Vlaanderen.

Overigens worden Gelderland, Overijssel, Drente en Groningen niet altijd tot het Middelnederlandse taalgebied gerekend, al hebben wij ze wel onder-

zocht. Ook Friesland valt erbuiten. Onze kaarten suggereren dat in Friesland *zel-* en *zellen-*achtige vormen moeten hebben voorgekomen. Raadpleging van Vries (1977) leert dat dit klopt. Het middeleeuwse Fries kent *skel* en *sel*, *skellen* en *sellen*.

4.   Conclusie

Deze studie valt uiteen in twee delen. Het eerst deel had tot doel te laten zien hoe grote bestanden middeleeuwse teksten op computer kunnen worden opgeslagen en zinvol worden ingericht. De inrichting van de bestanden maakt duidelijk hoe de taalgegevens betrekkelijk eenvoudig kunnen worden gebruikt met het oog op o.a. leksikografisch onderzoek. In het tweede deel werd daarom kort een ander aspect van het taalmateriaal belicht dat onvermijdelijk, bij gebrek aan een standaardtaal, door alle taal- en leksikografisch onderzoek uit die periode heen speelt: de spreiding der gegevens in de ruimte (en de tijd). Getoond werd — aan de hand van de klinkers van het werkwoord *zullen* — wat dit type onderzoek aan resultaten kan opleveren. Door grote aantallen gegevens te destilleren uit gedateerde en plaatsgebonden taalgetuigen en die te systematiseren op dialectkaarten en in tabelvorm, kan onze kennis van het Middelnederlands niet alleen taalkundig maar ook leksikografisch met sprongen toenemen.

Verwijzingen

De Vriendt-De Man, M.J. 1958. *Bijdrage tot de kennis van het gebruik en de flexie van het werkwoord ZULLEN in de 16de eeuw.* Koninklijke Vlaamse Academie voor Taal- en Letterkunde, Reeks VI, Nr. 81. Gent.

Erens, M.A. 1950, 1952. *De oorkonden der Abdij van Tongerloo II, III.* Tongerloo: St. Norbertsdrukkerij.

Goossens, J. 1980. *Middelnederlandse vocaalsystemen.* VMA, afl. 2.

Gysseling, M. 1977. *Corpus van Middelnederlandse Teksten (tot en met het jaar 1300).* Reeks I: *Ambtelijke Bescheiden.* 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

Huber, O.C. 1989. *The Construction of Lexically Analyzed Text Corpora on the Computer.* Corpus Based Word Analysis, Report #1, Vakgroep Taalkunde, Vrije Universiteit, Amsterdam.

Moors, Joseph. 1952. *Bouwstoffen tot de historische taalgeografie van het Nederlands, II, De oorkonden-taal in Belgisch-Limburg.* Belgisch Interuniversitair centrum voor Neerlandistiek.

Ponelis, F.A. 1990. *Historiese klankleer van Afrikaans.* Universiteit van Stellenbosch, Annale 1.

Van den Berg, B. en A.G.M. Vermeulen. 1973. 'Zullen' als proefgeval. *De Nieuwe Taalgids* 66: 445-452.

Vangassen, H. 1964. *Bouwstoffen tot de historische taalgeografie van het Nederlands, VIII, Noordhollandse charters.* Belgisch Interuniversitair centrum voor Neerlandistiek.

Van Loey, A. 1952. Een en ander over Mnl. *Sullen.* VMA: 919-922.

Van Loey, A. 1966. *Middelnederlandse spraakkunst* I. Vormleer, 5de druk. Groningen: Wolters.

Van Reenen, P. Te verschijnen. The Study of Medieval Language in the Low Countries: the Good, the Bad and the Future. Medieval Dialectology, Workshop Taxonomy and Typology in Medieval Dialect Studies. Edinburgh, April 1992.

Van Reenen, P. en E. Wattel. 1992. De uitspraak van /s/ en /z/ voor klinker in het Nederlands: zes eeuwen variatie. Bennis, H.J. en J. de Vries. (Red.). 1992. *De binnenbouw van het Nederlands*: 291-309. Dordrecht: ICG Publications.

Vries, O. 1977. *Oudfriese oorkonden*. Vierde deel. (Oudfriese taal- en rechtsbronnen uitgeven door dr. P. Sipma. Veertiende deel.) 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

Wattel, E. 1990. *A Mathematical Model to Describe the Boundary of a Vowel Shift in the Past on the Basis of Data from Contemporary Dutch Dialects*. Rapportnr. WS -359, Mei 1990, Vrije Universiteit Amsterdam.

Weijnen, A. 1958. *Nederlandse dialectkunde*. Assen: Van Gorcum.

Appendix

1	2	3	4
	zal	zel	provincie
01	6.5	1.5	01 = Groningen/Drente
02	10	0	02 = Overijssel
03	11	0	03 = Gelderland
04	11	17	04 = Utrecht
05	8.5	11.5	05 = Noord-Holland
06	4	6	06 = Zuid-Holland West
07	3	2	07 = Zuid-Holland Oost
08	1	0	08 = Zeeland
09	6	1	09 = Noord-Brabant West
10	18	0	10 = Noord-Brabant Oost
11	7	0	11 = Limburg
12	1	0	12 = West-Vlaanderen
13	2	0	13 = Oost-Vlaanderen
14	3	0	14 = Antwerpen
15	4	0	15 = Brabant
16	23	0	16 = Belgisch Limburg

Tabel 1:   Frekwentie van *zal* en *zel* in het 14de-eeuws Middelnederlands.

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
prov	zullen	zellen	zelen	zoelen	zolen	zuelen	zulen	zollen	zoellen
01	26.6	6.2	0.5	6	33.5	0	0	1.2	0
02	18.07	0	0	33.87	29.56	0	5.5	0	1
03	2.83	1	0	15.25	38.31	19.48	6.13	1	0
04	11.33	110.17	0	18	1	0.5	0	0	0
05	49.83	15.17	0	0	0	0	0	0	0
06	20.64	8.36	0	0	0	0	0	0	0
07	40.47	2.53	0	0	1	0	0	0	0
08	50	0	0	0	0	0	0	0	0
09	12.89	4.11	7	4	1	0	0	0	0
10	29.39	0	2	24.22	15.39	0	1	1	0
11	10.5	0	0	2.62	18.88	20	2	0	0
12	71	0	0	0	0	0	0	0	0
13	32.25	1	0.75	0	0	0	0	0	0
14	0	0	7.5	2.83	2.67	1	0	0	0
15	1	0	40	0	2	0	0	0	0
16	19	0	3.5	46.32	44.76	9.42	1	0	1

Tabel 2:   De klinkers van het werkwoord *zullen* in 14de-eeuws Middel-
nederlands

Kaart 1: **Verdeling** *zel* **(donker gebied) versus** *zal* **in 14de-eeuws Middel-nederlands.**

Kaart 2:   Spelling *zelen* (donker) versus andere vormen van *zullen*.

Kaart 3:   **Spelling** *zolen* **of** *zoelen* **(donker) versus andere vormen van** *zullen*.

Komponentontleding as leksikografiese instrument*

I.L. Vos, *Departement Afrikaans, Randse Afrikaanse Universiteit, Suid-Afrika*

Abstract: Componential Analysis as Lexicographical Instrument. One of the most important functions of descriptive dictionaries is to convey semantic information. The lexical meaning of a collection of lexical items must be defined according to certain semantic norms.

One of the lexicographer's major problems is that inadequate semantic norms have been identified and defined for the introduction of encyclopedic information into standard dictionaries. It is for example generally accepted that encyclopedic information has no place in descriptive dictionaries because it describes extralinguistic reality, while descriptive dictionaries should be confined to language. Nevertheless, a complete, clear and unambiguous conveyance of meaning sometimes requires that a certain amount of encyclopedic information should be incorporated in the elucidation of meanings. The lexicographer needs practical guidelines in order to accomplish a proper conveyance of meaning.

Componential analysis can be regarded as an instrument through which the lexicographer can differentiate between components that convey lexical meaning and components that are supplementary and therefore redundant.

Although valid objections can be raised to certain aspects of componential analysis, it should not be completely discarded as a lexicographical instrument. The shortcomings and possible insufficiencies of componential analysis should rather be regarded as a stimulus to enhance the co-operation between the linguist and the lexicographer.

Keywords: COMPONENTIAL ANALYSIS, DEFINITION, DESCRIPTIVE DICTIONARY, ENCYCLOPEDIC INFORMATION, LEXICAL MEANING, LEXICOGRAPHY, SEMANTIC FIELDS, SEMANTIC COMPONENTS, SUBJECT DESCRIPTION

Opsomming: Komponentontleding as leksikografiese instrument. Een van die belangrikste funksies van verklarende woordeboeke is om betekenisinligting te verskaf. Die verklaring van leksikale betekenis moet in ooreenstemming wees met semantiese norme wat vanuit die leksikale semantiek geformuleer moet word.

Semantiese norme vir die hantering van ensiklopediese inligting in handwoordeboeke het tot dusver nie baie aandag van Afrikaanse taalkundiges gekry nie. Daar word byvoorbeeld algemeen aanvaar dat ensiklopediese inligting nie in verklarende woordeboeke tuishoort nie omdat dit die buitetalige werklikheid beskryf, terwyl verklarende woordeboeke op taal en taalgebruik gerig is. Tog is dit soms nodig om 'n hoeveelheid ensiklopediese inligting in 'n betekenisverklaring in te

---

* Hierdie artikel is 'n gedeelte van 'n hoofstuk, met geringe wysigings, uit 'n M.A.-tesis *Semantiese norme in Afrikaanse verklarende woordeboeke* wat in Februarie 1992 deur die Universiteit van Stellenbosch aanvaar is.

sluit om 'n volledige, duidelike en eenduidige betekenisoordrag te bewerkstellig. Ook hiervoor het die leksikograaf praktiese riglyne nodig.

Komponentontleding kan as instrument dien aan die hand waarvan die leksikograaf kan onderskei tussen komponente wat bydra tot die verklaring van leksikale betekenis en komponente wat bloot aanvullend en dus oorbodig ten opsigte van die betekenisverklaring is. Komponentontleding is gebaseer op die aanname dat betekenis 'n deelbare geheel is. Betekenis word beskryf in terme van betekeniskomponente. Daar word drie soorte komponente onderskei, naamlik gemeenskaplike, diagnostiese en supplementêre komponente. Dit is veral die diagnostiese komponente wat leksikale betekenis oordra en in die definisie gebruik behoort te word.

Alhoewel daar geldige besware teen sekere aspekte van komponentontleding geopper kan word, mag komponentontleding as leksikografiese instrument nie summier verwerp word nie. Die gebreke of tekortkominge kan liewer beskou word as 'n stimulus tot groter samewerking tussen die leksikograaf en die teoretiese taalkundige.

Sleutelwoorde: BETEKENISKOMPONENTE, DEFINISIE, ENSIKLOPEDIESE INLIGTING, KOMPONENTONTLEDING, LEKSIKALE BETEKENIS, LEKSIKOGRAFIE, SAAKBESKRYWING, SEMANTIESE VELDE, VERKLARENDE WOORDEBOEK

1.   Inleiding

Die belangrikste funksie van verklarende handwoordeboeke is om leksikale betekenis te verskaf. Leksikale betekenis moet verklaar word in ooreenstemming met semantiese norme wat vanuit die leksikale semantiek geformuleer moet word. Die leksikograaf se probleem is egter dat daar nog maar min semantiese norme geïdentifiseer is en die norme wat wel geformuleer is, word nie altyd na behore uitgespel nie.

In die Afrikaanse leksikografie het semantiese norme vir die hantering van ensiklopediese inligting in verklarende woordeboeke tot dusver nie baie aandag gekry nie. Daar word beweer dat ensiklopediese inligting uit verklarende woordeboeke geweer moet word omdat dit op die buitetalige werklikheid dui, terwyl verklarende woordeboeke op taal en taalgebruik gerig is. Alhoewel daar reeds telkemale kritiek teen 'n oormaat ensiklopediese inligting in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (voortaan afgekort tot WAT) uitgespreek is (Combrink 1979; Odendal 1979; Gouws 1985), word min praktiese riglyne verskaf vir die korrekte leksikografiese hantering van ensiklopediese inligting in handwoordeboeke.

Die heftige kritiek teen die ensiklopediese werkswyse in die WAT het waarskynlik daartoe bygedra dat leksikograwe so sku vir ensiklopediese inligting geword het dat kriptiese en daarom soms ook onvolledige betekenisverklarings in Afrikaanse verklarende handwoordeboeke verskyn het. 'n Voorbeeld van so 'n onbevredigende definisie kom uit die sesde uitgawe van die *Nasionale Woordeboek* (voortaan afgekort tot NW):

geelbek: "soort vis".

In die sewende, hersiene uitgawe van die NW is daar heelwat minder sulke definisies, maar onvolledige betekenisverklarings kom tog nog voor:

kataplasma: "pleister van warm pap."

In die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (voortaan afgekort tot HAT) se definisie van dieselfde lemma is daar meer ensiklopediese inligting, maar dit is duideliker:

kataplasma: "sagte pap, bv. van brood, semels, of klei, met warm water aangemaak, wat op 'n ontsteekte plek geplak word."

Vergelyk ook die definisies van **sikofant** in die HAT en die NW:

sikofant: "beroepsverklikker." (HAT)
sikofant: "verklikker (wat deur die polisie betaal word)." (NW)

Uit die bostaande voorbeelde is dit duidelik dat ensiklopediese inligting soms ook in 'n handwoordeboek funksioneel kan wees omdat dit kan bydra tot 'n volledige en duidelike betekenisverklaring. Die leksikograaf kan dus nie summier alle ensiklopediese inligting uit woordeboekartikels weglaat nie.

Die semantiese norm wat 'n verbod wil plaas op ensiklopediese inligting in verklarende handwoordeboeke moet aangepas word en kan soos volg lui:

Ensiklopediese inligting in woordeboekartikels moet tot die minimum beperk word. Waar dit wel toegelaat word, moet dit die betekenisbeskrywing ondersteun sodat die lemma eenduidig onderskei word.

As dit by die praktiese toepassing van hierdie norm kom, ondervind die leksikograaf dikwels probleme. Dit is moeilik om te besluit hoeveel ensiklopediese inligting aanvaarbaar is. Vergelyk byvoorbeeld die volgende definiense wat in drie verskillende handwoordeboeke by die lemma **wolf** verskyn:

"Erect-eared, straight-tailed, harsh-furred, tawny-grey, wild, gregarious, carnivorous quadruped allied to dog preying on sheep, etc. or combining in packs to hunt larger animals." (Concise Oxford Dictionary)

Die HAT laat 'n bietjie minder ensiklopediese inligting toe:

"Enigeen van 'n aantal vraatsugtige roofdiere van die Hondegeslag (*Canis*), wat groot skade onder veee (sic), wild, beeste aanrig, en, in 'n groep, die mens aanval, veral die soort *C. lupus*."

In die NW word net 'n kort, kernagtige definiens gegee:

"groot, hondagtige roofdier."

Uitsprake in die geraadpleegde literatuur oor die insluiting van ensiklopediese inligting is baie vaag. Vergelyk byvoorbeeld:

"The definition should be sufficiently specific, but not overspecific" (Zgusta 1971: 254).

Volgens Crystal (1986: 75) is een van die vereistes waaraan die "ideale woordeboek" moet voldoen "thoroughness of treatment".

Leech (1974: 204) beweer: "Encyclopedic information about the referents of the item is often added for good measure".

"If the definer uses ambiguous wording, he may write definitions which are too broad. (...) The definer must also be wary of making either the genus or differentiae too broad or inaccurate" (Kipfer 1984: 68).

Daar bestaan 'n behoefte aan praktiese riglyne ten opsigte van die insluiting van ensiklopediese inligting in 'n woordeboekartikel.

2.   Ensiklopediese inligting

Ensiklopediese inligting kan verdeel word in drie soorte. Gouws (1989: 186) onderskei tussen saakbeskrywing en gebruiksbeskrywing. 'n Derde soort ensiklopediese inligting is tegniese of wetenskaplike beskrywings. Die verdeling van ensiklopediese inligting in saak-, gebruiks- en tegniese beskrywings vergemaklik die identifisering van probleme in verband met hierdie soort inligting in handwoordeboeke. Semantiese norme waarvolgens die leksikograaf ensiklopediese inligting kan hanteer, kan sodoende meer spesifiek en praktykgerig geformuleer word.

In hierdie artikel word daar hoofsaaklik na saakbeskrywing verwys omdat komponentontleding veral by soortname gebruik word. Die term saakbeskrywing dui op 'n beskrywing van die saak waarna 'n bepaalde leksikale item verwys. Saakbeskrywing kan as 'n soort ensiklopediese inligting beskou word omdat dit met die buitetalige werklikheid te make het. Die ooreenkoms tussen saakbeskrywing en verwysing kan daartoe aanleiding gee dat alle elemente van saakbeskrywing summier uit die woordeboekartikel gehaal word. Dit kan egter veroorsaak dat sommige betekenisverklarings onvolledig en dubbelsinnig sal wees. Die leksikograaf moet soms 'n bietjie ensiklopediese inligting in die vorm van saakbeskrywing in 'n betekenisverklaring insluit omdat saakbeskrywing in sekere gevalle funksioneel ten opsigte van 'n eenduidige betekenisoordrag kan wees.

3.   Komponentontleding

Volgens Gouws "bied (komponentontleding) aan die leksikograaf 'n betroubare hulpmiddel om betekenis op 'n sistematiese en doeltreffende manier van buitetaalkundige inligting te onderskei" (1989: 191).   Komponentontleding is 'n uitvloeisel van die teorie oor semantiese velde.   Die teorie het binne die strukturele semantiek ontstaan en behels dat leksikale items gekategoriseer of gegroepeer word op grond van 'n gemeenskaplike betekeniskenmerk.   'n Leksikale item in 'n semantiese veld staan in 'n bepaalde verhouding tot die ander items binne dieselfde kategorie of veld.   Die behoefte aan 'n metode om ooreenkomste en verskille tussen die lede van 'n semantiese veld te beskryf, het gelei tot die ontwikkeling van komponentontleding.

Komponentontleding is gebaseer op die aanname dat betekenis 'n deelbare geheel is.   Betekenis word dus beskryf in terme van betekeniskomponente. Die leksikale item **man** se betekenis word byvoorbeeld voorgestel deur die semantiese kenmerke [+ menslik], [+ volwasse] en [+ manlik], terwyl **vrou** se betekeniskomponente [+ menslik], [+ volwasse] en [+ vroulik] is.

Louw (1985: 59 e.v. en 1985a: 159) onderskei drie soorte komponente wat vir die leksikograaf belangrik is, naamlik gemeenskaplike, diagnostiese en supplementêre komponente.   Leksikale items word op grond van hul gemeenskaplike betekeniskomponente in 'n semantiese veld gegroepeer.   Die leksikale items **stoel** en **bank** deel die betekeniskomponente [meubel] en [sitplek] en word dus in dieselfde semantiese veld geplaas.   Binne die semantiese veld word die leksikale items van mekaar onderskei met behulp van diagnostiese komponente:

stoel:	[+ vir een persoon]
bank:	[+ vir meer as een persoon].

Volgens Louw (1991: 117) is die betekenis van 'n leksikale item 'n stel semantiese komponente.   Hy verduidelik dat betekenis "beswaarlik anders aangedui (kan) word as met 'n omvattende definisie".   Hierdie "omvattende definisie" is 'n parafrase van die leksikale item se semantiese komponente.   Die semantiese komponente word op 'n informele manier omskryf sodat elke deel van die definisie 'n betekeniskomponent is. (Vergelyk Lehrer 1974: 46.) Dit is veral die diagnostiese komponente wat in die definisie voorkom.   "The process of defining would seem to be simply another form of paraphrase. In a sense this is true, but defining is a highly specialized form of paraphrase and is rarely used in actual language situations. It consists essentially in combining all the various specific paraphrases into a single statement based on the diagnostic components of the particular meaning in question" (Nida 1979: 65).

In die NW word **vrou** onder andere gedefinieer as "'n vroulike persoon van volwasse leeftyd".   Die leksikale items **eggenote, weduwee, oujongnooi, meisie** en **dame** besit almal die semantiese kenmerk [+ vroulik].   Hulle word

dus in die semantiese veld "vrou" gegroepeer en daarna van mekaar onderskei op grond van hul diagnostiese kenmerke:

eggenote:	[+ getroud]
weduwee:	[+ was getroud]; [+ man oorlede]
oujongnooi:	[- getroud]; [-jonk]
meisie:	[- getroud]; [+ jonk]
dame:	[+ hoë opvoedingspeil]; [+ beskaafd]

In die woordeboekdefinisies word die diagnostiese komponente informeel omskryf:

eggenote:	"vrou met wie 'n man getroud is." (NW)
weduwee:	"vrou wie se man oorlede is." (NW)
oujongnooi:	"ouerige, ongetroude vrou." (NW)
meisie:	"jong, ongetroude vrou." (NW)
dame:	"beskaafde of fyn opgevoede vrou." (NW)

Siektes soos masels, pampoentjies en waterpokkies deel die betekeniskompo-nente [+ kindersiekte] en [+ aansteeklik] en word van mekaar onderskei op grond van diagnostiese kenmerke wat verband hou met die sigbare simptome van die siektes, soos byvoorbeeld uitslag, klierswelling en blasies. Die definisies van hierdie lemmas is informele omskrywings van die betekeniskomponente:

masels:	"aansteeklike koors(siekte) veral by kinders, met 'n uitslag van klein rooi vlekkies oor die liggaam." (NW)
pampoentjies:	"aansteeklike siekte met swelling van die kliere." (NW)
waterpokkies:	"aansteeklike kindersiekte met blasies op die lyf." (NW)

As die leksikograaf nie van komponentontleding (en die veldteorie) gebruik maak nie, kan dit gebeur dat die betekenisverklaring onvolledig is of dat die verband tussen lede van 'n semantiese veld vir die gewone woordeboekgebruiker verlore gaan.

Volgens die HAT se definisies word die drie lemmas nie in dieselfde semantiese veld gegroepeer nie:

masels:	"Aansteeklike kindersiekte met rooi uitslag as kenmerk."
pampoentjies:	"Aansteeklike siekte; gekenmerk o.a. deur die opswel van speekselkliere."
waterpokkies:	"Onskuldige velsiekte wat soos pokkies lyk."

'n Voordeel van komponentontleding is dat dit tot 'n sterker patroonmatigheid in die betekenisbeskrywing aanleiding gee. Die leksikograaf wat van kompo-

nentontleding gebruik maak, word gedwing om paradigmaties te dink en te werk. Dit kan dan daartoe bydra dat betekenisinligting korrek en volledig aangebied word en dat lede van dieselfde veld op 'n soortgelyke manier behandel word.

4.   Probleme in verband met komponentontleding

Die leksikograaf ondervind dikwels probleme met die identifisering van betekeniskomponente. Dit is maklik om die leksikale items **lemoen, suurlemoen, nartjie** en **pomelo** in die semantiese veld "sitrus(vrug)" te groepeer, maar as dit by die identifisering van diagnostiese komponente kom, word die saak ingewikkelder. Vergelyk byvoorbeeld die definisies van hierdie lemmas in die NW:

lemoen:	"sitrusvrug met baie huisies, soet sap en oranje skil, wat in warm streke voorkom, Citrus sinensis."
suurlemoen:	"soort sitrusvrug met 'n hoë suurgehalte."
nartjie:	"geurige sitrusvrug met 'n los, dun skil."
pomelo:	"bitterige sitrusvrug, veral as voorgereg geëet, Citrus grandis."

Al vier die lemmas word in die semantiese veld "sitrusvrug" geplaas, maar die aard van die diagnostiese komponente verskil aansienlik. Ter wille van suiwer en effektiewe betekenisoordrag moet soortgelyke lemmas soortgelyke definiense kry. Die hiërargie van komponente in die verklarings van lemmas wat tot dieselfde semantiese veld behoort, moet so ver moontlik ooreenstem.
    Die HAT se hantering van die lemmas onder bespreking is ook nie konsekwent nie. Die lemma **suurlemoen** is nie direk in die semantiese veld "sitrus(vrug)" geplaas nie en die lemma **nartjie** word nie met behulp van diagnostiese komponente van ander sitrusvrugte onderskei nie. (Die in- of uitsluiting van Latynse terme word nie hier behandel nie.)

lemoen:	"Sappige sitrusvrug met soet sap en oranje skil; *Citrus sinensis.*" (HAT)
suurlemoen:	"Liggeel lemoen ryk aan vitamine C, met 'n baie suur sap, gebruik om voedsel smaaklik te maak en vir dranke." (HAT)
nartjie:	"Sitrusvrug; *Citrus recticulata* (sic)." (HAT)
pomelo:	"Groot, geel sitrusvrug met suur-bitter smaak, wat veral by die ontbyt geëet word. *Citrus paradisi.*" (HAT)

Die betekenisverklarings van **lemoen, suurlemoen, nartjie** en **pomelo** sou soos volg kon lyk:

lemoen:	"sitrusvrug met oranje skil en soet sap."
suurlemoen:	"sitrusvrug met geel skil en suur sap."
nartjie:	"sitrusvrug met los, oranje skil en geurige sap."
pomelo:	"groot sitrusvrug met gelerige skil en bitter sap."

Sitrusvrug dien as genus in die definisies van die verskillende soorte sitrusvrugte. **Sitrus(vrug)** moet ook as lemma in die woordeboek opgeneem en verklaar word. Die betekenisverklaring van **sitrus** kan soos volg lyk:

> **sitrus:** "algemene benaming vir lemoene, suurlemoene, pomelo's en ander vrugte van die geslag *Citrus*. Dit is sappige vrugte met sagte huisies in 'n dik skil, aangetref aan immergroen bome."

Die leksikograaf moet dikwels met komponente werk wat nog nie elders gebruik is nie. Hy kan nie net op gestandaardiseerde universele komponente soos byvoorbeeld [menslik], [manlik], [volwasse] staatmaak nie. Leksikografie vra om 'n produktiewe identifisering van komponente. Dit vereis oorspronklike navorsing en denke.

Nog 'n probleem vir die leksikograaf is die onderskeid tussen diagnostiese en supplementêre komponente. Supplementêre komponente verskaf bykomende inligting wat gewoonlik as ensiklopediese inligting beskou word omdat dit aanvullend is en nie altyd bydra tot die eenduidige betekenisverklaring van die leksikale item nie.

Die leksikale item **bank** het die volgende betekeniskomponente:

[+ meubel]
[+ sitplek]
[+ vir meer as een persoon]
[+ of - rugleuning]

Die betekeniskomponent [+ vir meer as een persoon] het 'n diagnostiese funksie, want dit dui die verskil tussen **stoel** ([+ vir een persoon]) en **bank** aan. Die betekeniskomponent [+ of - rugleuning] is nie nodig om die betekenis van **bank** eenduidig te verklaar nie. Dit is 'n aanvullende of supplementêre komponent wat die saak beskryf en daarom uit die definisie weggelaat moet word.

In die HAT word die supplementêre komponent wel in die definisie van **bank** opgeneem:

> **bank:** "Meubel met of sonder leuning vir meer as een persoon om op te sit."

Die NW vermy hier onnodige saakbeskrywing:

bank: "langwerpige sitmeubelstuk vir 2 of meer persone."

Ander voorbeelde van definisies wat onnodige supplementêre komponente bevat, is die volgende:

skottel: "Houer van wisselende vorm, met of sonder ore, om kos in op te dien of om iets in te bewaar, te was, ens." (HAT)

skottel: "diep of vlak bak van erdewerk of metaal vir die bediening en voorbereiding van kos en vir wasdoeleindes." (NW)

pot: "Houer van erdewerk, metaal e.d., gewoonlik rond en wyd, met of sonder deksel en pote, waarin allerlei stowwe bewaar word." (HAT)

transistor: "Betreklik klein, ligte, duursame apparaat om elektriese stroom te versterk en (of) in een rigting te laat vloei, bestaande uit 'n sg. halfgeleier, soos 'n spesiaal bewerkte kristal van germanium of silikon, wat voorsien is van twee geleidende draadjies (elektrodes), op so 'n manier aangebring dat as stroom, bv. van 'n lugdraad, langs een van die draadjies in die halfgeleier ingevoer word onderwyl die kristal deur 'n stroombron (battery) van elders gevoed word, 'n versterkte stroom die halfgeleier by die ander elektrode verlaat — gebruik bv. in radiostelle i.p.v. die gewone radiogloeilampies (elektronbuise)." (HAT)

torium: (chemie, fis.) Grys, radioaktiewe, metallieke element, simbool Th, wat by 1845 °C smelt, die 90ste posisie inneem i/d sisteem van elemente, baie langsaam onder die uitsending van strale omgevorm word i/d eerste van 'n reeks radioaktiewe elemente, wat agtereenvolgens in mekaar oorgaan totdat uiteindelik lood bereik word, en wat dien as grondstof vir die bereiding van 'n vorm van uraan wat bruikbaar is as brandstof in kernreaktors; so genoem na Thor, god van die donder." (HAT)

bilharziase: "Siekte veroorsaak deur slakwurms (*Schistosoma*) wat in vars water in tropiese streke voorkom; hulle boor deur die vel, trek deur die weefsels tot in die blaas en ingewande waar hul doringagtige eiertjies bloeding veroorsaak en na uitwerping weer 'n nuwe kringloop van besmetting in slakke aan die gang sit;   rooiwater." (HAT)

Alhoewel supplementêre komponente beskou word as aanvullende inligting wat nie noodwendig bydra tot eenduidige betekenisverklarings nie, is daar tog lemmas waarvan die definisies 'n hoeveelheid supplementêre komponente moet bevat — juis ter wille van eenduidige betekenisonderskeidings. Dit is veral by hiponieme dat supplementêre komponente suksesvol gebruik kan word. Om bloot net te sê dat 'n galjoen of 'n baber 'n soort vis (superordinaat) is, is nie voldoende nie. Supplementêre komponente kan aangewend word om tussen die verskillende hiponieme te onderskei.

baber:	"enigeen van verskeie soorte varswatervisse met slymerige vel sonder skubbe en met baard aan die bek." (NW)
baber:	"Varswatervis sonder skubbe met baard om die bek." (HAT)
blaasop:	"enigeen van verskeie vissoorte wat sy liggaam kan opblaas." (NW)
blaasop:	"Kleinerige, giftige vissie wat sy lyf kan opblaas, veral *Tetrodon honckeni*, 'n groen vis met geel kolle; bontstefanie. (HAT)
galjoen:	"stompvormige vis, gewild by hengelaars; Coracinus capensis." (NW)
galjoen:	"Eetbare seevis, *Coracinus capensis*, wat aan die Suid-Afrikaanse kus voorkom en van 1 tot sowat 5 kg weeg." (HAT)
salm:	"vis met lekker rooi of ligroos vleis wat uit die see in riviere opswem om kuit te skiet, Salmo salar." (NW)
salm:	"Groot soort seevis, bruinerig van kleur met silwer sye, wat in varswater van riviere aanteel." (HAT)
snoek:	"groot, roofsugtige, trekkende en eetbare seevis." (NW)
snoek:	"Byna gladde, getande seevis, *Thyrsites atun*, blouswart met klein skubbetjies, tot 102 cm lank, wat aan ons kuste op gesette tye in skole voorkom en as eetvis veral gesout verkoop word." (HAT)

Uit die definisies van vissoorte blyk dit dat daar geen vaste of absolute reël is vir die in- of uitsluiting van sekere betekeniskomponente nie. Die norm wat gestel word, is bloot 'n riglyn, naamlik dat betekeniskomponente wat 'n diagnostiese funksie het in die definisie opgeneem kan word, selfs al is dit saakbeskrywing. Selfs supplementêre komponente is aanvaarbaar, met die voorwaarde dat dit moet bydra tot eenduidige betekenisonderskeidings. Die leksikograaf, as taalkundige wat vertroud is met die leksikale semantiek, moet self oordeel wanneer supplementêre komponente gebruik kan word en hoeveel daarvan nodig is.

Die status van semantiese komponente is in die semantiekteorie nog problematies, juis omdat daar nie vaste reëls of formules neergelê kan word om te

bepaal watter kenmerke belangriker as ander is nie. Die leksikograaf moet dus in 'n groot mate op sy eie taalgevoel of intuïsie en sy eie toepassing van teore-tiese taalkundige beginsels staatmaak.

5.   Definiëring van abstrakte begrippe

Een van die groot punte van kritiek teen komponentanalise is dat dit slegs met eenvoudige en konkrete begrippe werk. Die voorbeelde wat in die semantiek-teorie gebruik word, is eenvoudige begrippe wat relatief maklik in betekenis-komponente verdeel kan word en dit wil voorkom asof daar van moeilike en abstrakte begrippe weggeskram word.. Die leksikograaf het die probleem dat hy nie linguistiese kriteria vir die hantering van sodanige begrippe uit die lek-sikale semantiek kry nie. Samewerking tussen die teoretiese semantikus en die leksikograaf ly soms skipbreuk omdat die teoretikus sy teorie rondom studeer-kamervoorbeelde kan bou, terwyl die leksikograaf werklike voorbeelde met behulp van die teorie moet verklaar.

Die feit dat komponentanalise nie die hele leksikon dek nie, beteken nie dat dit heeltemal verwerp moet word nie. Komponentontleding kan gebruik word as hulpmiddel vir suiwer betekenisverklaring by die leksikale items waarop dit wel toegepas kan word. Vir abstrakte begrippe sal dit dalk beter wees om ook 'n ander metode van betekenisontleding en -verklaring te ontwik-kel. Die inkonsekwentheid en/of onvolledigheid van definisies van abstrakte selfstandige naamwoorde in die HAT en die NW toon dat hier nog baie ruimte vir navorsing in die semantiek en die leksikografie is. Vergelyk in die verband die definisies van jaloesie, afguns, naywer, nyd in die NW; smart, hartseer in die HAT en blydskap, haat, ekstase in die NW en die HAT.

6.   Binêre opposisies

Dit lyk asof komponentanalise net met binêre opposisies werk. Leksikale items wat nie noodwendig positief of negatief is nie, maar neutraal staan met betrek-king tot 'n bepaalde kenmerk, lewer probleme. Die leksikale item bul het onder andere die kenmerk [+ manlik] en koei is [+ vroulik], maar bees is onge-merk ten opsigte van die kenmerk [manlik]. Binne die geformaliseerde teorie van komponentontleding kan die kenmerk nie net weggelaat word nie, maar dit word byvoorbeeld as [± manlik] gemerk. Die konteks bepaal of die ken-merk [+ manlik] of [- manlik] (laasgenoemde soms geïmpliseer deur [+ vrou-lik]) aan die leksikale item toegeken kan word.

In die woordeboek werk dit anders. As 'n leksikale item neutraal staan teenoor 'n bepaalde kenmerk, word die kenmerk uit die definisie weggelaat sodat die lemma semanties ongemerk is wat die kenmerk betref.

bees:	"herkouende soogdier met gesplete hoewe, gew. met horings, aangehou vir melk- en vleisproduksie en as trekdier." (NW)
bul:	"manlike bees; stier." (NW)
koei:	"vroulike bees wat al gekalf het." (NW)

Die feit dat komponentontleding skynbaar met binêre opposisies werk, bring probleme mee as dit kom by gradeerbare teenoorgesteldes, soos byvoorbeeld **warm** en **koud** wat tussen hulle ook nog **lou** en **koel** het. In 'n poging om die gradeerbare verskille te formaliseer, word daar van syfers gebruik gemaak om die skaalwaardes aan te dui. Die syfers 1, 2, 3, ens. in [1 temperatuur], [2 temperatuur], [3 temperatuur], ens., verwys na verskillende skaalwaardes van die onderskeidende kenmerk [temperatuur] (De Stadler 1989: 111).

Ook die relatiwiteit van sekere betekeniskomponente is 'n probleem vir semantici. **Groot** en **klein, oud** en **jonk, soet** en **suur** het nie noodwendig vaste betekeniswaardes nie. 'n Soet suurlemoen kan byvoorbeeld suurder wees as 'n suur lemoen en 'n groot mier kan steeds as klein beskryf word. Volgens De Villiers (1975: 65) het dit "min waarde om iets soos *grootte* as onderskeidende kenmerk te kies want dit lewer nie so maklik 'n plus of minus nie, *grootte* is immers 'n betreklike begrip ... Ons moet dus vermy om gradeerbare verskille as kenmerke te kies."

Die leksikograaf kan formaliseringsprobleme ten opsigte van die gradeerbaarheid en relatiwiteit van betekeniswaardes in 'n mate omseil omdat 'n woordeboekdefinisie 'n informele weergawe van betekeniskomponente is. In sy omskrywing van betekeniskomponente kan die leksikograaf gebruik maak van beskrywende woorde soos bywoorde en byvoeglike naamwoorde om die relatiwiteit van 'n begrip aan te dui. Daarby kan voorbeeldmateriaal (sitate en poëme) aangewend word om die betekenisverklaring toe te lig. Vergelyk die volgende voorbeelde:

klein:	"Betreklik gering van afmeting; nie groot nie." (HAT)
groot:	"Van meer as normale afmeting." (HAT)
kort:	"1a. Van geringe lengte vergeleke met die normale, gemiddelde: 'n Kort rok, mannetjie. (...) Kort bene, vingers, naels, horings." 1b. Wat nie die nodige maat bereik nie, maar nie noodwendig van geringe lengte nie: Die kortste pad kies. Jy het die draad te kort geknip." (HAT)
lank:	"Wat 'n sekere lengte het; wat in die lengte groot is: 'n Lang man. Die pad is lank en eentonig." (HAT)
koud:	"met 'n lae warmtegraad; nie warm nie." (NW)
koel:	"aangenaam, fris, of nie warm genoeg nie." (NW)
lou:	"tussen warm en koud, effens warm." (NW)
warm:	"met 'n taamlike hoë temperatuur, minder as heet." (NW)
heet:	"gekenmerk deur 'n hoë temperatuur; baie warm." (NW)

7.   Slot

Al is daar heelwat probleme rondom komponentontleding, mag die waarde van hierdie leksikografiese instrument nie onderskat word nie. Komponent-ontleding is 'n nuttige hulpmiddel vir die leksikograaf om 'n onderskeid te tref tussen komponente wat leksikale betekenis help vorm en komponente wat as oorbodige ensiklopediese inligting beskou kan word. Deur middel van kom-ponentontleding kan onnodige ensiklopediese inligting (saakbeskrywing) in woordeboekartikels vermy word. Met komponentontleding word daar gepoog om sistematies te werk (Lehrer 1974: 46). Dit dra by tot volledige, duidelike en eenduidige betekenisverklarings wat die verklarende handwoordeboek vir die gewone woordeboekgebruiker meer toeganklik maak.

Verwysings

1.   Woordeboeke

De Villiers, M. e.a. 1987[7]. *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou.
Fowler, H.W. en F.G. Fowler (Reds.). 1964[5]. *The Concise Oxford Dictionary of Current English*. Oxford: Oxford University Press.
Odendal, F.F. e.a. 1979[2]. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Doornfontein: Pers-kor.

2.   Ander bronne

Combrink, J.G.H. 1979. Die sesde deel van die W.A.T. *Standpunte* 140, 32(2): 49-64.
Crystal, D. 1986. The Ideal Dictionary, Lexicographer and User. Ilson, R. (Red.). 1986: 72-81.
De Stadler, L.G. 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.
De Villiers, M. 1975. *Die semantiek van Afrikaans*. Kaapstad: HAUM.
Gouws, R.H. 1985. Die sewende deel van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. *Standpunte* 178, 38(4): 13-25.
Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie*. Pretoria: Academica.
Ilson, R. (Red.). 1986. *Lexicography: An Emerging International Profession*. Manchester: Manchester University Press.
Kipfer, B.A. 1984. *Workbook on Lexicography*. Exeter: A. Wheaton and Co. Ltd.
Leech, G. 1974. *Semantics*. Harmondsworth: Penguin.
Lehrer, A. 1974. *Semantic Fields and Lexical Structure*. Amsterdam: North-Holland.
Louw, J.P. (Red.). 1985. *Lexicography and Translation*. Kaapstad: Bybelgenootskap van S.A.
